# 'N ONDERSOEK NA DIE VERBAND TUSSEN SELF-AANVAARDING EN AANVAARDING VAN ANDERE BY MANSTUDENTE.

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM
(Sielkunde)

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

deur

JOHANN FREDERIK PRINSLOO, HONNS.- B.A.

Bloemfontein.
September 1965.

# INHOUDSOPGAWE.

Bladsy.

Bedankings .................................... i
Lys van Tabelle ................................ ii
Probleemstelling ............................... 1

Hoofstuk 1 - 'n Analise van selfaanvaarding en aanvaarding van andere. ............ 3

1. Die begrip selfaanvaarding ................... 3
2. Die ontstaan en ontwikkeling van nie-selfaanvaarding ................................ 5
3. Eienskappe van nie-selfaanvaarding en sy gevolge ...................................... 12
4. Eienskappe van selfaanvaarding .............. 26
5. Oorgang van nie-selfaanvaarding na selfaanvaarding ..................................... 31
   (a) Normale oorgang na selfaanvaarding ....... 31
   (b) Oorgang na selfaanvaarding op grond van psigoterapie ............................. 33
6. 'n Eie beskouing op prinsipiële grondslag ... 36

Hoofstuk 2 - 'n Empiriese ondersoek van selfaanvaarding en aanvaarding van andere by manstudente. ................... 39

1. Inleiding .................................... 39
2. 'n Oorsig van enkele navorsings in verband met selfaanvaarding en aanvaarding van andere by groepe normale en afwykende persone .......... 39
   (a) Houdings teenoor die self en teenoor andere 39
   (b) Probleme en gebreke in navorsing van selfaanvaarding ............................. 46
   (c) Sosiale wenslikheid ..................... 54
   (d) Beplande navorsing ...................... 60
3. Die samestelling van 'n selfaanvaarding-inventaris .................................. 61
4. Maatstawwe vir die meting van aanvaarding van andere ...................................... 67

Hoofstuk 3 - Metode en Resultate. ............... 95

1. Proefpersone en metode ....................... 95
2. Betroubaarhede ............................... 96
3. Korrelasies tussen SA.-Inventaris en maatstawwe van aanvaarding van andere ........... 100
4. Interkorrelasies van verskillende maatstawwe van aanvaarding van andere .................. 101
5. Bespreking van resultate ..................... 105

Hoofstuk 4 - 'n Samevattende oorsigtelike beskouing ........................... 121

Opsomming .................................... 139
Summary ...................................... 141
Bibliografie ................................. 143

Bylaag 1 ..................................... 148
Bylaag 2 ..................................... 159
Bylaag 3 ..................................... 171
Bylaag 4 ..................................... 176
Bylaag 5 ..................................... 178

## BEDANKINGS.

Ek wens graag die volgende persone te bedank vir hulle waardevolle hulp: eerstens Prof. Dr. D.J.W. Strümpfer, voorheen verbonde aan P.U. vir C.H.O. en tans Departementshoof aan die Universiteit van Port Elizabeth, vir die leiding en hulp wat ek van hom ontvang het. Onder sy leiding het ek hierdie studie begin en die empiriese navorsing gedoen. Met sy vertrek na Port Elizabeth, moes sy leierskap beëindig word. Aan my huidige leier, Prof. Dr. J.M. Hattingh, Departementshoof van Sielkunde, P.U. vir C.H.O., my opregte dank en waardering dat hy op 'n gevorderde stadium van hierdie studie, bereid was om leiding te gee met 'n taak wat deur Prof. Strümpfer begin en reeds ver gevorderd was, voort te gaan. Vir sy waardevolle hulp en leiding en die nuwere insigte waartoe ek kon kom, my opregte dank.

My dank en waardering aan al die proefpersone deur wie hierdie ondersoek moontlik gemaak is.

My innige dank aan my eggenote Marie en ons dogter Niilo vir hulle volgehoue aanmoediging en ondersteuning waarsonder hierdie produk nie 'n sukses sou wees nie. Hierdie werk word dan ook uit erkentlik aan hulle opgedra.

Ook baie dankie aan Mnr. J.R. Verster wat verantwoordelik was vir die taalkundige versorging van die verhandeling. Aan die tikster, Mej. L. Calitz, baie dankie vir die netjiese tikwerk.

Aan my ouers, familie en vriende 'n woord van dank vir u opregte belangstelling, asook aan ander persone en instansies wat behulpsaam was.

Bo alles aan God die dank en eer!

# LYS VAN TABELLE.


| Tabel. | | Bls. |
|---|---|---|
| 1. | Klassifikasie van vraelyste van self-aanvaarding (volgens Crowne & Stephens, 1961, p. 105) ........................ | 53 |
| 2. | Betroubaarheidskoëffisiënte van maatstawwe volgens die resultate behaal deur 84 manstudente ........................ | 99 |
| 3. | Korrelasie van die SA.-Inventaris met elk van die maatstawwe van aanvaarding van andere by 84 manstudente ............. | 100 |
| 4. | Interkorrelasies van verskillende maatstawwe van aanvaarding van andere by 84 manstudente ........................ | 101 |
| 5. | Kruisvalidering van beduidende korrelasies tussen SA.-Inventaris en maatstawwe van aanvaarding van andere by 55 manstudente | 103 |
| 6. | Kruisvalidering van beduidende interkorrelasies van maatstawwe van aanvaarding van andere by 55 manstudente .......... | 104 |

# PROBLEEMSTELLING.

In hierdie ondersoek na die verband tussen selfaanvaarding en aanvaarding van andere by manstudente, moes daar eers duidelikheid verkry word oor die begrippe „selfaanvaarding" en „aanvaarding van andere". Dit wou voorkom dat ander verskynsels 'n belangrike rol hierin gaan speel, w.o. liefde, selfliefde, vyandigheid, vooroordeel ens. Dit is verder nodig geag om die ontstaan van bogenoemde houdings na te gaan. Dit kon gedoen word deur 'n analise van die begrippe „selfaanvaarding" en „aanvaarding van andere".

Uit die geraadpleegde literatuur kon 'n oorsig verkry word van die wetenskaplike denke oor hierdie saak. Maar by nadere ondersoek het dit tot verdere probleme gelei. Die vraag het hom voorgedoen of selfaanvaarding 'n primêre verskynsel is wat in normale omstandighede bestaan, en of dit 'n sekondêre verskynsel is wat uit nie-selfaanvaarding as 'n moontlike primêre verskynsel ontstaan as reaksie teen onaanvaarde minderwaardighede, wat Adler as primêr beskou. Hierdie probleem moes vervolgens ondersoek word. Dit op sy beurt het gelei tot die probleem van hoe daar 'n oorgang van nie-aanvaarding na aanvaarding kon plaasvind. Dit het 'n siening op prinsipiële grondslag vereis. Die vraag het hom voorgedoen in hoe verre dit vanuit 'n christelike prinsipe gedoen kan word.

Na hierdie teoreties-prinsipiële beskouing is oorgegaan tot die meting van selfaanvaarding en aanvaarding van andere by manstudente. Om dit te kon doen moes geskikte metingsmetodes gevind word. 'n Navorsingsoorsig van aanverwante ondersoeke het gelei tot die samestelling van 'n maatstaf vir die meting van selfaanvaarding en 'n seleksie van 'n aantal maatstawwe vir die meting van aanvaarding van andere. Die samestelling en keuse van geskikte metingsmetodes was opsigself die belangrikste taak in hierdie empiriese ondersoek, want dit moes wetenskaplik beplan word en statisties

verantwoord word. Dit was geen geringe taak nie.

Uiteindelik kon daar uit die ondersoek tot bevindings gekom word wat gelei het tot 'n samevattende beskouing van die hele ondersoek in die lig van die teoreties-prinsipiële en die empiriese gegewens.

# HOOFSTUK 1.

## 'n Analise van Selfaanvaarding en Nie-selfaanvaarding.

### 1. Die begrip selfaanvaarding.

In die Kliniese Sielkunde is die begrip „aanvaarding" grondleggend. Eintlik dui dit op die negatiewe houding van „nie-aanvaarding". Reeds Adler het in sy Indiwiduaal-sielkunde daarop gewys dat die kind hom as klein, nietig, swak en minderwaardig in 'n wêreld van reuse, die grootmense voel. Met hierdie ondergeskikte toestand is hy nie gediend nie, en daarom streef hy na grootwees, na sterkwees, na meerderwaardigheid. In sy proses van grootwording, ondervind hy steeds die pynlike toestande van een of ander swakheid en minderwaardigheid in die vorm van òf liggaamlike swakheid of gebrek, en/óf 'n geestelike swakheid of gebrek; sosiaal ondervind hy 'n gebrek aan sosio-ekonomiese status, ens. Omdat hy met hierdie toestand nie gediend is nie, is daar by hom 'n kragtige strewe om homself te laat geld, te kompenseer vir die minderwaardighede: dit noem Adler die geldingstrewe. Waar manlikheid beskou word as norm van krag, sterkte, mag, status, ens., neem die geldingstrewe die vorm aan van 'n strewe na volkomer manlikheid en weg van vroulikheid. Alle swakhede en minderwaardighede word as vroulik beskou. Die vrou self protesteer teen haar vroulikheid, en haar strewe na meer manlikheid word as manlike protes beskryf. Waar die geldingstrewe misluk, neem dit die vorm van 'n neurose aan (Ronge, 1934.).

Adler se Sielkunde word hier aangehaal om te illustreer dat daar by die mens 'n gevoel van swakhede, tekortkomings en minderwaardighede ontstaan en bestaan, en dat hy hiermee nie genoeë neem nie. Hy aanvaar nie hierdie toestande nie. Dit gaan dus hier om „nie-aanvaarding". Omdat dit die persoon self is wat nie aanvaar nie, word die term „nie-selfaanvaarding" gebesig.

In die Kliniese Sielkunde het die psigoterapeut dikwels met die verskynsel te doen, dat ernstige probleme en wanaanpassings ontstaan, deurdat die mens met homself ontevrede is. Hy (en veral sy) is nie gediend met sy fisiese voorkoms nie, nie met sy temperament en geestelike vermoëns, nie met sy professie en status, nie met sy ouers, vrou en kinders, nie met sy huis en sy motor nie, ens., 'n Akkumulasie van hierdie gevoelens lei tot self-verwerping of nie-selfaanvaarding, wat spanning, gevoelskrisisse en selfs neurose kan mee bring.

Volgens Adler se Sielkunde bestaan daar in die lewe van elke mens op een of ander stadium 'n gevoel van nie-aanvaarding ten opsigte van een of ander persoonlike of sosiale toestand. Wanneer sy geldingstrewe misluk om hom 'n gevoel van groter selfaanvaarding te gee, ontstaan ernstige persoonlike probleme. In die Kliniese Sielkunde gaan dit nie om tydelike nie-aanvaarding nie, maar juis om die toestand waarmee die persoon nie gediend is nie en hy homself magteloos voel om daaruit te kom. Dit is die tipiese beeld van die nie-selfaanvaarding.

Hierdie gevoel van nie-aanvaarding kan van verskillende sterkte wees. Aan die eenkant is daar die normale persoon wat met tye bewus is van 'n toestand wat hom effens hinder, maar waarmee hy tog maar moet meeleef, al is hy nie daarmee gediend nie. Die ander uiterste is waar 'n persoon homself so erg verwerp dat hy selfs neuroties kan wees. Tussen hierdie antipodes kan verskillende grade van nie-selfaanvaarding aangetref word.

In hierdie ondersoek van normale persone, nl. manstudente, waar dit oor nie-selfaanvaarding handel, sal dit gevoelens van 'n ligtere graad behels. Wat selfaanvaarding betref, kan dit juis baie kragtig voorkom.

## 2. Die ontstaan en ontwikkeling van nie-selfaanvaarding.

In die voorafgaande is melding gemaak van die feit dat selfaanvaarding en nie-selfaanvaarding nie te doen het met slegs een faktor of 'n aantal losstaande faktore nie, maar dat 'n hele aantal faktore skynbaar in noue samehang verkeer om die sindroom te vorm. In 'n poging om die ontstaan en ontwikkeling van nie-selfaanvaarding na te speur wil dit voorkom asof hier ook verskeie moontlikhede bestaan.

Aangesien die mens hom van kleinsaf in 'n wêreld saam met ander individue bevind, en in aanraking kom met talle situasies, is dit moontlik dat enige of 'n aantal verantwoordel kan wees vir die ontstaan van nie-selfaanvaarding:-

### (a) Die ouers:

As eerste faktor word die ouers genoem --- nie soseer omdat dit die belangrikste enkele faktor is nie, maar omdat die kind hom in die eerste instansie in sy ouerhuis saam met sy ouers bevind. Sy eerste indrukke is afkomstig van sy ouers. Hulle opvoedingsmetodes, lewenswyse, verhouding tot mekaar, houdings teenoor die kind, godsdiensopvattings, ens., beïnvloed die kind vanaf die begin ten opsigte van sy houdings teenoor homself, teenoor sy ouers, en teenoor ander volwassenes

Aangesien die kind met geboorte volkome hulpeloos is, is hy afhanklik van sy ouers vir die bevrediging van sy basiese behoeftes. Veral die moeder is hier verantwoordelik vir die kind se fisiese behoeftes. Ouerlike verantwoordelikheid is egter nie slegs beperk tot die fisiese behoeftes van die kind nie. Kliniese gegewens toon dat die wyse waarop aan hierdie behoeftes voorsien word van groot waarde en belang is vir die psigiese ontwikkeling van die kind. Of daar vrywilliglik of met besware vir die kind gesorg sal word, met liefde of vyandigheid, ens., sal grotendeels bepaal hoe emosioneel stabiel hy sal wees as adolessent en volwassene (Lehner & Kube, 1955).

Die kind se begrip van, en houding teenoor homself sal gebaseer wees op die houdings van sy ouers teenoor hom. Indien hy voel hy word nie aanvaar nie, sal hy vir homself onaanvaarbaar wees; as hy verworpe voel, leer hy om homself te sien as sou daardie eienskappe by hom ontbreek wat hom aanvaarbaar maak.

Van groot belang vir die kind is sy ouers se liefde vir hom. Te veel, te min of valse liefde, verwerping van die kind of diskriminasie teen hom, gaan 'n skewe persoonlikheidsgroei en -ontwikkeling tot gevolg hê.

'n Situasie wat soms aangetref word, is waar 'n moeder oënskynlik alles feil het vir haar kind. Hy word in so 'n mate met liefde en aandag oorlaai dat hy in opstand kom daarteen. So 'n situasie mag voorkom waar die moeder haar kind in werklikheid nie wil of kan aanvaar nie. In wese is sy vyandig teenoor hom (Horney, 1937; Fromm, 1957). Dit is nou heel moontlik dat die moeder se vyandigheid die oorsaak kan wees van die ontstaan en ontwikkeling van vyandigheid by die kind. Hierdie houdings is juis 'n aanduiding van die moontlike aanwesigheid van nie-selfaanvaarding soos later aangetoon sal word.

'n Ander belangrike verskynsel wat ernstige nagevolge op die ontwikkeling van die kind kan hê, is openlike verwerping deur die ouers. Verwerping kan op verskillende wyses tot uiting kom: onverskilligheid teenoor die kind, vyandigheid teenoor hom, verlating van die kind, hom voortdurend afsonder of opsluit en vir die geringste oortredings straf, ens. Die reaksies van die kind op hierdie vorme van verwerping kan van velerlei aard wees. Die mees algemene toevlug is tot aandagverkryging in die algemeen, en spesifiek van sy ouers. Deur hierdie gedrag maak hy homself 'n nog groter bron van irritasie en vyandigheid vir sy ouers (Lehner & Kube, a.w.). Ondersoek het aan die lig gebring dat kinders van wie liefde weerhou is, meer dikwels terugval op gedrag van soeke na aandag as diegene

wat voel hulle word aanvaar. 'n Ander moontlikheid is houdings van vyandigheid en opstandigheid teenoor die ouers asook teenoor ander volwassenes (Allport, 1954; White, 1956).

Diskriminasie teen 'n kind in die gesin kan tot gevolg hê dat die geloof by hom posvat dat daar iets met hom verkeerd is. Hy glo dat hy sekere eienskappe besit wat hom onaanvaarbaar maak vir andere, met die gevolg dat hy vir homself ook onaanvaarbaar is.

Die aard van ouerlike dissipline is sonder twyfel van groot belang in die opvoeding van die kind. Die dissipline kan van so 'n aard wees dat die kind nie anders kan as om agterdogtig, beangs, en haatdraend te word nie. Sou die hantering van die kind sodanig wees dat hy neurotiese eienskappe ontwikkel, sal hy hom 'n eensame individu in 'n vyandige wêreld voel (Allport, a.w.). Die moontlikheid bestaan dat die kind nie net van ander persone vervreem raak nie, maar ook van homself.

'n Gevoel van onsekerheid en emosionele onstabiliteit by die kind kan in sekere gevalle terug gevoer word na oormatige gesag en strengheid. Die ouers vereis absolute gehoorsaamheid en enige afwyking van die irrasionele eise word op 'n irrasionele wyse gestraf. Geleentheid vir self-ontwikkelin self-ontplooiing word ondermyn; die inisiatief van die kind ontbreek. Weer eens word botsende elemente in die psigiese lewe van die kind aangetref: enersyds kom hy in opstand teen die oormatige gesag en koester hy vyandige gevoelens teenoor sy ouers, en daarteenoor is hy uitermate afhanklik van hulle. Hyself kan geen besluite neem nie. Alle besluite word vir hom geneem. 'n Gebrek aan selfvertroue en eie-waarde ontwikkel hieruit.

'n Gangbare opvatting is dus dat vyandigheid, onstabilitei en nie-selfaanvaarding reeds gedurende die kinderjare ontstaan (Crider, 1946; Fromm-Reichmann, 1959; Fromm, 1957; Horney, 1937; Jersild, 1957; Lehner & Kube, 1955; 1964;

Lippman, 1956). Vir die gesonde psigiese ontwikkeling van die kind is dit nodig dat sy ouers hom aanvaar. Indien dit nie die geval is nie, sal die kind vir homself nie aanvaarbaar wees nie, en hy mag die gevoel ontwikkel dat ander persone (afgesien van sy ouers) hom ook nie aanvaar nie. Hy kan dan vyandigheidsgevoelens teenoor sy ouers en teenoor andere ontwikkel òf teenoor homself (Lehner & Kube, a.w.).

(b) Die Skool:

Hierdie aspek van die ontstaan van nie-selfaanvaarding asook dié wat sal volg, kan moontlik 'n voortvloeisel wees van die nie-selfaanvaarding wat reeds in die ouerhuis begin het. Dit kan egter ook 'n vrugbare teelaarde wees vir die eintlike ontstaan en ontwikkeling van nie-selfaanvaarding. Vir die normale ontwikkeling van die kind is dit nodig dat hy op gesonde wyse en op verskillende terreine met mede-skoliere sal meeding. Hierdeur leer die kind die basiese beginsels van interpersoonlike verhoudings; hy ontwikkel fisies en geestelik; hy kom tot 'n besef en begrip van sy eie vermoëns en beperkings, van sy eie-waarde.

Afhangende van etlike faktore kan die skoolsituasie 'n invloed uitoefen op bogenoemde eienskappe van die kind, w.o. die houding en optrede van die onderwysers en mede-skoliere, fisiese gebreke van die kind, emosionele stabiliteit van die kind, ens.

Die invloed van onderwysers is groot. Die skoolgaande kind in die laer klasse aanvaar die woord van die onderwyser sondermeer. Die ouers se opvattings word selfs dikwels in twyfel getrek. Taktlose optrede aan die kant van die onderwyser kan juis om hierdie rede baie bydra tot die ontstaan en ontwikkeling van sekere houdings, gevoelens en gelowe by die kind. Die kind is baie vatbaar vir indrukke en maklik beïnvloedbaar. Voortdurende afsnouing van die kind kan tot gevolg hê dat hy minderwaardig teenoor sy maats voel. Die

dogter wat haar bes doen om in korfbal te presteer se selfvertroue word oneindig geskaad deur opmerkings soos: „Jou vet meisie, jy kan dan nie eers goed korfbal speel nie!" Die kind wat sy uiterste bes doen in sy skoolwerk ontwikkel 'n negatiewe siening van homself deur: „Jou onnosel skepsel. Het jy dan geen verstand nie?" Die kind streef juis daarna om „iets" te wees in die oë van sy onderwyser en mede-skoliere Dit is selde dat afsnouing gunstige gevolge op die kind het. In plaas daarvan dat die kind se strewe na aansien bevredig word, word hy ontmoedig, verloor vertroue in homself, en verag homself omdat hy „niks beteken" nie.

Afsnouing en kritiek wat gedurig voorkom het gewoonlik tot gevolg dat die kind se klasmaats dit verder voer en tot die uiterste uitbuit. Die geldingstrewe van die kind om gewild onder sy maats te wees en deur hulle aanvaar te word, misluk. Hyself is nie gediend met die toestande nie maar hy is magteloos om iets daaraan te doen. Talle probleme van die skoolgaande kind, w.o. vrees vir skool, stokkiesdraai en dagdroom kan moontlik toegeskryf word aan die nie-selfaanvaarding wat voortspruit uit die afsnouing en kritiek deur die onderwysers en sy mede-skoliere.

Onderwysers wat te hoë eise en verwagtings aan die kind stel gee daartoe aanleiding dat die kind hom minderwaardig voel op intellektuele gebied teenoor sy mede-skoliere. Sy strewe na kompensasie gaan moontlik daartoe aanleiding gee dat hy slegs vaster gevang raak in sy probleme. Gevoelskrisisse ontstaan en dit kan selfs in 'n neurose oorgaan.

(c) Die gemeenskap:

Talle patologiese konflikte kan toegeskryf word aan vyandigheid in die gemeenskap (Fromm-Reichmann, 1959). Aan die een kant is die moderne sosiale lewe onbewustelik gebaseer op 'n mededingende vyandigheid. Daarteenoor is die moderne mens onder die indruk van die Christelike gebod

van liefde teenoor die medemens. Die konflik tussen die mens se vyandigheid en sy gewete se eis om sy naaste lief te hê, is kenmerkend van die lewe (a.w.).

'n Swak ontwikkelde roepingsbewustheid en beroepsbewussyn dra by tot 'n vergroting van bestaande konflikte. Die konfliksituasie veroorsaak dat die individu 'n algemene gevoel van onsekerheid ervaar asook onsekerheid ten opsigte van 'n spesifieke aspek. In hierdie toestand van onsekerheid skep menslike verhoudings probleme vir die individu. Hy is nie by magte om homself te laat geld in sy beroep nie, nie in die sosiale lewe nie, ook nie in sy huwelik of ouerhuis nie. Die persoon voel hy word nie volkome opgeneem in hierdie groepe of kringe nie. Hy onttrek hom van alle of die meeste van die konflik-situasies en word in homself gekeer en 'n introvert.

Dit kan ook wees dat die persoon voel dat hy swak afsteek by andere. In sy strewe om die nodige prestige en aansien te verkry raak hy meer en meer ontevrede met sy eie toestand, asook met toestande en persone om hom. Hy is ontevrede met sy ouers en hy is skaam vir hulle. Hulle is outyds en agterlik. Sy vrou, kinders, huis en motor steek af by die van ander en hy skaam hom vir hulle. Hulle word dikwels deur die persoon gesien as die eintlike oorsaak van sy verlaagde status of gewaande verlaagde status. Hulle is die oorsaak dat hy nie in sekere kringe opgeneem word nie. Hy strewe daarna om die toestande en persone te verander maar slaag nie daarin nie. Sy gevoelens van self-onvergenoegsaamheid word geïntensiveer. Hier het ons te doen met die nie-selfaanvaarde persoon.

(d) Die self:

Die selfbeskouing en self-evaluering van die mens vind plaas deur vergelyking met ander individue. Indien die persoon goed of oënskynlik goed met andere vergelyk en nie

veel afsteek wat betref fisiese voorkoms en fisiese en geestelike vermoëns nie, is daar relatief min gronde vir die ontstaan van nie-selfaanvaarding op hierdie gebied.

Volgens Adler het elke mens die strewe na krag, na oorheersing en meerderwaardigheid (Adler, 1930). As die persoon homself minderwaardig in 'n sekere opsig voel word hy deur die minderwaardigheidsgevoelens tot 'n strewe na meerderwaardigheid gedryf. Hy mag streef na kompensasie in die werklike normale lewe, d.w.s. om die gebrek self te oorkom, of hy mag streef om op 'n ander gebied te presteer. Oënskynlik kom 'n persoon soms voor as selfversekerd en suksesvol, maar by nadere ondersoek blyk dit dat hy tevore aan ernstige minderwaardigheidsgevoelens gely het, wat nog nie heeltemal oorkom is nie. Adler beskou hierdie geldingstrewe, indien dit misluk of gefrustreer word, as die oorsaak van vyandigheidsgevoelens, anti-sosiale houdings en die wanaanpassings van die neuroses en psigoses.

Die individu wat fisies swak is sal strewe om hierdie swakheid te oorkom deur baie aandag te gee aan die ontwikkeling van sy liggaam; die persoon wat swak presteer in atletiek of ander sportsoorte sal oordrewe pogings aanwend om uit te blink, om vir hierdie toestand waarin hy hom bevind en waarmee hy ontevrede is, te kompenseer. Die individu wat fisies gebreklik is, misvorm is, wat oor 'n swak gesig beskik of wie se gehoor ontoereikend is, sal van ander vermoëns gebruik maak om bo hierdie fisiese beperkings uit te styg.

Indien die persoon redelik tevrede is met dit wat hy bereik het, met sy kompensasie, dan het sy geldingstrewe geslaag. Hy leer met sy tekortkominge saamleef. Die persoon wat steeds ontevrede voel met homself, wat sy gebreke en tekortkominge nie kan of wil aanvaar nie, kan homself uiteindelik in so 'n mate verwerp dat hy neuroties kan wees.

Hoe groter die verskil is tussen die individu se waargenome self (soos hy is en wat hy nie aanvaar nie) en sy ideale self (soos hy wil wees) hoe groter is sy nie-selfaanvaarding en wanaanpassing (Block & Thomas, 1955).

3. Eienskappe van nie-selfaanvaarding en sy gevolge.

Die gevolge en eienskappe van nie-selfaanvaarding vloei voort uit bogenoemde uiteensetting van die ontstaan en ontwikkeling daarvan. Die faktor (-e) wat aanleiding gegee het tot die ontstaan daarvan sal waarskynlik in 'n groot mate bepaal in watter vorm nie-selfaanvaarding gemanifesteer word. Die eienskappe van die gemanifesteerde nie-selfaanvaarding sal ook gedeeltelik toe te skryf wees aan die persoonlikheidstruktuur van die nie-selfaanvaarde individu. Hoewel daar in sommige gevalle duidelike ooreenstemming aangetref word tussen verskillende nie-selfaanvaarde individue, is individuele verskille van persoon tot persoon nie uitgesluit nie.

(a) Kompensasie en geldingstrewe na meerderwaardigheid:

In die eerste plek het ons te doen met die reeds bekende kompensasie en geldingstrewe na meerderwaardigheid. As gevolg van die feit dat die persoon ontevrede is met homself ten opsigte van sy fisiese voorkoms of fisiese gebrek, ens. sal hy streef na kompensasie om hierdie tekortkominge te bowe te kom. Sy graad van nie-selfaanvaarding sal bepaal hoe sterk sy geldingstrewe na kompensasie is. Hoe hoër die graad van nie-selfaanvaarding is, hoe hewiger en selfs onredeliker sal sy geldingstrewe wees. Die graad van nie-selfaanvaarding word bepaal deur die mate van sukses wat behaal is in die geldingstrewe. Indien sy geldingstrewe misluk kan dit die vorm van 'n neurose aanneem met al die bykomstige simptome van nie-selfaanvaarding, w.o. verwerping van die self en andere, wanaanpassings, vyandigheid, houdings

van vooroordeel, pseudo-aanvaarding, egosentrisiteit, verwronge selfbeeld, ens.

(b) Neurose:

Daar bestaan 'n wye verskeidenheid van wyses waarop sekere neurotiese eienskappe tot uiting kan kom in die neurotiese persoon se houdings teenoor homself, en in sy mens-tot-mens verhoudings (Horney, 1945). Op die oog mag dit lyk of daar geen sprake is van nie-selfaanvaarding en nie-aanvaarding van andere nie. Wanneer daar ondersoek ingestel word blyk dit dat onbewuste voorwendsels altyd 'n faktor is in die ontwikkeling van die neurotiese persoonlikheid. Van die duidelikste en bekendste onbewuste voorwendsels is o.a. liefde, goedheid en onselfsugtigheid, belangstelling in en kennis van alles, asook eerlikheid en regverdigheid. Die neurotiese individu se standpunt is selde in ooreenstemming met die objektiewe waarde van 'n persoon of idee, maar eerder gegrond op sy eie emosionele behoeftes. 'n Verdere kenmerk van die neurotiese persoon is sy geneigdheid tot selfverkleinering en onderskatting van sy eie vermoëns. Hy beskou homself as onbekwaam om sy behoeftes te bevredig (Garner, 1958). As gevolg van sy selfverkleinering ontstaan gewoonlik vyandigheidsgevoelens teenoor homself en teenoor andere.

(i) Vyandigheid as 'n aspek van psigiese funksionering:

Vyandigheid en aggressie speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van psigopatologie (Buss, 1961). Die neurotiese individu se vyandigheid en gebrek aan aanpassing is deel van die simptomatologie, en baie van hierdie individue weier om volwasse te wees. Die gevolg is dat hulle 'n vyandige houding inneem teenoor dít wat vir hulle verteenwoordigend is van die eise wat hulle ouers of ander persone teen wie hulle in opstand is, aan hulle stel.

Vyandigheid kan beskou word as 'n sekere houding wat langdurig is:

> „.... an implicit verbal response involving negative feelings (ill will) and negative evaluations of people and events" (Buss, 1961, p.12).

Enige houding van 'n persoon moet redelik permanent wees voordat dit as 'n persoonlikheidseienskap beskou kan word (Guilford, 1964). Aangesien nie-selfaanvaarding met daarmee gepaardgaande vyandigheid as 'n reël reeds vroeg in die persoon se lewe kan begin, is vyandigheid 'n persoonlikheidseienskap van die neurotiese persoon.

Afgesien van verbloemde vorme van vyandigheid kan hierdie houding in direkte vorm tot uiting kom teenoor die persoon self („ek haat myself") asook teenoor andere persone („ek haat jou" en „ek verafsku jou") (Buss, a.w.). Waar vyandigheid by sommige persone dus slegs teenoor 'n enkele persoon tot uiting kom, is dit ook moontlik dat dit op die individu self gerig kan wees in die vorm van selfveragting en selfhaat. Dit kan egter ook gerig wees op 'n sekere groep in die samelewing of nasie of teen alle persone. Dit is dus 'n vorm van projeksie.

Houdings van vyandigheid is nie net 'n eienskap van volwasse persone nie. Daar is vroeër gewys op die feit dat vyandigheid as simptoom van nie-selfaanvaarding reeds in die kinderjare kan ontstaan. Hierdie vyandigheid in die kinderjare word besonder stewig gefikseer, en wanaanpassings sowel as 'n latere ongelukkige lewe is grotendeels die gevolg van hierdie vyandigheid (Crider, 1946). Reeds op 'n vroeë lewensstadium het die hardnekkige geloof posgevat dat die samelewing die kind onregverdig behandel het. Die lewe was stremmend en moeilik; dit was 'n opdraende stryd om homself te verwesenlik; sy behoefte aan liefde is nie bevredig nie; sy geldingstrewe het misluk. Hierdie patroon duur dan voort as 'n persoonlike wanaanpassing in sy verhouding tot

homself, sy ouers, familie, vriende, onderwysers en ander gesagsfigure. Die vyandigheid vorm 'n inherente deel van die nie-selfaanvaarde individu se psigiese funksionering.

Kenmerkend van die neurotiese individu is sy volgehoue weiering om sy gebreke in die gesig te staar en te aanvaar. Crider se bevinding was dat nie een persoon van 'n neurotiese pasiënte-groep bewus van hulle vyandigheid was nie. Hulle het volgehou om dit te ontken. 'n Ander belangrike kenmerk van hierdie persone was dat hulle die aanwesige vyandigheid teenoor andere gerasionaliseer het deur voor te gee dat hulle slegs goed wil doen en raad wil gee wat tot die ander persoon se voordeel sal strek (a.w.). Hierdie verbloemde vyandigheid is dus nie altyd duidelik waarneembaar en bepaalbaar nie. Die rede hiervoor is waarskynlik dat die kind geleer het dat openlike vyandigheid en aggressiwiteit sosiaal onaanvaarbaar is, dat hy onderdanig aan sy ouers en meerderes moet wees en dat die Skrifbevel tot die laaste letter gehoorsaam moet word. As gevolg van die konflik tussen die individu se vyandigheidsgevoelens aan die een kant, en die eise wat daarteenoor aan hom gestel word, kan die vyandigheid verdring word en op verbloemde wyse tot uiting kom. Tipies van die neurotiese persoon is dan ook die ambivalente gevoelens teenoor persone wat hy liefhet en nodig het (Horney, 1937). Verdringing van vyandigheid kan ook toegeskryf word aan die besef van die individu dat hyself geskaad of benadeel kan word as gevolg van sy vyandigheid (Crider, a.w.).

As gevolg van die feit dat die individu homself nie kan aanvaar nie, kom hy in opstand teen gesagsfigure en is vyandig teenoor hulle. Dit is 'n bewys van sy onvolwassenheid (Stagner, 1961). Dit is slegs in die infantiele persoonlikheid dat hierdie neurotiese strewe na mag en gesag volledige en ongehinderde uiting vind. Die volwasse en goed aangepaste persoon kom nie in opstand teen gesagsfigure

nie (White, 1956). Die strewe na 'n sekere magsposisie kan daartoe aanleiding gee dat individue met neurotiese oordrewe strewinge hierdie vyandige situasies aangryp as gevolg van hulle basiese beangstheid, wat in verband staan met hulle minderwaardigheid (a.w.). Mislukking om vyandigheid suksesvol te verdring kan verder aanleiding gee tot die ontstaan van migraine by neurotiese persone (Fromm-Reichmann, 1959).

Die meganisme van projeksie is 'n verdere algemene verskynsel by die neurotiese persoon met vyandigheidsgevoelens. Deur middel van projeksie trag die persoon om sy vyandigheid te verdring of te verplaas. Wanneer die verdringing misluk ondervind die individu probleme wat betref die bewys van liefde aan diegene wat hy lief het. Die kritiek teen die geliefde persone, wat voortvloei uit die konflik, word meer en meer irrasioneel (White, a.w.).

Uit wat hierbo gesê is wil dit dan voorkom dat vyandigheid 'n belangrike eienskap is van die neurotiese persoon, en dat die neurotiese persoon een is wat nog nie gekom het tot selfaanvaarding nie. Hieroor is egter nog nie volkome eenstemmigheid bereik nie. Volgens 'n ondersoek na die verband tussen die hoeveelheid vyandigheid en die ernstigheid van psigiese versteurings (Garner, 1958), is vasgestel dat vyandigheid nie direk verwant is aan die ernstigheid van die afwyking nie. Die teorie was naamlik gehuldig dat neurotiese persone sterker vyandigheidsgevoelens openbaar as normale persone, en dat psigotiese persone meer vyandig is as normale sowel as neurotiese persone.

Daar moet ten minste toegegee word dat houdings van vyandigheid en aggressiwiteit nie slegs 'n kenmerk van afwykende gedrag is nie. Dit kom ook by die normale individu voor. Die wyse waarop die vyandigheid egter hier tot uiting kom in die normale mens se strewe om iets te bereik, is van so 'n aard dat geen inter-persoonlike verhoudings daardeur

versteur word nie. Die strewe spruit nie voort uit 'n basiese gevoel van minderwaardigheid of 'n gebrek aan sekuriteit nie (vgl. Adler).

Dat die vyandigheid van die nie-selfaanvaarde individu van belang is in psigoterapie is ook nie weg te redeneer nie. Dit is nie net van teoretiese belang nie. Crider (a.w.) het onder andere gevind dat vyandige persone daartoe geneig is om reeds vroeg in psigoterapie die behandeling te onderbreek. Hierdie persone is ook moeiliker hanteerbaar in terapie. Die vraag ontstaan nou of laasgenoemde probleem nie ook in die alledaagse samelewing ondervind sal word nie. Indien die persoon nie met homself kan saamleef nie, homself nie kan aanvaar nie, hoe kan hy met andere saamleef, en hoe kan andere met hom saamleef?

(ii) Houdings van vooroordeel:

'n Ander belangrike eienskap van nie-selfaanvaarding kom tot uiting in houdings van vooroordeel. Dit wil voorkom asof daar 'n sterk verband bestaan tussen vyandigheid en vooroordeel; dat die meeste houdings van vooroordeel gekenmerk word deur vyandigheid. Dit is dus nie verbasend dat Allport (1954) klem lê op die aspek van vyandigheid en afsku wat by vooroordeel of diskriminasie aangetref word nie.

> "..... an avertive or hostile attitude toward a person who belongs to a group, simply because he belongs to that group, and is therefore presumed to have the objectionable qualities ascribed to that group" (Allport, a.w. p. 6.).

Soos in die geval van vyandigheidsgevoelens het houdings van vooroordeel as 'n reël sy ontstaan in die kinderjare. In die eerste plek kan dit 'n aanname wees van sekere houdings soos dit gevind word in die gesinsverband van die kind asook in sy kulturele en sosiale omgewing. Die ouers se eie nie-selfaanvaarding, hulle eie vyandigheid en antagonisme, hulle gelowe en sienswyses word direk op die kind oorgedra.

Hierdie verskynsel kom ook duidelik na vore in die sogenaamde neurotiese konformiteit of onderwerping waar die antagonisme en sienswyses sonder meer aanvaar word (Allport, a.w.; Buss, a.w.).

Naas die blote aanname van houdings van vooroordeel, kan dit ook ontwikkel - veral tussen die twaalfde en sestiende jare (Hurlock, 1955). Die idees en houdings van die individue word in die geval nie direk of doelbewus op die kind oorgedra nie, maar dit skep eerder 'n atmosfeer waarin die kind vooroordeel as 'n lewenstyl ontwikkel (Allport, a.w.). Ouers gee dikwels vyandige beskrywings ter verduideliking van rasse- of godsdiensverskille aan die kind. Die ouers het self so 'n gebrek aan kennis en begrip van rasse- en kulturele verskille dat hulle geneig is om ongunstige houdings by die kind tuis te bring.

Van groot belang is hier (soos by vyandigheid) die wyse waarop die ouers die kind hanteer, d.w.s. hulle dissipline, liefde en dreigemente is sodanig dat die kind nie anders kan as om agterdogtig, beangs en haatdraend te word nie. Vroeër of later word hierdie eienskappe op minderheidsgroepe gefikseer (Allport, a.w.). Sou die opvoeding van die kind sodanig wees dat hy neurotiese eienskappe ontwikkel, en dat hy hom 'n eensame individu in 'n vyandige wêreld voel, dan neem die kind 'n vyandige en kritiese houding in teenoor die samelewing en veral teenoor ander groepe persone. Die houdings van vooroordeel kom dan duidelik na vore (White, a.w.).

'n Ondersoek na die ontwikkeling van houdings van vooroordeel het o.a. aan die lig gebring dat die ouers van kinders met sterk vooroordele die beskouing gehuldig het dat kinders absoluut gehoorsaam moet wees. 'n Kind moet nie toegelaat word om sy ouers in enigiets te weerspreek nie; hy moet geen geheime vir sy ouers hê nie, en stil kinders word bo lewenslustige en raserige kinders verkies (Allport, a.w.; Buss, a.w.;

Hurlock, a.w.). Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat bogenoemde sienswyses betreffende die verwagtings en eise wat aan die kind gestel word, veral teenwoordig is by moeders wie se kinders houdings van vooroordeel het. Verder bied huise waar die kinders onderdruk word, waar die dissipline uitermate streng is, of waar die ouers baie krities is, 'n ideale situasie vir die vorming van vooroordeel teenoor groepe (Adorno e.a., 1950; Allport, a.w.; Buss, a.w.; Hurlock, a.w.; Jersild, a.w.; Roberts & Jessor, 1958).

As gevolg van die feit dat die kind reeds van vroeg af leer dat mag en gesag menslike verhoudings oorheers (en nie liefde, vertroue en verdraagsaamheid nie), en as gevolg van sy min selfvertroue (hy is onseker van sy eie impulse, d.w.s. hy mag nie kwaad word nie, hy mag nie ongehoorsaam wees nie, ens.) word die kind se twyfel en wantroue op ander individue en gesagsfigure geprojekteer en hy vrees dat hulle kwaadwillige bedoelings teen hom het (Adorno e.a.; Allport, a.w.; Fromm-Reichman, a.w.; Lehner en Kube, a.w.; Roberts & Jessor, a.w.)

Nie slegs die ouers se gebrek aan liefde vir en aanvaarding van die kind het houdings van vooroordeel tot gevolg nie, maar die verhouding van die ouers teenoor mekaar is netso belangrik. Anti-Semitiese houdings by 'n groep persone het getoon dat hulle afkomstig is uit huise wat gekenmerk was deur rusies, geweld en egskeiding (Allport, a.w.; Jersild, a.w.

Ander faktore wat vooroordeel beïnvloed is, onder andere: kulturele invloede, geslagsfaktore, sosiale nabyheid, geloof, hoeveelheid kontak met die besondere groep, en persoonlikheid. Wat laasgenoemde betref, word vooroordeel geassosieer met 'n persoonlikheidstruktuur waarmee oënskynlik geen fout te vind is nie, maar in werklikheid is daar by so 'n persoon verdronge vyandigheid, verdronge seksuele begeertes, beangstheid wat status betref en onbewuste skuldgevoelens teenwoordig (Hurlock, 1955). So 'n persoon is dus sterk neuroties.

Wanneer 'n vergelyking getref word tussen 'n persoon met sterk vooroordeel en 'n persoon met min of geen vooroordele nie, vind Hurlock dat eersgenoemde individu van die ander ten opsigte van 'n aantal eienskappe verskil:

> "..... lower intellectual level, accompanied by poorer academic performance; greater uneasiness and discomfort in social situations; feelings of victimization and exploitation; narrowness of outlook; lack of self-criticism; an idealizing and submissive attitude toward parents; conventionality and in-group loyalty; self-idealization; rigidity; antagonism to many out-groups; .... lack of sympathy for the underdog and for others". (Hurlock, a.w., p.121).

Baie van die bogenoemde eienskappe van die individu met sterk houdings van vooroordeel word ook aangetref by diegene wat homself en andere nie aanvaar nie (vgl. o.a.Berger, 1952, 1955; Fromm, 1957; Horney, 1937, 1945, 1951; Wijngaarden, 1955).

In sommige gevalle van vyandigheid en vooroordeel is dit opgemerk dat hierdie individue nie slegs vyandigheid en vooroordeel het as gevolg van die onaanvaarbaarheid van hulle houdings nie, maar ook omdat hulle sterk gevoelens van vyandigheid het teenoor hulle ouers en ander gesagsfigure, in welke geval hulle heel dikwels 'n plaasvervanger vind teenoor wie hulle vyandigheid tot uiting kom in die vorm van vooroordeel.

> "..... hostility against ingroup authorities, originally the parents, has had to be repressed; the "bad" aspects of these figures - that they are unfair, selfseeking, dominating - are then seen as existing in outgroups, who are charged with dictatorship, plutocracy, desire to control, and so forth" (Adorno e.a., a.w., p. 232).

'n Aspek wat baie duidelik blyk uit houdings van vooroordeel is die oordrag van hierdie onaangename houdings op andere. Die individu se houdings van vooroordeel bring 'n konflik mee wat spanning tot gevolg het (Lazarus, 1961). Nadat die

individu se onaanvaarbare houdings op 'n ander individu of groepe persone oorgedra is, gaan hy tot die aanval oor deur onder andere ontneming van sekere voorregte van die persoon of groep persone, deur hulle gelyke geleenthede te misgun en deur hulle uit sy groep te weer (Lehner en Kube, a.w.). Die persoon streef daarna om verligting van sy spanning te bewerkstellig. Dit word onder andere gedoen deur teenoor ander persone, maar veral teenoor homself, te ontken dat hy houdings van vooroordeel het (Lazarus, a.w.). Soos dikwels in die geval van wanaangepaste persone die geval is, word die verskynsel van selfmisleiding aangetref.

Etniese onverdraagsaamheid en sterk vyandigheid word gewoonlik saam aangetref (Adorno e.a., a.w.; Allport, a.w.; Buss, a.w.). Die moontlikheid bestaan dat die uiters vyandige persoon minder toegeeflik is in sy haat as die minder vyandige persoon, en dat eersgenoemde 'n meer algemene haat en vyandigheid het wat mettertyd oorgaan in etniese vooroordeel.

Stagner (1961) is die mening toegedaan dat houdings van vooroordeel toe te skryf is aan ekonomiese frustrasie. Die oplewing van Fascisme in Italië en Duitsland en die teregstelling van Negers in die V.S.A. word hieraan toegeskryf. Op teoretiese en empiriese gronde is daar egter soveel besware teen die sogenaamde sondebokteorie (vgl. Buss, 1961; Stagner, 1961) dat aanvaar kan word dat dit nie algemeen geldend is nie.

Alles in ag geneem, wil dit voorkom dat houdings van vooroordeel voortvloei uit nie-selfaanvaarding en ook terselfdertyd een van die belangrikste kenmerke van nie-selfaanvaarding is.

> „When a person is sharply prejudiced against a certain group, he is suffering from a kind of alienation in his social relationships, but the one who is thus alienated from others is probably also, to a large degree, alienated from himself" (Jersild, a.w., p. 235).

Die feit dat 'n persoon se houdings teenoor andere verband hou met houdings teenoor homself, is deur Trent (Jersild, a.w.) beklemtoon in 'n ondersoek na hierdie houdings by 'n groep Neger kinders. Hiervolgens het diegene wat hulleself aanvaar minder negatiewe houdings teenoor andere geopenbaar as diegene met lae tellings vir selfaanvaarding. Dit is ook interessant dat dit geblyk het dat diegene wat afkeurend teenoor blankes was die neiging getoon het om afkeurend te wees teenoor Negers én teenoor hulleself.

(iii) Liefde, selfliefde en egosentrisiteit:

Dat die verskynsels van liefde, selfliefde en egosentrisiteit 'n belangrike rol speel in nie-selfaanvaarding is nie weg te redeneer nie. Die afwesigheid van liefde en die teenwoordigheid van selfliefde en egosentrisiteit impliseer die aanwesigheid van vyandigheidsgevoelens en houdings van vooroordeel. Bogenoemde drie aspekte is dus belangrike eienskappe van nie-selfaanvaarding.

Die menings van verskeie sielkundiges ten opsigte van hierdie aspekte het baie in gemeen. Daar is slegs graduele verskille in hulle sienswyses.

Vir Fromm (1957) is liefde en selfliefde twee uiteenlopende verskynsels:

> ".... to the degree to which I love myself I do not love others; that self-love is the same as selfishness ... Calvin speaks of self-love as "a pest"" (Fromm, a.w., p. 57).

Freud sien selfliefde en narcisme as identiese begrippe. Die libido is tot die mens self gekeer. Aangesien narcisme volgens hierdie beskouing 'n fase van ontwikkeling by die mens is, is dié individu wat in sy latere lewe tot hierdie vlak van ontwikkeling regresseer nie tot liefde instaat nie. Die veronderstelling is dan dat die liefde die manifestasie van die libido is en dat die libido óf tot andere gerig is - dit wil sê liefde, óf dat dit tot die persoon self gerig is -

dit wil sê selfliefde. Liefde en selfliefde sluit mekaar dus uit in die sin dat hoe meer daar van die een teenwoordig is hoe minder is daar van die ander. As selfliefde eties sleg is, volg dit dat onselfsugtigheid 'n deug is (Fromm, a.w.)

Vir Wijngaarden (1955) is dit 'n uitgemaakte saak dat die liefde nie slegs 'n gevoelsaandoening is nie; ook nie 'n gevoelsaangeleentheid nie:

> „.... maar is aanvaarde zijnsverbondenheid, m.a.w. die zijnswijse van den mens, waarin hij zonder terughouding in vrijheid op den ander gericht is en voor den ander open staat. Zij overweldig den ander niet, maar voert hem integendeel tot zichself" (Wijngaarden, a.w., p. 113).

Ook is liefde wat nie totaal is nie, geen liefde nie, want ware liefde moet, volgens Wijngaarden, van die hele mens uitgaan. Die mens moet hom met behoud van sy eie selfstandigheid tot beskikking van sy medemens stel om daardeur tot 'n verruiming en verdieping van sy eie lewe te kom. Al sou daar ook hoedanighede in die ander persoon teenwoordig wees waarteen besware ingebring kan word, moet hy aanvaar word soos hy is. Fromm stel dit dat die persoon se liefde vir homself onlosmaakbaar is van liefde vir andere. Met ander woorde, indien die persoon homself nie liefhet nie, homself nie aanvaar nie, het hy andere ook nie lief nie en word hulle nie deur hom aanvaar nie.

Selfsugtigheid of egosentrisiteit kan nie van nie-selfaanvaarding, vyandigheid en vooroordeel losgemaak word nie. Vir die selfsugtige individu is alles om hóm gesentreer. Die wisselwerking tussen hom en die gemeenskap is essensieel eensydig van aard. Werklike belangstelling in sy medemens is daar nie. Sy belangstelling strek sover as wat hy voordeel uit ander persone kan trek; daar is 'n gebrek aan belangstelling in die behoeftes van ander individue. Om dus „zonder voorbehoud op den ander betrokken" (Wijngaarden, a.w., p. 114) te wees word nie by die selfsugtige individu aangetref nie. Sy medemens word in terme van homself gesien en almal

en alles waarmee hy in aanraking kom word beoordeel ten opsigte van hulle waarde vir hom. Die voordeel wat hy daaruit kry is allesoorheersend.

Die selfsugtige individu is geneig om ander hoofsaaklik te gebruik om sekere behoeftes te bevredig (Horney, 1937). Wanneer die betrokke behoeftes van 'n psigiese aard is mag dit selfs gebeur dat die persoon in die huwelik tree met die oog op die seksuele bevrediging wat hy daaruit sal put.

(iv) Selfverwerping en verwerping van andere:

Aanvanklik ondervind die pre-neurotiese individu 'n algemene gevoel van ongemak, twyfel en onsekerheid. Hy probeer die balans herstel deur die oorsaak van sy ongemak op te spoor, maar as gevolg van die feit dat hy reeds in 'n emosioneel-gespanne toestand is, is hy nie daartoe instaat om volkome objektief teenoor homself of sy omgewing te staan nie. Omdat hy nie sy probleme na waarde kan skat nie, en hulle nie kan oplos nie, word sy twyfel groter; hy verloor sy selfvertroue. Hieruit spruit 'n nog sterker strewe as voorheen voort om homself in 'n gunstige lig te sien. Die bose kringloop het 'n aanvang geneem en sy strewe na selfverwesenliking het tot gevolg 'n mislukking van sy geldingstrewe. Die neurotiese persoon se grootste probleem is hyself. Hoe hewiger sy strewinge om vir homself meer aanvaarbaar te wees, om meer aansien te verkry, om selfversekerd te wees, ens., hoe meer irrasioneel word die wyses en middele wat hy aanwend om die gunstige toestande te skep. Hieruit kan werklike teenkanting vanaf andere ontstaan.

Vir enige persoon is dit pynlik om kritiek op homself uit te oefen. Die mens is soms daartoe geneig om werklike foute of gewaande foute aan andere persone of situasies toe te skryf. Kritiek op andere is dus minder pynlik as op die eie persoon self. Vir die neurotiese persoon is hierdie selfkritiek nog meer pynlik as vir die normale persoon. Kritiek teen

homself word op sy medemens geprojekteer. Hulle word die skyf van sy misnoeë en ontevredenheid met homself. Sy kritiek op andere, hetsy sy vrou, kinders, ouers, werkgewers of die samelewing in die algemeen word buitensporig hewig en onlogies omdat sy geldingstrewe telkens misluk. In die reël wek sy kritiek en vyandigheid en sy vooroordele soortgelyke reaksies by diegene teenoor wie hy krities staan. Kritiek op die neurotiese individu het 'n vernietigende uitwerking. Die waarde van die kritiek op die persoon gaan verlore as gevolg van die opstuwing van angs wat die neurotiese persoon beleef. Die beangstheid mag dan die vorm aanneem van woede en vyandigheid teenoor die persoon wat hom teregwys op sy foute. Dit mag ook woede en veragting teenoor homself tot gevolg hê.

Dit wil dus voorkom asof die nie-selfaanvaarde individu homself verwerp. Dit skyn ook onwaarskynlik te wees dat die individu positiewe houdings teenoor andere sal hê. Soms wil dit oënskynlik lyk asof die neurotiese persoon homself en sy toestand aanvaar. Hierdie indruk word veral geskep deur uitlatings van: „Ek is nou maar so gemaak", of „Ek is nou maar eenmaal sleg". Dit is kenmerkend van 'n neurotiese self-misleiding waar die persoon sy toestand wil toeskryf aan magte buite hom sonder om self verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar. Omdat hy nie verantwoordelikheid vir sy dade kan aanvaar nie, moet andere die blaam dra en hulle moet beveg word sodat die nie-selfaanvaarde individu se behoefte na erkenning en mag bevredig word (Horney, 1945; Fromm-Reichmann, a.w.).

Horney wys ook daarop dat 'n onrealistiese emosionele lewe by die neurotiese persoon in direkte verband staan tot sy onrealistiese denke. Enersyds voel hy dat sy eie waarde verminder word en dat ander persone steeds hoër bo hom uittroon. Terselfdertyd het hy hierdie persone nodig, maar hy

vrees ~~hulle, is vyandig~~ teenoor hulle en verwerp hulle. By die individu wat homself en andere verwerp is daar 'n neurotiese of sieklike strewe om op die voorgrond te wees; om andere te beïndruk. Die ongemak betreffende sy houdings teenoor homself en teenoor andere, sal waarskynlik weerspieël word in sy ongemak omtrent die houdings van andere teenoor hom. Hulle gedrag hou vir hom gevare in, en hy bly agterdogtig en op sy hoede (Jersild, a.w.).

Hoewel wetenskaplike feite oor hierdie onderwerp relatief min is (Jersild, a.w.), is daar nogtans bewyse dat die persoon wat homself nie aanvaar nie, andere ook nie sal aanvaar nie (Phillips, 1951; Rogers, 1951; Zuckerman et al., 1956); dat die nie-selfaanvaarde individu neuroties en wanaangepas is (Block & Thomas, a.w.; Garner, a.w.); emosioneel onvolwasse en selfgesentreerd (Cole, 1959) en houdings van vyandigheid en vooroordeel het (Adorno et al., a.w.; Buss, a.w.; Cowan et al., 1959; Fromm, a.w.).

In perspektief gesien, wil dit voorkom asof die aan- of afwesigheid van liefde, vyandigheid en vooroordeel (met al die bykomstige verskynsels), kenmerkend kan wees van die normale sowel as die afwykende individu. Wanneer hierdie eienskappe egter irrasioneel en hewig is, interpersoonlike verhoudings versteur, kenmerkend is van neurotiese en afwykende gedrag, wil dit tog as aanduiding dien dat sodanige individue nie instaat is tot selfaanvaarding en aanvaarding van andere nie. Die teenwoordigheid van al die bogenoemde verskynsels soos vyandigheid, vooroordeel, egosentrisiteit, selfliefde, verwerping van die self en van andere en oënskynlike aanvaarding gee dus 'n beeld van 'n persoon wat homself nie aanvaar nie.

## 4. Eienskappe van Selfaanvaarding.

Die mens is bewus van sy tekortkomings en aanvaar homself dus nie. Dit is eintlik 'n normale verskynsel. Met

verloop van tyd en omstandighede, of deur psigoterapie, leer hy mettertyd dat hy nie al sy tekortkomings kan uitskakel nie, dat hy nie van hulle ontslae kan raak nie, dat hy hulle nie kan ontvlug nie en dat hy genoodsaak is om met hulle mee te leef. Hy moet hulle dus aanvaar indien hy in 'n normale persoonlikheid wil ontwikkel. Met ander woorde, selfaanvaarding ontstaan dus in die reël uit 'n toestand van nie-selfaanvaarding. In hierdie sin kan selfaanvaarding gesien word as teenhanger van nie-selfaanvaarding. Die eienskappe van selfaanvaarding kan dus gesoek word as die teenhanger van eienskappe van nie-selfaanvaarding.

Uit die bogenoemde ontleding en bespreking van nie-selfaanvaarding is gewys op sekere kenmerke van die nie-selfaanvaarde individu. Die meeste van die eienskappe was negatief, onwenslik en kenmerkend van emosionele versteurings. Die verwagting is dat die eienskappe van selfaanvaarding betrekking sal hê op gesonde persoonlikheidsgroei en -ontwikkeling; op 'n emosioneel stabiele en volwasse persoonlikheid.

Uit 'n ontleding van die norme wat deur verskeie sielkundiges (Berger, 1952, 1955; Block & Thomas, 1955; Cole, 1959; Fromm, 1957; Fromm-Reichmann, 1959; Horney, 1937, 1945; Jersild, 1957; Lehner & Kube, 1955, 1964; Wijngaarden, 1955) daargestel is, blyk dit dat eienskappe van o.a. liefde; afwesigheid van vyandigheid en vooroordeel; gesonde interpersoonlike verhoudings; selfagting; emosionele stabilitiet en volwassenheid; afwesigheid van egosentrisme en neurotiese eienskappe; selfvertroue en vertroue in sy medemens en aanvaarding van andere, algemeen aanwesige kenmerke van die selfaanvaarde individu is.

Die belangrikste van bogenoemde eienskappe is miskien liefde en aanvaarding van andere, alhoewel hulleself soveel gemeen het dat hulle nouliks geskei kan word. Al die ander eienskappe kan hieruit afgelei word, of is hoedanighede van

liefde en aanvaarding van andere. Dit wil sê indien 'n persoon homself aanvaar het hy homself sowel as andere lief en aanvaar hy hulle.

Die bespreking van eienskappe van selfaanvaarding hieronder, sal die klem hoofsaaklik laat val op liefde en aanvaarding van andere, met al die ander eienskappe daarin saamgevat.

(a) Liefde:

Liefde vir die self en vir andere vorm 'n belangrike deel van die volwasse persoonlikheid, en van gesonde interpersoonlike verhoudings. Liefde vir die self en vir andere is nie van mekaar te skei nie, soos onder andere blyk uit die siening van volwasse liefde deur Fromm-Reichmann (a.w.):

> „.... the state of interpersonal relatedness in which one is as concerned with the growth, maturation, wellfare, and happiness of the beloved person as one is with one's own. This capacity for mature love presupposes the development of a healthy and stable self-respect" (p.82).

Met ander woorde, die individu wat homself liefhet, het andere ook lief; hy het 'n gesonde belangstelling in die algemene welsyn van sy medemens soos in sy eie; sy eie belange word nie bó of ondergeskik gestel aan die van andere nie. Sy gesonde selfagting spruit voort uit die feit dat hy homself aanvaar soos hy is ---- al het hy ook foute en tekortkominge. Die persoon wat homself en andere liefhet, is dus 'n emosioneel volwasse en gebalanseerde individu sonder irrasionele houdings van vyandigheid en vooroordeel.

Hierdie bogenoemde siening wat onderliggend is aan alle gesonde verhoudings, en aan 'n gesonde persoonlikheid, word kernagtig saamgevat in die Bybelse „Jy moet jou naaste liefhê soos jouself". Dit impliseer dat die mens se agting en respek vir sy eie integriteit en vermoëns, sy liefde vir, en begrip van homself nie losgemaak kan word van liefde, agting

en begrip van andere nie.

Ware liefde is dan liefde waarin die individu bereid is om volkome tot sy medemens gerig te wees (Wijngaarden, a.w.) en tot homself, al sou daar ook hoedanighede in homself en andere wees waarteen besware ingebring kan word. Die liefde is die samebindende faktor in interpersoonlike verhoudings, en dit is in die liefde dat die mens die laaste hoop het om te ontkom aan die vrese en angste van algehele verbrokkeling (Benda, 1961).

(b) Aanvaarding van andere:

Na verwant aan liefde is aanvaarding van andere. Laasgenoemde bring mee dat die persoon met sy hele wese tot sy medemens gerig is, en dat hy tot diens van andere wil wees; dat hy bereid sal wees en instaat is om andere te aanvaar soos hulle is, met al hulle foute en tekortkominge, en sonder dat hulle gebreke as verwyte aangewend word of uitgebuit word. Hy het andere lief in dieselfde mate wat hy homself liefhet. Hy het agting vir hulle hele menswees. Die persoon wat andere aanvaar is nie egoïsties, selfsugtig of selfgesentreerd nie. Indien hy negatiewe houdings teenoor andere het, of hulle vrees, en dit konflikte in hom veroorsaak, is selfaanvaarding en aanvaarding van andere nie aanwesig nie (Horney, 1937). Die individu wat andere aanvaar, kom nie in opstand teen gesagsfigure nie en is nie vyandig teenoor hulle nie. Sy houdings en gedrag teenoor andere is nie sodanig dat dit aanleiding gee tot versteurde interpersoonlike verhoudings nie (Fromm-Reichmann, a.w.; Horney, 1945.).

As gevolg van die feit dat ons hier te doen het met 'n gebalanseerde en volwasse individu, sal hy ander persone nie verwerp of veroordeel omdat hulle gedrag en sienswyses in teenstelling is met sy eie nie. Hy gun elke persoon die reg om sy eie standpunt te huldig. Ander persone hou vir hom geen bedreiging in nie, en hy sal hulle dus nie probeer

oorheers of domineer of vrees nie. Aangesien hy 'n besef het van die waardes en vermoëns van andere, sal hy nie bereid wees om verantwoordelikhede vir hulle te aanvaar nie. Hy sal ook nie op hulle neersien of inbreuk maak op die regte van sy medemens nie. Wanneer hy sy eie welvaart wil bevorder, sal hy versigtig wees om geen ander persoon op enige wyse te skaad of te benadeel nie (Berger, 1955).

(c) Ander eienskappe van selfaanvaarding:

Aangesien die persoon wat homself aanvaar besef dat hyself in 'n mindere of meerdere mate onderworpe is aan sekere gebreke of tekortkominge, maar homself nie daarom minag of verag nie, is die persoon tevrede met sy self-konsep (Lehner & Kube, 1964); is die verskil tussen sy waargenome self en ideale self gering. Die aanwesige verskil kan moontlik toe te skryf wees aan die mens se normale strewingslewe. 'n Groot verskil dui egter op nie-selfaanvaarding (Block & Thomas, a.w.).

Op grond van die feit dat die persoon relatief tevrede met homself en sy toestand is, vertrou hy hoofsaaklik op interne waardes en standaarde eerder as op druk van buite. Hy is daartoe instaat om homself te handhaaf. In teenstelling met die neurotiese persoon, aanvaar die selfaanvaarde individu verantwoordelikheid en konsekwensies van sy gedrag. Ander persone of situasies word nie blameer nie.

Kritiek of waardering wat op hom uitgespreek word, word objektief aanvaar. Sy eie gevoelens, motiewe, beperkings en vermoëns word sonder self-veroordeling aanvaar. Omdat hy selfagting het, is die selfaanvaarde persoon geneig om homself op dieselfde vlak as andere te sien, en nie as benede hulle nie.

Al sou hy ander persone rede daartoe gee om hom te verwerp, sal hy nogtans nie sulke verwagtings koester nie. Hy beskou homself ook nie anders as ander mense nie, en is nie

skaam of selfbewus nie (Berger, 1952).

Die wêreld is vol persone wat 'n behoefte het daaraan om andere lief te hê, om vriende te maak, maar nie daartoe instaat is nie. As gevolg van skadelike persoonlike ervarings (wat in die vroeë kinderjare kon plaasvind), is hulle bang om deur die skanse te breek wat hulle bewustelik of onbewustelik om hulleself gebou het. Hulle is bang om 'n deelname te hê aan die proses van gee en neem, wat 'n vereiste van liefde is. ✓Die uiterste onvermoë tot liefde word by die psigotiese persoon aangetref.

Die mens kan nie verwag om liefde te ontvang as hy self weier om liefde te gee nie. Dit kan ook nie van andere verwag word om voortdurende liefde te gee indien ons weier om dit te aanvaar nie. Die goed aangepaste persoon het behoefte daaraan om liefde te gee en te ontvang (Lehner & Kube, a.w.).

5. Oorgang van nie-selfaanvaarding na selfaanvaarding.

Omdat nie-selfaanvaarding 'n primêre verskynsel is waaruit selfaanvaarding sy ontstaan het, dit wil sê as 'n sekondêre verskynsel tot stand kom, kan ons dus praat van 'n oorgang van nie-selfaanvaarding na selfaanvaarding. Die oorgang kan vanself plaasvind, of dit kan deur klinies-sielkundige leiding geskied.

(a) Normale Oorgang na Selfaanvaarding.

Volgens die Individuaalpsigologie van Adler, het elke mens 'n minderwaardigheidsgevoel. Elke mens voel hom dus minderwaardig op fisiese-, of geestelike- of ekonomiese gebied. As gevolg van hierdie minderwaardigheidsgevoel is daar dus by elke individu 'n strewe om sy minderwaardigheid, waarmee hy ontevrede is, te oorwin. Die mens se geldingstrewe spruit voort uit sy minderwaardigheid op 'n sekere gebied. Elke persoon koester sekere ideale wat nagestreef word om vir die minderwaardigheidsgevoel te kompenseer. Die aard van die ideale wat nagestreef word, wat verwesenlik moet word, en

die vermoëns van die persoon of die middele tot sy beskikking, sal bepaal of die ideale bereik sal word of nie; of die geldingstrewe gaan misluk of slaag.

Hoe hy ook al strewe om te kompenseer, bly daar nog altyd toestande oor waarmee hy nie tevrede voel nie. Met ander woorde, hy slaag nooit daarin om vir sy gebreke absoluut ten volle te kompenseer nie. Daar bly altyd toestande oor wat hy nie kan aanvaar nie. Maar met tyd, rypheid en ouderdom kom die meeste mense daartoe om hulle swakhede en mislukkings te erken en te aanvaar. Met toenemende volwassenheid is die persoon daartoe instaat om sy vermoëns te ontwikkel, om 'n beter insig in situasies te verkry en om dinge aan te pak en op te los, wat binne sy fisiese, geestelike en sosiale vermoëns val.

Die fisies gebreklike, gestremde of swak individu is nie instaat om sy gebrek of onvermoë te verander of te verbeter nie. Deur ontwikkeling en ervaring het hy geleer op welke wyses hy met sy gebrek(e) oor die weg kan kom sonder dat hy homself noodwendig minderwaardig hoef te voel. Dit gaan nie meer vir die persoon daarom om op dieselfde vlak en gebied as andere te presteer nie. Vir hom gaan dit om 'n benutting van die vermoëns waaroor hy beskik. Hy besef dat hy tot baie instaat is, al het hy dan ook 'n agterstand. Hy aanvaar hom mettertyd soos hy is. Hy kom nie meer in opstand teen homself of teen toestande nie, maar hy berus in die feit dat hy geskape is met hierdie fisiese agterstand. Terselfdertyd is hy egter ook dankbaar vir ander vermoëns waaroor hy beskik, en wat hy tot nut van andere kan aanwend.

Op dieselfde wyse kom 'n persoon wat hom op sosiale of geestelike gebied onbeduidend voel, tot selfaanvaarding. Hy besef dat daar sin is in sy toestande, dat hy niks sal baat deur hom daarteen te verset nie. Dit is asof hy daartoe gedwing word om sy vrou, kinders, ouers, finansiële status, ens. te aanvaar. Geen radikale ommeswaai in die

toestande is moontlik nie. Die toestande is nie meer frustrerend of onlogies nie. Die lewe en die toestande waarin hy hom bevind word sinvol vir die individu en hy aanvaar homself in hierdie aanvaarde wêreld.

(b) Oorgang na selfaanvaarding op grond van psigoterapie.

Vir baie persone is dit nie moontlik om die normale oorgang van nie-selfaanvaarding na selfvaarding te bewerkstellig nie. Hulle is nie daartoe instaat om hulleself sonder hulp van buite te aanvaar nie. Die probleme waarmee hulle worstel het te groot geword. Hulle raak daardeur emosioneel ongebalanseerd en onstabiel. Hulle godsdiens het geen sin meer nie, en interpersoonlike verhoudings is vir hulle duister en skrikwekkend. Vir hierdie persone is dit nodig om hulp te kry van iemand wat kennis dra van probleme van hierdie aard, dit wil sê die kliniese sielkundige, pastoraal-psigoloog of selfs psigiater, met ander woorde psigoterapie moet op hulle toegepas word. Dit geskied op grond van beginsels soos die onderstaande: METODE

① Die verhouding tussen die nie-selfaanvaarde individu en die terapeut gaan 'n beslissende invloed uitoefen op die mate van sukses wat behaal gaan word om die oorgang na selfaanvaarding te bewerkstellig.

Waar die persoon voorheen andere nie aanvaar het nie, vyandig was teenoor hulle, ens., is hy nou in 'n terapeutiese situasie waar die atmosfeer sodanig is dat hy voel hy word toegelaat om vrylik oor sy probleme te gesels sonder om agterdogtig te wees of om agterdog by die terapeut te wek; hy is in 'n beskermde situasie waar hy die werklikheid kan uittoets, waar hy foute kan maak sonder om die gevoel van skaamte of skuld te ervaar soos in die buitewêreld. In die terapeutiese situasie (en veral in groepsterapie) voel die individu dat hy verstaan word. Sy probleme vul die terapeut of medepasiënte nie met weersin nie, en hulle verag hom nie.

Hulle verstaan sy houdings en handelwyses. Deurdat hy toegelaat word om vrylik te praat oor dinge wat hy nie met ander persone kan bespreek nie, is die persoon instaat om steurende reaksies te blus, soos byvoorbeeld skuldgevoelens. Die persoon kry ook die geleentheid om te ontlaai. 'n Gevoel van emosionele verligting tree in namate die jarelange opgekropte gevoelens vrylik uitgespreek en afgereageer word.

Die belangrikste faktor in die terapeutiese situasie is egter die houding van aanvaarding van die terapeut. Die pasiënt voel dat die terapeut hom aanvaar soos hy is. Sy probleme of houdings gee nie daartoe aanleiding dat die terapeut hom verag of verstoot en vyandig gesind is nie. In die positiewe oordrag wat hieruit ontstaan, kom die pasiënt geleidelik (met die leiding van die terapeut) tot die besef dat sy houdings en gedrag teenoor homself en teenoor andere, nie van so 'n aard is dat hy homself hoef te verag nie. As een ander persoon hom aanvaar soos hy is, kan ander persone dieselfde doen, asook hyself. Hierdeur kom hy tot die besef dat hy wel oor wenslike eienskappe beskik (Thorpe & Katz, 1948). Die kern van die oorgang na selfaanvaarding is dus opgesluit in die feit dat die terapeut altyd en onder alle omstandighede bereid is om die nie-selfaanvaarde individu te aanvaar.

In psigoterapie word die pasiënt geleidelik gelei tot 'n realistiese beoordeling van sy houdings teenoor homself en teenoor andere. Namate die behandeling vorder en insig bewerkstellig word, tree daar ook 'n geleidelike verandering en verbetering in die emosionele toestand van die individu in. Die ondersoek van die terapeut na oorsaak-gevolg verhoudings of die doel-plan van sy lewe, het deurgedring tot die faktore wat verantwoordelik is vir die nie-selfaanvaarding van die pasiënt. Die persoon kry dieper insig in die

verhouding tussen sy emosies en houdings of gedrag, tussen sy waarnemings en oordele. Sy probleme bly nie langer as onbewuste komplekse voortbestaan nie, maar die terapeut help die pasiënt om tot 'n realistiese siening van homself en andere te kom.

Die nie-selfaanvaarde individu is verstrik in probleme, en dit is die terapeut se taak om hom so te lei dat hy uit sy eie verstrikking kan los kom. Hy moet sy eie probleme insien en 'n weg daaruit vind (met behulp van die terapeut). Die terapeut het met 'n verskeidenheid van toestande te doen, waarvan die onderstaande as illustrasie kan dien.

Wanneer die wanaangepaste persoon werklik vriendelike persone waarneem as vyandig, onvriendelik of as 'n bedreiging, kan hy hulle handelinge nie korrek interpreteer nie. Sy siening beperk sy reaksies, motiewe en die omvang van sy gedrag. Die grense van sy begrip is so eng dat, om die gedrag van andere en van homself te verstaan, te voorspel en te interpreteer, vir die persoon onmoontlik is. Hierdie swakheid laat hom beangs en versteurd. Deur middel van psigoterapie trag die terapeut dus om 'n verandering te weeg te bring in die interpretasie-wyse en soort interpretasie van die wanaangepaste individu. Hy word gelei om sy eie en andere se motiewe te ondersoek om sodoende te sien hoe sy interpretasies 'n weergawe van sy eie behoeftes is.

'n Wanaangepaste individu met 'n verwronge lewensfilosofie of verwronge waarde-oordele, is geneig om beoordeling te doen wat aanleiding gee tot verdere probleme. Hy mag dus vyandig of bevooroordeeld wees sonder enige werklike gronde vir sy houdings. Die vermoë om sy oordeel op te skort is 'n eienskap van emosionele volwassenheid, wat gewoonlik by die wanaangepaste persoon ontbreek. Die terapeut probeer die nie-selfaanvaarde individu help om hierdie volwassenheid te verkry.

Vir enige persoon is dit belangrik om sy eie behoeftes te begryp. Hierdie behoeftes motiveer en rig die mens se gedrag. Hulle is die stukrag in die bepaling van die mens se doelstellings, self-konsepte en die wyse waarop die mens tot interpretasies en oordele kom. Psigoterapie poog om die pasiënt te help om die behoeftes te herken wat hom motiveer. Dit help hom om te sien waarheen sy behoeftes hom lei, en om tot 'n begrip te kom van die belangrike rol wat dit in sy strewinge speel.

6. 'n Eie beskouing op prinsipiële grondslag.

Die Sielkunde beskik vandag oor 'n rykdom van feitekennis oor die mens. Hierdie feite mag deur geen sielkundige verontagsaam word nie. Hoewel die feite onmisbare gegewens bied, gee dit ons geen volledige beeld van die menslike persoonlikheid nie. Elke wetenskaplike moet sy eie persoonlikheidsbeeld formuleer. Dit doen hy op grond van die empiriese feite, maar in die lig van sy eie lewens- en wêreldbeskouing, dit wil sê volgens sy eie norms en prinsipes. Hierdie prinsipes word nie deur die vakwetenskap bewys nie, maar word aanvaar as 'n onbewese waarheid, dit wil sê hy aanvaar dit omdat hy daarin glo. Daarom het elke individu die reg om sy eie prinsipes vir sy mensbeeld daar te stel.

Uitgaande hiervan wil ek in alle beskeidenheid stel dat 'n oplossing van selfaanvaarding en aanvaarding van andere gevind kan word in 'n Christelike siening, en dat psigoterapie van die nie-selfaanvaarde individu vanuit 'n Christelike standpunt benader kan word. Verder glo ek dat die mens op aarde verkeer deur die Skeppingsdaad van God en dat hy, volgens die Skrif, na die beeld van God geskape is. Ek aanvaar voorts die sondeval, waardeur die goedgeskape mens 'n verdorwe natuur aangeneem het.

In die lig van hierdie beskouing sien ek die mens, wat in sonde ontvang en gebore is, in die eerste plek as 'n

„goeie" wese, maar ook 'n wese vol tekortkomings en gebreke. So ook is die natuurmilieu, kultuur-milieu en sosiale-milieu waarin hy verkeer.

Deur sy sosiale-milieu het die mens 'n basis waardeur hy homself met sy medemens kan vergelyk. So 'n vergelyking laat hom besef dat hy eienskappe en vermoëns besit wat minderwaardig is aan sommige van dié van sy medemens. Verder is daar by hom 'n gevoel dat hy hierdie minderwaardighede nie aanvaar nie. Hierdie houding van nie-aanvaarding gee aanleiding tot die ontstaan van talle houdings teenoor homself, teenoor sy medemens en teenoor die lewe in die algemeen, soos in die voorgaande paragrawe aangetoon is. Dit is dus empiriese feite wat wetenskaplik aangetoon is. Dit is verder wetenskaplik aangetoon dat die mens hom hierdeur self nie aanvaar nie, en dat hy tot 'n mate vir hierdie tekortkomings op verskillende wyses kompenseer en met 'n mindere of meerdere mate van sukses. Nogtans bly daar gebreke en tekortkomings oor wat nie deur kompensasie ondervang kan word nie. Met die tyd, deur ryper insig wat verwerf word of deur psigoterapie word hy gelei tot 'n mindere of meerdere aanvaarding van homself en ook van andere. Dit is ook wetenskaplik aangetoon.

Om die nie-selfaanvaarde individu deur psigoterapie tot selfaanvaarding te lei, moet vanuit 'n eie prinsipiële standpunt uitgegaan word.

Uitgaande van die Skeppingsgedagte en die Skrifwaarhede, word die persoon tot die besef gelei dat elke mens met spesifieke vermoëns geskape is, en dat elke mens waarde het. Die een het tien talente, terwyl die ander slegs een talent het; dat elkeen geroepe is om die beste te maak van sy toerusting; dat hy tevrede moet wees met sy toerusting omdat God dit so vir hom beskik het; dat God in Sy beskikking die beste weet wat vir elke mens goed is. Die mens moet dit dus so aanvaar - hy moet homself aanvaar soos hy is. Hy moet egter nie gaan

stilsit nie, maar hy moet woeker met wat hy het.

Omdat die mens dan in sonde ontvang en gebore is, sal daar neigings by hom ontstaan om nie die bestiering en wil van God as sulks te sien en te aanvaar nie. Hy sal dus nie sy tekortkomings asook homself wil aanvaar nie. As hy 'n gelowige is, moet 'n beroep op sy geloof gedoen word, sodat hy sy toestand in hierdie lig sal beskou. Maar slegs deur leiding van die gelowige terapeut kan hy tot hierdie insigte en uiteindelike selfaanvaarding kom. Hierdeur sal hy ook kom tot aanvaarding van sy medemens, soos wetenskaplik aangetoon is, naamlik dat as hy homself aanvaar, hy ook andere sal aanvaar. Indien hy homself aanvaar as 'n skepsel van God, met sekere waardes en gebreke, sal hy sy medemens ook aanvaar ten spyte van hulle gebreke. Deur die leiding van die gelowige terapeut kom die persoon tot 'n besef van die gebod dat jy jou medemens moet liefhê soos jouself.

Psigoterapie vanuit hierdie prinsipe sluit die neutrale tegnieke van psigoterapie in. Dit lei die persoon tot insig van sy probleme en gebreke en tot aanvaarding van laasgenoemde. Maar dit doen ook baie meer. Dit lei tot die insig dat elke mens oor spesifieke vermoëns beskik wat aan hom toebedeel is, en dat dit Gods wil is. Dit maak hom ook bewus van Gods wet en doen op hom 'n beroep om hierdie Wet gehoorsaam te wees.

As gelowiges glo ons dat hierdie benadering van die probleem van nie-selfaanvaarding en aanvaarding nie alleenlik 'n suiwerder siening van die saak is nie, maar dat dit 'n beter psigoterapie kan bring, wat uiteindelik sal lei tot 'n gehoorsaming van Godswet, in 'n berusting in Godswil en 'n groter geluk vir die mens op aarde.

# HOOFSTUK 2.

## 'n Empiriese ondersoek van selfaanvaarding en aanvaarding van andere by manstudente.

### 1. Inleiding.

Nadat ons 'n beskouing, aan die hand van die literatuur, gekry het van wat selfaanvaarding is, kan nou oorgegaan word tot die eintlike doelstelling van hierdie ondersoek, naamlik om empiries vas te stel hoe selfaanvaarding en aanvaarding van ander by 'n groep manstudente aan die universiteit voorkom. Vir die universiteit het ons as universum gekies twee Afrikaanse universiteite en die finale toetsgroep uit een van hierdie universiteite getrek.

Om selfaanvaarding en aanvaarding van ander te kan meet, moes eers die nodige instrumente hiervoor verkry word. Eers is kortliks nagegaan wat reeds in hierdie verband gedoen is. Omdat 'n algehele oorsig hiervan buite die bestek van hierdie verhandeling val, is enkele navorsings vir hierdie doel uitgekies. Daarna is oorgegaan tot die samestelling van 'n geskikte metinginstrument vir die doel van hierdie ondersoek.

### 2. 'n Oorsig van enkele navorsings in verband met selfaanvaarding en aanvaarding van andere by groepe normale en afwykende persone.

#### (a) Houdings teenoor die self en teenoor andere:

Die stukrag wat aanleiding gegee het tot navorsing in verband met houdings teenoor die self en teenoor andere, dit wil sê selfaanvaarding en aanvaarding van andere, het skynbaar sy oorsprong gehad by Rogers (1951) se teorie dat 'n persoon wat homself nie aanvaar nie, ook nie instaat sal wees om andere te aanvaar nie.

Op grond van hierdie teorie het Sheerer (1949) bewerings van tien pasiënte ondersoek wat tydens terapie gemaak is. Hiervolgens kon daar 'n verband tussen selfaanvaarding en aanvaarding van andere bestaan. Deur middel van beoordeling

deur 'n aantal beoordelaars het sy tot die gevolgtrekking geraak dat daar wel so 'n positiewe verband bestaan. Sy het verder bevind dat daar 'n toename was van beide selfaanvaarding en aanvaarding van andere gedurende die tweede helfte van terapie, toe daar reeds 'n verbetering by die pasiënte aanwesig was. 'n Logiese gevolgtrekking sou wees om hierdie bevindings te interpreteer as sou terapie 'n toename bewerkstellig het wat betref die pasiënte se selfaanvaarding, en gevolglik ook hulle aanvaarding van andere (Goldfried, 1963). In werklikheid is daar egter geen aanduiding dat veranderinge in selfaanvaarding die veranderde houdings teenoor andere voorafgegaan het nie. As gevolg van die feit dat slegs tien gevalle ter sprake was, kon geen positiewe korrelasies verkry word nie (a.w.). Ten spyte van die feit dat Stock (Goldfried, a.w.) ook resultate soortgelyk aan die van Sheerer verkry het, kon sy geen positiewe korrelasie vind tussen die gevoelens omtrent die self tydens een sessie, en die gevoelens omtrent andere in 'n volgende sessie van dieselfde tien pasiënte nie. Die omgekeerde benadering kon ook geen positiewe resultate toon nie.

'n Ander benaderingswyse was om gebruik te maak van verskillende tipes vraelyste vir die meting van selfaanvaarding. Phillips (1951), Berger (1952) en McIntyre (1952) het op grond van die vraelysmetode positiewe korrelasies gevind tussen selfaanvaarding en aanvaarding van andere. 'n Vraelys van 50 items is deur Phillips (a.w.), op grond van Sheerer se ondersoek, saamgestel en op verskillende groepe individue toegepas. Ook Berger (a.w.) se resultate is gebaseer op ondersoek van 'n wye omvang: gevangenes, stotteraars en studente, terwyl McIntyre (a.w.) gebruik gemaak het van die vraelys van Berger en dit op 'n groot aantal manstudente toegepas het. Die Pearson-produk-moment korrelasie-koëffisiënt tussen die selfaanvaarding en aanvaarding van andere skale van Phillips was ongeveer 0.46.

Scher (1955) kon daarin slaag om met behulp van die „Berger's Test of Expressed Acceptance of Self and Expressed Acceptance of Others" (a.w., p. 2579) en twee graderingskale, 'n positiewe verwantskap te vind tussen duidelike (expressed) aanvaarding van die self en waargenome aanvaarding van die self deur die groep, asook 'n positiewe verwantskap tussen duidelike aanvaarding van andere en waargenome aanvaarding van die self, deur die groep. Lehner (Goldfried, a.w.) het getrag om die verwantskap te bepaal tussen waarnemings van die self en van ander by 'n groep studente. Die „California Test of Personality" (C T P) is toegepas soos dit van toepassing sou wees op hulleself en op die gemiddelde persoon. Hoewel die tellings op 'n betekenisvolle positiewe verwantskap gedui het, het die studente deurgaans 'n hoër aanpassingstelling vir hulleself verkry. Aan die hand van Kimber (Goldfried, a.w.) se bevinding dat die C T P hom maklik tot ontduiking (faking) leen, twyfel 'n mens of Lehner in werklikheid aanpassing gemeet het.

In 'n ondersoek van sekere persoonlikheidseienskappe van anti-Semitiese Jode, het Sarnoff (Goldfried, a.w.) 'n indirekte aanduiding gevind van die verhouding tussen houdings teenoor die self en houdings teenoor andere. Sy bevinding was dat Jode wat 'n hoë anti-Semitiese telling behaal het, die neiging getoon het om meer negatiewe houdings teenoor hulleself te koester, as diegene met lae tellings. Daar bestaan skynbaar 'n neiging dat persone andere beoordeel ten opsigte van hulle houdings teenoor hulleself. Hierdie neiging is bewys van die verwantskap tussen selfaanvaarding en aanvaarding van andere (Suinn & Hill, 1964). Korrelasies wissel tussen .36 en .74.

Die ondersoeke na die verwantskap tussen selfaanvaarding en aanvaarding van andere het mettertyd ook uitgebrei na die psigopatologie. Daar is pogings aangewend om vas te stel of aanpassing en wanaanpassing enige invloed gaan hê op 'n

persoon se houdings teenoor homself en teenoor andere.

Adler (Goldfried, a.w.) het van die standpunt uitgegaan dat die neurotiese persoon geneig is om andere te verkleineer ten einde sy minderwaardigheidsgevoelens te verlig. Die ondersoeke wat hierop gebaseer is, het hoofsaaklik sekere maatstawwe van wanaanpassing met houdings teenoor self en teenoor andere gekorreleer, of neurotiese persone is met normale persone vergelyk ten opsigte van hulle houdinge teenoor andere (Berger, 1955; Block & Thomas, 1955; Friedman, 1955; Goldfried, a.w.; Wahler, 1959; Zuckerman & Monashkin, 1957; Zuckerman, Baer & Monashkin, 1956).

Wahler (a.w.) het die aggressiewe neigings by normale persone (n=30) en gediagnoseerde neurotiese persone (n=24) ondersoek. Van die individue was verwag om een woord uit 'n aantal deurmekaar geskommelde woorde te haal, en 'n sin saam te stel met die oorblywendes. Afhangende van die weggelate woord, kon die sin 'n neutrale of 'n vyandige strekking hê. Die vyandige sinne kon betrekking hê op menslike of nie-menslike voorwerpe (bv. diere, insekte en plante). 'n Tipiese voorbeeld kan dus wees: man die vernietig soek. Deur een van die twee werkwoorde uit te haal kan die sin as volg lees: vernietig die man (vyandigheid teenoor 'n persoon); of: soek die man (neutrale sin) a.w.). Wahler het geen verskille tussen normale en neurotiese persone gevind in hulle vyandige bewerings ten opsigte van nie-menslike voorwerpe nie. Waar menslike voorwerpe ter sprake was, het die neurotiese persone meer vyandige sinne gemaak as die normale kontrolegroep. Hierdie resultate staaf Luria (1959) se bevindings, naamlik dat neurotiese persone se houdings teenoor hulleself, en teenoor beide hulle ouers, meer negatief was as dié van normale persone.

Zuckerman, Baer & Monashkin (a.w.) het in hulle ondersoek na selfaanvaarding, aanvaarding van ouers en van persone in die algemeen, gevind dat neurotiese en psigopatiese pasiënte hulleself en andere minder aanvaar het as normale persone, en dat aanvaarding van andere betekenisvol gekorreleer het met onafhanklike maatstawwe gebaseer op hulle gevallestudies. Dus, die swakker aangepaste persone aanvaar mense in die algemeen minder.

Daar bestaan 'n kromlynige (curvilinear) verwantskap tussen duidelike selftevredenheid en persoonlike aanpassing (Block & Thomas, 1955). Bogenoemde veronderstelling is op grond van 'n ondersoek van 56 studente bewys.

Die algemene doel van Berger (1955) se ondersoek was om die diagnostiese waarde van die MMPI (Minnesota Multiphasic Personality Inventory) te verhoog in terme van duidelike selfaanvaarding en duidelike aanvaarding van andere, en om aan te toon hoe verskeie tellings of patrone op die MMPI hierdie ander veranderlikes in 'n studente-populasie weerspieël (a.w.). Die proefpersone het bestaan uit 109 man- en 76 damestudente. Die korrelasies tussen die maatstawwe van selfaanvaarding en aanvaarding van andere enersyds, en die MMPI-skale andersyds, was sodanig dat aanvaar kan word dat die persoon wat homself aanvaar en die persoon wat andere aanvaar,

> ".... Can be non-pathological personalities" (Berger, a.w., p. 283).

Die korrelasies was dus negatief.

In 'n ondersoek van 16 normale persone, 16 neurotiese persone en 16 paranoïde skisofrene, het Friedman (1955) gevind dat die normale persone positiewe houdings teenoor die self het, wat gebaseer is op 'n realistiese grondslag. Die neurotiese groep het negatiewe houdings teenoor die self getoon, wat gebaseer is op 'n realistiese waarneming

van versteurings binne die self (a.w.).

> „.... it appears that the extension of the self-concept to include qualities existing outside of awareness or distorted unconsciousness is efficacious and fruitful, particularly in investigations of self-accepting attitudes where positive self-pictures do not necessarily reflect self-acceptance" (Friedman, a.w., p. 615).

Die ondersoek van Zuckerman & Monashkin (1957) het hoofsaaklik betrekking gehad op die resultate wat deur Berger en Block & Thomas verkry is. Zuckerman & Monashkin het gebruik gemaak van 43 psigiatriese pasiënte (18 mans en 25 dames) om vas te stel of die verwantskappe tussen self-aanvaarding en sekere MMPI-skale, soos gevind deur Berger en Block & Thomas op studente, ook van toepassing sal wees op psigiatriese pasiënte, en om vas te stel of daar 'n verwantskap bestaan tussen selfaanvaarding en aanpassing. Ten spyte van die feit dat hierdie ondersoekers gebruik gemaak het van verskillende groepe persone, asook verskillende maatstawwe om selfaanvaarding te meet, is die mate van ooreenstemming in resultate aansienlik (a.w.). Berger het gebruik gemaak van die vraelysmetode, Block & Thomas van Q-sortering (Q-sort) en Zuckerman & Monashkin van adjektiewe waarderingskale (adjective-rating scales). Die resultate van laasgenoemde ondersoekers dui daarop dat selfaanvaarding nie verband het met werklike aanpassing by pasiënte nie.

Fey (1957) het persone op grond van 'n vraelys in vier kategorieë ingedeel: hoë selfaanvaarding en hoë aanvaarding van andere, hoë selfaanvaarding maar lae aanvaarding van andere, lae selfaanvaarding en hoë aanvaarding van andere, en lae selfaanvaarding en lae aanvaarding van andere. Die laaste kategorie het die sterkste aanduidings van onsekerheid of onveiligheid getoon soos aangedui deur die „Edwards Personal Preference Schedule", die F-skaal en die „Bills' adjectives" (a.w.).

'n Meer konkrete benadering tot die meting van aanvaarding van andere is deur Bossom & Maslow (Goldfried, a.w.) van stapel gestuur. Die proefpersone moes naamlik hulle eerste indrukke gee van hoe „warm" of „koud" hulle voel persone is wat op foto's afgebeeld is. Die proefpersone self is ingedeel in 'n hoë en lae telling-groep van onsekerheid. Die resultate het getoon dat diegene wat seker en veilig voel 'n gradering van „warm" gegee het, terwyl die onseker groep die foto's as „kouer" gegradeer het.

Deur gebruik te maak van Rotter se onvoltooide sinne, het Cranwell & Bellugi (Goldfried, a.w.) eers 'n aantal persone se mate van aanpassing bepaal. Daarna moes die persone hulleself gradeer op 'n reeks beskrywende eienskap-adjektiewe (descriptive trait adjectives). 'n Vreemde persoon is daarna deur die proefpersone met behulp van die adjektiewe gegradeer. Die resultate het aan die lig gebring dat die vlak van selfevaluering nie alleen positief verwant was aan die vlak van aanpassing nie, maar ook tot die vlak van evaluasie van die vreemdeling (a.w.).

Die ondersoek van Pilisuk (1963) het die veronderstelling getoets dat daar 'n verwantskap bestaan tussen selfaanvaarding en angstigheid (anxiety) (1). Hierdie verwantskappe is verder vergelyk met onbevooroordeeldheid. Die korrelasie wat verkry is tussen selfaanvaarding en angstigheid was -.629. Duidelike angstigheid het 'n geringe positiewe korrelasie getoon met die neiging om 'n bedreiging te verwerp en met gesagsverdediging (Authoritarian Defense), terwyl selfaanvaarding 'n negatiewe verwantskap met hierdie veranderlikes getoon het.

---

(1) Angstigheid word gesien as karakterologiese eienskap, wat die gevolg is van langdurige bedreiging van die self (Pilisuk, 1963).

> „The study leaves tenable the hypothesis that anxiety may be defined as a threat to the self and that it tends to be met by cognitive constriction, at least in matters pertaining to the self-concept" (Pilisuk, a.w., p. 391).

Fiedler, Warrington & Blaisdell (1952) het gevind dat individue diegene in hulle groep van wie hulle hou, beskou as méér ooreenstemmend met hulleself en met hulle ideale self as in die geval van groeplede van wie hulle nie hou nie. Die persone se onbewuste houdings het dus wel 'n invloed uitgeoefen op hulle houdings teenoor andere (a.w.).

(b) <u>Gebreke en probleme in navorsing van selfaanvaarding</u>.

Soos te wagte kan wees, het die navorsing van selfaanvaarding en aanvaarding van andere hand-aan-hand gegaan met navorsing ten opsigte van die metodes waarvolgens selfaanvaarding gemeet is (Crowne & Stephens, 1961; Crowne, Stephens en Kelly, 1961; De Soto, Kuethe & Bosley, 1959; Edwards, 1957; Goldfried, 1963; Korner, Allison, Donoviel & Boswell, 1963; Lundy, Katkovsky, Cronwell & Shoemaker, 1955; Reese, 1961; Wahler, 1959; Zuckerman & Monashkin, 1957).

Ten spyte van die hoë korrelasies tussen selfaanvaarding en aanvaarding van andere, het Goldfried (a.w.) sterk bedenkings teen die maatstawwe wat aangewend word om die veranderlikes te meet, aangesien die metodes sowel as die maatstawwe mank gaan aan gebreke. Ondersoek oor hierdie onderwerp verskil baie ten opsigte van die wyse waarop dit gemeet word. Tesame hiermee duik die probleem van die keuse van items in die vraelyste op. 'n Ernstige tekortkoming in die meting van die meeste houdings teenoor die self en teenoor andere, is die gevolg van sosiale wenslikheid (a.w.). Dit word aangevoer dat 'n persoon se antwoorde heeltemal mag verskil van sy werklike gevoelens, omrede hy glo dat dit die sosiaal wenslike antwoord is

(a.w.; De Soto et al., a.w.) Hierby kom ook nog die feit dat navorsing bemoeilik word deur responswyses (response styles) (Goldfried, a.w.). Dus sal sommige persone „JA" en ander „NEE" antwoord op items in 'n vraelys, sonder inagneming van die betekenis van die items. Dit is nodig dat die verwarrende veranderlikes van sosiale wenslikheid en responswyses uitgeskakel sal word. Goldfried waarsku ook teen skattings deur pasiënte, aangesien die moontlikheid bestaan dat die pasiënte beïnvloed mag word deur die wyse waarop hulle voel die terapeute wil hê hulle moet reageer.

Korner et al. (a.w.) het die verwantskappe tussen verbale en nie-verbale maatstawwe van selfaanvaarding ondersoek. In hulle ondersoek het hulle gebruik gemaak van twee nie-verbale tegnieke, naamlik die standaard persoonstekening en 'n gefotografeerde silhoeët van 'n persoon. Die veronderstelling waarvandaan uitgegaan is, is dat individue wat konflikte in hulle liggaamsbeeld (body image) in die persoonstekeninge toon, swak sal vaar op onafhanklike maatstawwe van selfaanpassing. In die tweede nie-verbale tegniek was gebruik gemaak van die silhoeët van die proefpersoon self, tesame met sewe ander silhoeëtte van persone van dieselfde geslag. Die veronderstelling hier was dat die persone wat gevoelsversteurings ten opsigte van hulle eie liggame het, geneig sal wees om hulle eie silhoeëtte naby die afkeurkant van hulle voorkeur-afkeur rangskikking te plaas (a.w.).

Die „Bills Index of Adjustment and Values" is op 104 hoërskool leerlinge toegepas. Op grond van aanpassingstellings is die nege bes-aangepaste seuns en die nege bes-aangepaste dogters uitgesoek vir verdere ondersoek. Die drie verbale veranderlikes wat met die nie-verbale metodes vergelyk is, was die „Bills Adjustment Score",

die „Bills Self-acceptance Score" en die „Bills Discrepancy Score" (Korner et al., a.w., p.132). Die interkorrelasies tussen die maatstawwe het nie betekenisvol van nul verskil nie. Dit kan afgelei word dat hierdie tellings nie geldige maatstawwe van selfaanvaarding was nie, of dat selfaanvaarding nie die eenheidseienskap is wat sommige ondersoekers beweer dit is nie (a.w.).

'n Ander omvattende ondersoek (Crowne, Stephens & Kelly, 1961) het ingegaan op die moontlikheid dat verskillende maatstawwe van selfaanvaarding ekwivalent is. Bills, Omwake en Cowan (Crowne et al., a.w.) het korrelasies tussen verskillende maatstawwe van selfaanvaarding gevind wat gewissel het van 0 tot .56, afhangende van die besondere toetse wat gekorreleer is. 'n Tweede deel van die ondersoek het gehandel oor die geldigheid van toetse van selfaanvaarding. (2).

Die resultate wat verkry is in die eerste ondersoek, het getoon dat in gevalle waar die metodes identies is, die gemiddelde korrelasies tussen selfaanvaarding-toetse .60 en .80 vir mans en dames onderskeidelik is. Die gemiddelde interkorrelasies vir nie-identiese metodes, is .50 en .45. Een bewys van geldigheid (3) is opgesluit in die ooreenkoms van die verskillende metodes waarvolgens selfaanvaarding gemeet word. Hoewel gelyksoortige toetse hoër ooreenstemmende tellings tot gevolg het as verskillende soorte toetse, is daar nogtans genoegsame verwantskappe tussen al die maatstawwe van selfaanvaarding (a.w.).

---

(2) Studie I: Vir 'n volledige beskrywing van maatstawwe gebruik, sien: Crowne et al., 1961, p.102 - 104. Interkorrelasies tussen ses selfaanvaarding-toetse en Aanpassing, Afhanklikheid en Sosiale wenslikheid: Tabelle 2 & 3, p.105.
Studie II: Vir beskrywing van vier selfaanvaarding-toetse en aanpassingsmaatstaf, sien p.107 - 108. Interkorrelasies van selfaanvaarding-toetse en aanpassingstelling: Tabel 4, p. 108 (a.w.)

(3) Vgl. die standpunt van: Crowne, D.P. & Stephens, M.W. Self-acceptance and self-evaluative behavior. Psychol. Bull., 1961, 58, 104 - 121.

'n Tweede indeks van geldigheid word aangetoon deur die korrelasies van selfaanvaarding-maatstawwe met ISB- (Incomplete Sentences Blank) wanaanpassing- en afhanklikheid-skale, nl. .33 en .34 vir mans en dames onderskeidelik. Hierdie verwantskappe toon aan dat lae selfaanvaarding geassosieer word met 'n hoë graad van wanaanpassing en afhanklikheid. Die gemiddelde korrelasies van selfaanvaarding-maatstawwe met die sosiale wenslikheidsfaktor is .48 en .52. Sosiale wenslikheid toon ook 'n redelike korrelasie met die ISB-tellings (a.w.).

In die tweede ondersoek (Crowne, Stephens & Kelly, a.w.) is van vier selfaanvaarding-maatstawwe en een aanpassingskaal gebruik gemaak. Die proefpersone was heeltemal andersoortig as dié in die eerste ondersoek. Die betekenisvolle aspek van die resultate in hierdie ondersoek, word gesien in die neiging van die selfaanvaarding-maatstawwe om met mekaar sowel as met die ISB te korreleer, en wel met ongeveer dieselfde omvang as in die eerste ondersoek (a.w.). Hierdie resultate is verkry ten spyte van verskille in toetsprosedure, nasien van gegewens en ook in groepe proefpersone. Die interkorrelasies van die selfaanvaarding-maatstawwe wissel van .35 tot .59, met 'n gemiddelde waarde van .51.

Wahler (1959) het in sy ondersoek van normale en neurotiese persone, wat aggressiewe neigings betref, die sosiale wenslikheidsfaktor gekontroleer. Hy het bevind dat, afgesien van die sosiale wenslikheidswaardes van die ge-ordende sinne, neurotiese persone deur die bank meer vyandige sinne saamgestel het (4).

Die feit dat Fey en McIntyre (Reese, 1961) geen betekenisvolle verwantskappe tussen selfaanvaarding en aan-

(4) Vir volledige bespreking sien p. 42 hierbo.

vaarding deur andere in hulle ondersoeke kon vind nie, en dat Miyamoto en Dornbusch (a.w.) hoër aanvaarding deur andere gevind het by individue met 'n hoë selfbegrip as diegene met 'n lae selfbegrip, en dat Marshall (a.w.) 'n negatiewe verskuiwing in selfaanvaarding gevind het na ongunstige reaksies deur die groep waartoe die persone behoort het (geen sodanige verskuiwing het op gunstige reaksies gevolg nie) ----- dit alles, m.a.w. hierdie teenstellende bevindings, mag gedeeltelik toe te skryf wees aan gebruike van verskillende definisies van selfaanvaarding (a.w.).

Deur gebruik te maak van Lipsitt se „Self-Concept" en „Ideal-SELF"-skale plus twee sosiometriese skale, het Reese die volgende resultate verkry: (a) aanvaarding van andere, aanvaarding deur andere en aanvaarding deur beste vriende, was kromlynig verwant aan selfbegrip-tellings, met die hoogste aanvaarding in 'n groep met middelmatige selfbegrip-tellings, en die laagste in 'n groep met lae selfbegrip; (b) die eienskappe was nie verskillend by verskillende jaargroepe of geslagte nie; (c) aanvaarding deur andere was betekenisvoller verwant aan selfbegrip as in die geval van aanvaarding deur beste vriende; (d) sosiometriese maatstawwe was nie betekenisvol verwant aan die wanverhouding tussen die ideale-self telling en die selfbegrip telling nie, wat 'n aanduiding bied dat die

> „discrepancy scores obtained by subtraction may not be a valid measure of self-acceptance" (Reese, a.w., p. 474).

As gevolg van die aandag wat bestee is aan individue se waarnemings van andere, en as gevolg van die feit dat betekenisvolle verwantskappe vasgestel is tussen die waarneming van andere en die behoeftes en houdings van die waarnemer, wil dit voorkom asof ondersoek op hierdie gebied van belang kan wees vir teorieë wat betrekking het

op interpersoonlike verhoudings, en juis daarom is navorsing op hierdie terrein nodig (Lundy, Katkovsky, Cromwell & Shoemaker, 1955).

Bogenoemde ondersoekers het beoog om 'n ander veranderlike (wat op dié gebied betrekking het) by die onbewuste houdings as veranderlikes van Fiedler et al. (a.w.) te voeg. Die veronderstelling was dat beskrywings van positiewe sosiometriese keuse meer in ooreenstemming sal wees met die proefpersoon se aanvaarbare selftiperings as met sy onaanvaarbare selftiperings of selfbeskrywings. Verder sal beskrywings van negatiewe sosiometriese keuse meer in ooreenstemming wees met die persoon se onaanvaarbare selftiperings. Die resultate wat verkry is deur 'n veelvoudkeuse persoonlikheidsvraelys aan 'n groep voorgraadse studente (n = 54) voor te lê, het bogenoemde veronderstelling gestaaf. Die ooreenstemming van sosiometriese keuse (positief of negatief) met selftiperings (aanvaarbaar of onaanvaarbaar) kan moontlik toegeskryf word aan die individu se aanvaarding of nie-aanvaarding van homself. 'n Betekenisvolle positiewe verwantskap was ook gevind tussen aanpassing en ooreenkoms tussen self en sosiometriese keuse (a.w.).

Zuckerman & Monashkin (1957) verklaar dat selfaanvaarding nie as enigste maatstaf gebruik moet word vir verbetering in psigoterapie nie, en dat enige vraelys-tipe maatstaf wat nie item-wenslikheid in berekening bring nie, nie gebruik moet word as enigste kriterium nie, aangesien dit moontlik onderworpe kan wees aan dieselfde verdedigingsuitwerking (defensive effects) wat self-waardering beïnvloed (a.w.).

Kenmerkend van navorsing oor selfaanvaarding, is blykbaar 'n algemene opvatting dat maatstawwe in die verband voorkomsgeldigheid besit, d.w.s. dat die maatstawwe groten-

deels ooreenkoms in hulle voorkoms toon. Die meeste van hierdie maatstawwe gaan ook van dieselfde standpunt uit, naamlik dat die begrip van selfaanvaarding grotendeels afgelei is van die mate waartoe hierdie selfbegrip in ooreenstemming is met die individu se beskrywing van sy ideale self (Crowne & Stephens, 1961). Die aanvaarding van voorkomsgeldigheid van selfaanvaarding-maatstawwe, impliseer die aanhang van 'n verdere veronderstelling, naamlik dié van geldigheid van selfverslae (self-reports)(a.w.). In terme van hierdie veronderstelling is 'n selfaanvaardingtoets geldig indien dit soos een lyk en soortgelyk is aan ander toetse, en

> "..... what a person says about himself self-evaluatively is accepted as a valid indication of how he "really" feels about himself" (a.w., p.106).

In Tabel I word 'n samevattende klassifikasie van selfaanvaardings-toetse volgens Crowne & Stephens (a.w.) gegee.

Die mislukking van navorsing oor selfaanvaarding kan in 'n groot mate toegeskryf word aan verwaarlosing van verskeie belangrike psigometriese en metodiese beginsels, w.o. die ongegronde veronderstelling van gelyksoortigheid van metingsmetodes, die afwesigheid van enige duidelike definiëring van die geldigheidsvlakke van die veranderlikes, die mislukking om toetse saam te stel in ooreenstemming met beginsels van verteenwoordigende monstering, en vrae betreffende die sosiale wenslikheidsfaktor van toetse waarin individue verslag doen van hulleself. 'n Verdere probleem is die feit dat die klem tot dusver hoofsaaklik geval het op voorlopige toetsing van hipoteses en nie soseer op die ontwikkeling van geskikte toetse as hoofdoel nie. Dit veroorsaak 'n relatiewe afwesigheid van sistematiese ontwikkeling van toetse, van standaardisering

## TABEL 1 (5)

Klassifikasie van sekere toetse vir Selfaanvaarding

| Naam van toets | Tipe toets | Tellings behaal |
|---|---|---|
| 1) S.I.A. (Self-ideaal-ander) Q-sortering (Rogers & Dymond, 1954). | Q-sortering | Pearson-korrelasies tussen sorterings van self en ideaal op 100 items. Ook „aanpassingstelling" gebaseer op aantal gunstige bewerings geplaas op „soos ek"-end van verspreiding, en aantal ongunstige bewerings op „nie soos ek"-end. |
| 2) Indeks van Aanpassing en Waardes (Bills, 1958; Bills, Vance & McClean, 1951). | Adjektiewe graderingskaal | Selfaanvaardingtelling = aantal self-konsep graderings (1-5 skaal) op 49 eienskappe. Ook 'n self-ideaal teenstrydigheidstelling is bereken. Norme beskikbaar. |
| 3) Adjektiewe kontrole-lys (Gough, 1959). | Adjektiewe kontrole-lys | Selfaanvaardingtelling = aantal gunstige adjektiewe aangedui, gedeel deur totale aantal adjektiewe aangedui. |
| 4) Buss-skaal (Buss- en adjektiewe-kontrole-lys. Gerjuoy, 1957; Zuckerman & Monashkin, 1957). | Adjektiewe kontrole-lys | Som van verskille sonder inagneming van teken van skaalwaardes (gebaseer op sielkundiges se graderings van adjektiewe m.b.t. self- en ideale-beskrywings). |
| 5) Self-gradering vraelys (Brownfain, 1952). | Self-gradering skaal | „Positiewe self-konsep" en „negatiewe self-konsep" tellings. Selfaanvaarding = som van gewigte van positiewe self-konsep beskrywings minus gewigte van negatiewe self-konsep beskrywings, sonder inagneming van teken. |
| 6) Houding-teenoor-Self-en-Ander-vraelys (Phillips, 1952). | Self-gradering skaal | Som van gewigte (1-5) op elke item. Norme beskikbaar. |
| 7) Berger Selfaanvaarding-skaal (Berger, 1952). | Self-gradering skaal | Som van gewigte van items (1-5). |
| 8) Interpersoonlike kontrole-lys (LaForge & Suczek, 1955). | Adjektiewe kontrole-lys | Intensiteit skaalwaardes vir elke adjektief (1-4). Selfaanvaarding = teenstrydigheid tussen self- en ideale- graderings. |

5) Klassifikasie van: Crowne, D.P., & Stephens, M.W. Self-acceptance and Self-evaluative behavior; a critique of methodology. Psychol. Bull., 1961, 58, 104-121.

en van geldigheid (a.w.).

Dit is miskien waar dat hierdie toetse nog nie algemeen in gebruik is in kliniese situasies waar hulle tekortkominge tot nadeel van pasiënte kan strek nie. Dit is miskien ook waar dat dié toetse tans bykans hoofsaaklik net vir navorsing gebruik word. Maar dit alles maak strenge toetskonstruksie des te noodsaakliker indien so 'n komplekse gebied betroubare en ondubbelsinnige resultate wil lewer.

(c) Sosiale wenslikheid.

In die bespreking van die navorsing oor selfaanvaarding en by die bespreking van probleme en gebreke wat by die meting van selfaanvaarding aangetref word, is dit opgemerk dat verskeie ondersoekers (Crowne, Stephens & Kelly, 1961; De Soto, Kuethe & Bosley, 1959; Goldfried, 1963) die sosiale wenslikheidsfaktor as van groot belang beskou. Die ondersoek van Edwards (1957) is een van die volledigste ondersoeke in hierdie verband.

Edwards gebruik die term sosiale wenslikheid of sosiale aanvaarbaarheid op twee wyses:

> „I have reference to the social desirability scale values of personality statements. Social desirability scale values of personality statements can be obtained by any of the various psychological scaling methods that have been developed. In the second instance, I have reference to the tendency of subjects to attribute to themselves, in self-description, personality statements with socially desirable scale values and to reject those with socially undesirable scale values" (p.vi).

Die probleme en implikasies van navorsing wat betrekking het op die sosiale wenslikheid veranderlike, is volop. Sommige gevolgtrekkings waartoe geraak word is blykbaar gegrond, terwyl andere as tentatief en teoreties beskou moet word (a.w.).

Die SD-skaal (social desirability scale) is saamgestel uit die F, L en K skale van die MMPI en die „Anxiety Scale".

By die beoordeling van items vir sosiale wenslikheid of -onwenslikheid, was daar eenparige samestemming tussen die beoordelaars (a.w.). Afgesien van die sosiale wenslikheid van die SD-skaal, is daar ook sprake van patologie (Crowne, Stephens & Kelly, a.w.). Hierdie skaal kan dus gesien word as 'n maatstaf van gewilligheid om simptome te erken wat as neuroties beskryf kan word (a.w.). Daar is 'n neiging dat persone konsekwent daartoe geneig is om simptome wat van 'n wanaanpassings- of onwenslike aard is, te ontken of te erken. Daar is met ander woorde 'n neiging tot stereotipe responswyse teenwoordig (a.w.). Selfaanvaarding, soos deur selfaanvaarding-maatstawwe gemeet, skyn sterk beïnvloed te word deur stereotipe of onveranderlikes (stereotypes) wat die proefpersone waarneem as wenslik betreffende hulleself.

Op grond van 'n ondersoek deur Edwards (Edwards, a.w.), Fujita, Hanley, Klett en Lovaas, wil dit voorkom asof ouderdom en geslag nie belangrike veranderlikes is wat verband hou met die sosiale wenslikheid-skaalwaardes van spesifieke bewerings wat ondersoek is nie. Sosio-ekonomiese status is blykbaar ook nie 'n belangrike veranderlike in die opsig nie (a.w.).

Ondersoek is ook ingestel na die verwantskap tussen die sosiale wenslikheid-skaalwaarde van 'n persoonlikheidsbewering of -item, en die moontlikheid dat hierdie bewering deur proefpersone onderskryf sal word wanneer hulle gevra word om hulle eie persoonlikhede te beskryf in terme van die bewering (a.w.). Die bevinding was dat hoe hoër die sosiale wenslikheid-skaalwaardes van items is, hoe groter is die toename in die aantal persone wat die item onderskryf. Die produk-moment-korrelasiekoëffisiënt tussen sosiale wenslikheid-skaalwaardes en die moontlikheid dat die item onderskryf sal word (probability of endorsement) was .87. Deur van dieselfde vraelys as Edwards gebruik te maak en dit op 'n groep van 127 studente (waarvan die helfte mans

en die helfte dames was) toe te pas, het Wright (Edwards, a.w.) 'n korrelasie van .88 gevind. Selfs wanneer die proefpersone die vraelys anoniem beantwoord het, was die korrelasie .93. Edwards, Hanley, Kenny, Navran & Stauffacher en Rosen het onderskeidelik korrelasies van .83, .92, .82, .90 en .87 gevind tussen sosiale wenslikheid en moontlikheid van onderskrywing.

As gevolg van die hoë korrelasies wat verkry is tussen sosiale wenslikheid-skaalwaardes en „frequency of endorsement" (Psa = proporsie vir sosiale aanvaarbaarheid) stel Anastasi (1961) voor dat Psa net sowel as maatstaf van sosiale wenslikheid gebruik kan word. Dit is voor die hand liggend dat 'n aansienlike hoeveelheid werk en tyd met behulp van hierdie metode uitgeskakel kan word. Die resultate sal ook dieselfde betroubaarheid besit.

Meehl en Hathaway (Edwards, a.w.) sien een van die grootste gebreke van persoonlikheidsvraelyste as die moontlikheid dat vals antwoorde deur proefpersone verstrek kan word. Aangesien die suksesvolle verstrekking van vals antwoorde (faking good) dieselfde is as sosiale wenslikheid, is daar getrag om die invloed van spesifieke instruksies te bepaal op proefpersone wat oorspronklik in terme van sosiale wenslikheid gereageer het.

> „The special instructions, in other words, should be expected to have relatively little influence on the scores of subjects who responded initially in terms of social desirability. On the other hand, subjects whose initial responses to the items under standard instructions were relatively little influenced by social desirability considerations might be expected to show marked shifts in their responses under the special instructions" (Edwards, a.w., p. 55).

Redelik lae interkorrelasies is deur Rosen (a.w.) met die MMPI-skale en deur Bernreuter (a.w.) met die Bernreuter Persoonlikheidsvraelys gevind in terme van die twee toestande van toepassing.

Indien geen veranderinge plaasgevind het in tellings

onder standaard instruksies, en onder instruksies om doelbewus vals response te gee nie, wil dit nog nie sê dat valsheid nie onder standaard instruksies plaasgevind het nie.

> „No matter what the result, however, we can only conclude that studies of faking good have little or no bearing upon the problem of whether or not scores obtained under standard instructions have been distorted by the tendency to give socially desirable responses" (Edwards, a.w., p. 58).

(i) <u>Sosiale wenslikheid en die gedwonge-keuse vraelys</u>.

Een van die metodes wat aangewend kan word om sosiale wenslikheid in persoonlikheidsvraelyste te beheer, is die sogenaamde gedwonge-keuse vraelys (Edwards, a.w.). Aangesien daar in die samestelling van die selfaanvaarding Inventaris (Vorm M) (6) gebruik gemaak is van hierdie metode, verdien dit spesiale vermelding.

Die gedwonge-keuse tegniek is gelyktydig deur verskeie sielkundiges ontwerp in die industriële- en militêre situasies in die tydperk van 1940 - 1949 (Anastasi, a.w.). Hierdie tipe vraelys vereis van die individu om tussen twee beskrywende items te kies wat oënskynlik ewe aanvaarbaar is, maar wat in geldigheid verskil. Die keuse word gemaak in terme van die mate waartoe die gekose item op die persoon self van toepassing is (Edwards, a.w.). Hoe meer ekwivalent die sosiale wenslikheid-skaalwaardes gemaak kan word (in die huidige ondersoek: hoe meer ekwivalent die proporsies vir sosiale aanvaarbaarheid - Psa), hoe moeiliker is dit vir die individu om 'n keuse te maak in terme van sosiale wenslikheid.

Die samestelling van 'n gedwonge-keuse vraelys vereis twee tipes van informasie betreffende elke beskrywende

(6) Sien p.61 hieronder.

item, naamlik die sosiale wenslikheid en die empiriese geldigheid daarvan (Anastasi, a.w.). Laasgenoemde kan bepaal word deur enige spesifieke norm waarvoor die vraelys ontwerp is om te voorspel, soos akademiese prestasie of sukses in 'n besondere beroep.

> „Social desirability can be found by having the items rated for this variable by a representative group, or by ascertaining the frequency with which the item is endorsed in self-descriptions" (Anastasi, a.w., p. 511).

Edwards (Edwards, a.w.) het 'n korrelasie van .40 gevind tussen sosiale wenslikheid-graderings van die pare items van die EPPS (Edwards Personal Preference Schedule) en moontlikheid van onderskrywing. Wright (a.w.) het 'n korrelasie van .45 gevind met toepassing van die 210 pare items op studente (n = 134). Klett (a.w.) het die ondersoek op hoërskoolleerlinge herhaal, en 'n korrelasie van .37 gevind tussen die moontlikheid van 'n A-keuse item en die skaal-verdeling van die items A-B. In 'n ondersoek wat betrekking gehad het op 'n gedeelte van die EPPS, het Corah, Feldman, Cohen, Gruen, Meadow & Ringwall (Feldman & Corah, 1960) gevind dat, vir die meerderheid van die pare van items, die proefpersone een van die paar kan kies as meer wenslik. Daar was ook 'n hoë korrelasie tussen sosiale wenslikheid-graderings en die graad van onderskrywing van items. Edwards, Wright & Lunneborg (Feldman & Corah, a.w.) het 'n gemiddelde korrelasie van ongeveer .60 gevind, wat aansienlik hoër is as die korrelasie van .40 van Edwards, en wat gebaseer was op response op enkel items i.p.v. pare.

Verdere aanduidings van die mate waartoe die sosiale wenslikheid-veranderlike deur die gedwonge-keuse vraelys beperk word, is deur ondersoeke van Edwards, Merril & Heathers & Crow vasgestel. Aldric hierdie ondersoeke het van die EPPS gebruik gemaak en bevind dat die sosiale wenslikheid-skaal laer korreleer met dié veranderlikes,

wat met behulp van die gedwonge-keuse tipe vraelys gemeet word, as met dié wat met behulp van die „JA - NEE"-tipe vraelys gemeet word (Edwards, a.w.). Navran & Stauffacher (a.w.) het 'n rangorde-korrelasie van .01 gevind, terwyl Kelleher (a.w.) korrelasies van .02 en .17 onderskeidelik vir mans en dames op die EPPS gevind het.

> „The variety of evidence ... would seem to indicate that pairing statements with comparable social desirability scale values has much to offer in the way of developing personality measures free from the tendency of subjects to give socially desirable responses" (Edwards, a.w., p. 69).

Feldman & Corah (a.w.) gaan van die standpunt uit dat sosiale wenslikheid nie maklik beheer word deur die gebruik van die gedwonge-keuse metode nie; selfs nie deur uiters noukeurige paring van items nie. Dit is moontlik dat die gepaarde metode aanleiding gee tot 'n vergelyking tussen die komponente van die paar wat lei tot fyner waardebepalende onderskeidings, as wat aan die lig gebring kan word deur enkel items.

Die moontlikheid bestaan dat die items in 'n persoonlikheidsvraelys wat as sosiaal wenslik beoordeel word, dié items is wat algemeen of oorheersend voorkom tussen lede van 'n bepaalde groep (Edwards, a.w.). In so 'n geval mag 'n mens verwag dat items wat verband het met wenslike of aanvaarbare eienskappe, meer onderskryf sal word as dié wat onaanvaarbaar is. Indien 'n item 'n hoë sosiale wenslikheid-skaalwaarde (of 'n hoë Psa) het, en indien 'n persoon dit in selfbeskrywing onderskryf, word die interpretasie van sy response bemoeilik. Dit is moeilik te bepaal of die item 'n beskrywing van die individu is, en of hy dit slegs beskou as 'n sosiaal wenslike item. Daarteenoor, indien 'n persoon 'n item met 'n lae sosiale wenslikheid-skaalwaarde nie onderskryf nie, mag dit wees dat die item nie 'n beskrywing van homself is nie, of dat hy nie wil

erken wat vir hom sosiaal onwenslik is nie (a.w.).

Hierdie faktore van sosiale wenslikheid, moontlikheid van onderskrywing van items, moontlikheid van vals response en die vraagstuk van die aanwending van 'n gedwonge-keuse vraelys om bogenoemde veranderlikes te beheer en te verminder, speel 'n belangrike rol in die opstel van persoonlikheidsmaatstawwe en in die meting van sekere eienskappe by groepe individue, asook by die interpretasie van die gegewens wat verkry is. Dit wil egter voorkom asof 'n hoër mate van item-geldigheid bewerkstellig kan word deur gebruik te maak van die gedwonge-keuse metode in die meting van persoonlikheidseienskappe.

Met in agneming van die volgende word die waarde van die gedwonge-keuse tegniek verhoog: die responswyse van 'n persoon behels drie tipes van variasie, naamlik oorgangs- en onbetroubare houdings, stabiele patrone wat kriteriumrelevante aspekte van persoonlikheid weergee, en stabiele maar psigologies onbelangrike verbale gewoontes. Die gedwonge-keuse tegniek skakel aldrie hierdie tipes van variasie uit, sodat tellings alleenlik afhang van reaksies op die inhoud van die items (Cronbach, 1960).

(d) Beplande navorsing:

Aangesien die verskynsels van vyandigheid en vooroordeel skynbaar prominente plekke inneem in die vraagstuk van selfaanvaarding en aanvaarding van andere, het die skrywer in hierdie ondersoek gebruik gemaak van verskillende tipes maatstawwe vir die meting van vyandigheidsgevoelens en houdings van vooroordeel by manstudente, asook 'n maatstaf vir die meting van selfaanvaarding. Die veronderstelling was dat lae tellings op die maatstaf van selfaanvaarding sal saamhang met lae tellings (dit wil sê afwesigheid van vyandigheid en vooroordeel) op die ander maatstaww

Geen spesifieke maatstaf is opgestel vir die meting van godsdienstigheid of godsdiensopvattings nie, aangesien heelwat van die items in die maatstaf van selfaanvaarding die aan- of afwesigheid van godsdienstige houdings impliseer of direk verband het met godsdienstige opvattings.

Die probleme wat ander ondersoekers met betrekking tot selfaanvaarding en aanvaarding van andere ondervind het, is deeglik in ag gen'em. Onbetroubare en ongeldige maatstawwe is waar moontlik uitgesluit en faktore met betrekking tot toetskonstruksie en toepassing van die maatstawwe is sover moontlik gunstig gehou, w.o. uitskakeling van die sosiale-wenslikheidsfaktor en gebruikmaking van die gedwonge-keuse tegniek. Die ondersoek self sal verdere probleme en gebreke na vore bring.

3. <u>Samestelling van die Selfaanvaarding- (SA.) Inventaris</u>.

(a) <u>Inleiding</u>.

Met die samestelling van 'n maatstaf om selfaanvaarding (SA.) te meet, is beoog om sover moontlik nadelige faktore wat toetsresultate mag beïnvloed, uit te skakel. Uitgaande van die bevindings en menings van Edwards (1957) en Anastasi (1961), is besluit om gebruik te maak van die gedwonge-keuse tipe vraelys (7), aangesien daar met 'n groot mate van sukses geslaag kan word om die veranderlikes van sosiale wenslikheid (SW) van items, en die verstrekking van vals antwoorde, te beperk en te verminder.

(b) <u>Voorlopige vorm</u> (Bylaag I).

(i) <u>Metode van samestelling</u>.

Die items van die „Voorlopige vorm" van die SA. Inventaris het hoofsaaklik gekom (in direkte vertaalde vorm of na analogie) uit die Minnesota Multiphasic Personality

(7) Sien Hoofstuk I, p. 57 - 60, hierbo vir bespreking van sosiale wenslikheid en gedwonge-keuse vraelys.

Inventory (MMPI) van Hathaway & McKinley (1951) en die California Psychological Inventory (CPI) van Gough (1957), asook items wat self bygevoeg is. Vir die byvoeging van items is met vrug gebruik gemaak van die formulerings van Wijngaarden (1955) en van Sheerer (1949). Daar is getrag om items te skryf wat min of meer die volgende dek:

(a) 'n gevoel van selfstandigheid;

(b) agting vir die self en 'n gevoel van selfwaarde te hê;

(c) 'n gevoel van volwasse te wees;

(d) 'n gevoel van geroepenheid;

(e) erkenning en aanvaarding van eie tekortkominge.

Die doel was dus om items saam te stel wat aspekte van selfaanvaarding meet. Op hierdie wyse is 160 items saamgestel wat aan ses beoordelaars vir beoordeling voorgelê is. Die aanwysings vir die beoordelaars was die volgende:

> „Lees asseblief die lys so krities as moontlik deur met die oog op onduidelikhede en dubbelsinnighede. Maak aantekeninge van verbeteringe en merk items wat na u mening weggelaat kan of moet word. Beantwoord asseblief tussen die hakies elke vraag „Ja" of „Nee" in die rigting wat u meen 'n persoon wat hom- of haarself aanvaar dit sal beantwoord"

Die beoordelaars (wat bestaan het uit sielkundiges en M.A.-studente in Sielkunde) is ook versoek om verdere moontlike items by te voeg.

Nadat die eerste item-poel beoordeel is, was die volgende stap in die samestelling van die Voorlopige Vorm, om 'n tweede groep items te soek, uit of na analogie van bogenoemde vraelyste, wat veronderstel is om geen of nie noemenswaardige verband te hou met selfaanvaarding nie. Laasgenoemde groep items is weer beoordeel ten opsigte van leesbaarheid, ondubbelsinnigheid (byvoorbeeld uitskakeling van dubbele ontkenning), ens. deur 'n aantal M.A.-studente in Sielkunde.

Hierdie twee groepe items is saamgevoeg en opgemeng om die SA. Inventaris te vorm wat uit 230 items bestaan het (Bylaag 2).

(c) Metode van ondersoek.

(i) Proefpersone.

Die SA. Inventaris is toegepas op 'n aantal manstudente in hulle eerste-, tweede- of derdejaar aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. en die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Elke student is voorsien van 'n vraelys en antwoordblad. Op laasgenoemde was spasies onder „WAAR" en „ONWAAR" wat met 'n pen of potlood swart ingekleur moes word, afhangende van die mate waartoe die item op die proefpersoon van toepassing is of nie van toepassing is nie. Alle onvoltooide antwoordblaaie is as ongeskik beskou en verwerp, asook dié waar daar moontlik onreëlmatighede tydens die verskillende toetssessies was (byvoorbeeld waar te groot groepe proefpersone sulke onreëlmatighede in die hand gewerk het). Nadat hierdie streng keuring toegepas is, is 145 proefpersone se antwoordblaaie uitgesoek vir verdere ontleding met die oog op samestelling van die finale vorm van die maatstaf vir die meting van selfaanvaarding by manstudente, naamlik die SA. Inventaris (Vorm M) (Bylaag 3).

(ii) Itemgeldigheid (Item-toets-korrelasie).

Die metode waarvolgens te werk gegaan is vir die bepaling van itemgeldigheid was as volg:

(a) Al die antwoordblaaie is nagesien m.b.v. 'n tellingmasker. Die nie-selfaanvaardingitems is geïgnoreer.

(b) Die antwoordblaaie is volgens die tellings wat in (a) hierbo behaal is, van die hoogste tot die laagste gerangskik.

(c)(1) Die 27% van die groep wat die hoogste tellings behaal het is uitgesoek (n=39). Waar daar proefpersone was met dieselfde tellings (dit wil sê wat gelykop is vir insluiting by die 27%) aan die onderpunt van die 27%, is die benodigde aantal op 'n toevallige wyse getrek.

Thorndike (1949) rapporteer dat die mees akkurate wyse om itemgeldigheid te bepaal, geskied deur die hoogste 27% en die laagste 27% van die totale groep met mekaar te vergelyk. Weglating van die middelste 46% lei tot resultate wat meer bestendig is as wanneer die totale aantal gebruik word.

(2) Die 27% wat die laagste tellings behaal het (n = 39), is op dieselfde wyse as in (1) hierbo uitgesoek, behalwe dat gelykwaardige tellings hier by die bopunt van die 27% op 'n toevallige wyse getrek is.

(d) Vir die boonste 27%: Die itemnommers (n=230) is neergeskryf. Elke antwoordblad is nagegaan en vir elke „WAAR" antwoord is 'n telmerkie by die betrokke itemnommer aangebring. Ook die nie-selfaanvaardingitems wat „WAAR" beantwoord is, is in berekening gebring. Dus, <u>alle</u> items wat „WAAR" beantwoord is, is getel.

Die tellings wat in (d) verkry is, is in proporsies van die boonste 27% omgesit.

(e) Dieselfde prosedure as in (d) hierbo is herhaal vir die onderste 27% groep.

(f) Proporsies in (d) en (e) verkry, is gebruik om itemtoets-korrelasies ($r_{it}$) te verkry (Thorndike, a.w., Tabel 3, p. 348-351).

Negatiewe $r_{it}$'s beteken dat die „ONWAAR" antwoord nagesien behoort te gewees het om 'n positiewe korrelasie tussen die item en die selfaanvaarding-kriterium te kry.

(g) Die beduidendheid van $r_{it}$'s is nagegaan (Edwards, 1956, Tabel VI, p. 502) vir waardes van r, vir die

verskillende beduidendheidsgrense, van die <u>totale</u> aantal proefpersone.

(h) Vir die finale vorm van die maatstaf (SA. Inventaris (Vorm M)) is soveel moontlik items gebruik wat 'n beduidende korrelasie toon met die totale SA.-telling (dit wil sê beduidend by minstens die .05-grens, maar verkieslik die .01-grens), asook 'n gelyke aantal items wat nie-beduidende korrelasies met hierdie kriterium toon (dit wil sê laer as die waarde by die .05-grens).

(iii) <u>Sosiale aanvaarbaarheid van items</u>.

(a) Itemtellings is gedoen vir die oorblywende 46% van die proefpersone soos in (d) hierbo.

(b) Die aantal „WAAR" antwoorde van elke item wat verkry is by die boonste 27%, die middelste 46% en die onderste 27% is bymekaar getel. Dit is dus die totale aantal „WAAR" antwoorde vir elke item van die hele groep proefpersone (n=145).

(c) Om die totale aantal „ONWAAR" antwoorde te kry, is die totale aantal „WAAR" antwoorde afgetrek van die totale aantal proefpersone. Dit het gegeld in al die gevalle waar negatiewe $r_{it}$'s verkry is. Waar $r_{it}$ positief is, word die aantal „WAAR" antwoorde gebruik.

(d) Al hierdie tellings is omgesit in proporsies van die totale aantal. Waar $r_{it}$ positief is, word die aantal „WAAR" antwoorde in 'n proporsie van die totale aantal omgesit; waar $r_{it}$ negatief is, word die aantal „ONWAAR" antwoorde in 'n proporsie van die totale aantal omgesit. Op hierdie wyse is die proporsie vir sosiale aanvaarbaarheid ($P_{sa}$) verkry (8).

(iv) <u>Afparing van items vir die finale vorm</u>.

Met die afparing van items in 'n gedwonge-keuse

---

(8) I.p.v. die items te laat beoordeel vir sosiale wenslikheid of -aanvaarbaarheid, word proporsies vir sosiale aanvaarbaarheid gebruik (Anastasi, a.w.) aangesien daar 'n hoë korrelasie is tussen S-W en moontlike onderskrywing van items ($P_{sa}$)(Edwards,a.w.).Sien ook Hfst. 1 p.54 hierbo

vraelys, moet die twee bewerings van elke item so na as moontlik ewe aanvaarbaar wees, maar in hulle geldigheid verskil. Die keuse word dan gemaak in terme van die mate waartoe die gekose bewering op die persoon self van toepassing is (Edwards, 1957; Anastasi, a.w.).

In die SA. Inventaris (Vorm M) is twee bewerings geselekteer --- een bewering meet selfaanvaarding en die ander een nie. Die aanwysings aan die proefpersone was:

> „Hierdie boekie bevat 'n reeks bewerings wat in pare saam gegroepeer is. Lees elke paar deur en besluit watter een van die twee die meeste op jou van toepassing is, of waarmee jy die meeste saamstem. Merk jou keuse op die los antwoordblad."

By die afparing van items is verder sorg gedra dat een bewering 'n beduidende $r_{it}$ toon, en die ander 'n nie-beduidende $r_{it}$. Sover moontlik is die $P_{sa}$ vir elke bewering dieselfde gewees. Waar daar wel verskille was, was dit so gering dat dit nie nodig was om te toets of die twee beduidend van mekaar verskil nie. Waar daar graduele verskille was, is daar met die afparing gesorg dat items wat 'n graduele aan- of afwesigheid van 'n kenmerk of toestand aandui, saam gegroepeer word. Bewerings wat 'n absolute aan- of afwesigheid van 'n kenmerk aandui is ook afgepaar. Dit is rasioneel beslis.

Met behulp van bogenoemde prosedure is daarin geslaag om vier en veertig (44) pare items saam te stel vir die finale vorm van die SA. Inventaris (Vorm M.).

'n Groep van 84 manstudente in hulle eerste-, tweede- en derdejaar aan die U.O.V.S. is gebruik vir die finale toepassing van bogenoemde maatstaf.

4. Maatstawwe vir die meting van Aanvaarding van Andere.

(a) Die F-skaal (Bylaag 4).

(i) Samestelling en proefpersone.

'n Skaal bestaande uit 'n vertaling van 28 items van die Kaliforniese F-skaal (Adorno et al., 1950, Vorm 40 en 45, Tabel 7, pp. 255-257) is in die ondersoek na onderdrukte vyandigheid teenoor die ouers gebruik. Item 22 van die oorspronklike skaal is weggelaat op grond van gedateerdheid. Hierdie skaal is toegepas op 84 manstudente (dieselfde groep waarop die SA. Inventaris (Vorm M) toegepas is).

(ii) Instruksies en nasien.

Die instruksies aan die proefpersone was:

„Die volgende is stellings waarmee sommige mense saamstem en sommige nie. Dui asseblief in die kolom links langs elke item aan die mate waarin u saamstem of nie saamstem nie, met gebruikmaking van die volgende skaal:

+1 ligte ondersteuning, saamstemming.
+2 matige ondersteuning, saamstemming.
+3 sterk ondersteuning, saamstemming.

-1 ligte opposisie, teenkanting.
-2 matige opposisie, teenkanting.
-3 sterk opposisie, teenkanting.

Die response van die proefpersone is omgesit in tellings deur 'n eenvormige nasien-sisteem. Aangesien hoër tellings veronderstel was om uitdrukking te gee aan toenemende anti-demokrasie is alle response soos volg nagesien:

-3 = 1 punt
-2 = 2 punte
-1 = 3 punte

+1 = 5 punte
+2 = 6 punte
+3 = 7 punte

'n Persoon se skaaltelling is die som van sy tellings op die individuele items. Die skaaltelling kan dus wissel van 28 punte (1 punt vir elke item, wat 'n sterk aanduiding is van teenkanting teen anti-demokrasie) tot 'n telling van 196 (7 punte vir elke item, wat 'n sterk aanduiding is van

anti-demokrasie). Deur die skaaltelling deur 28 te deel word die gemiddelde telling per item verkry.

Die gebruik van die F-skaal in hierdie ondersoek, is gegrond op die bevinding dat onderdrukte aggressie teenoor die ouers, en meer spesifiek die vader, een van die hoofkenmerke is van persone wat hoë tellings behaal op die F-skaal (Weisskopf-Joelson, Asher, Albrecht, & Hoffman, 1957). Weisskopf-Joelson et al. het 'n deel van die F-skaal, 'n skaal vir die meting van konformiteitswaardes en 'n spesiale projeksie-tegniek vir die meting van „Label-avoidance" op 113 manlike hoërskool leerlinge toegepas. 'n Hoë F-skaal telling het geen verwantskap met „label-avoidance" getoon nie (a.w.).

(iii) Ander bevindings.

Die F-skaal is een van die maatstawwe wat die algemeenste gebruik is in ondersoeke na houdings van vooroordeel (Sundberg & Bachelis, 1956).

In die lig van die baie onopgeloste probleme betreffende die F-skaal (Jensen, 1958) word daar gewaarsku teen die gebruik van hierdie maatstaf as praktiese instrument in toegepaste omramings („settings"), en selfs die gebruik daarvan in persoonlikheids- en sosiale navorsing moet in twyfel getrek word. Wanneer verskillende motiverings op die spel is (veral by groepe pasiënte), moet versigtigheid aan die dag gelê word met die gebruik van hierdie maatstaf (Dahlstrom & Welsh, 1960). Faktore van intelligensie, peil van opvoeding, algemene wanaanpassing of neurose en 'n moontlike sosiale-wenslikheidsfaktor is daarby betrokke (Jensen, a.w.). Cohn (Sundberg & Bachelis, a.w.) rapporteer dat 'n groep studente suksesvolle onbevooroordeelde resultate kon bewerkstellig as hulle die F-skaal moes beantwoord soos hoogs-intelligente en opgevoede persone dit moes doen. Daar bestaan dan ook 'n verwantskap tussen intelligensie en die vermoë om vals antwoorde te verstrek. Siegel (1956) het 'n korrelasie van .21

gevind tussen tellings op die F-skaal en tellings wat behaal is op die drie sub-skale van die Wechsler-Bellevue.

Brown & Datta (1959) kom tot die gevolgtrekking

> „that neither verbal ability nor year in college accounts for high authoritarianism scores through the lack of discernment on the part of S in the face of verbal material" (p. 134), wanneer die F-skaal gebruik word.

Dit wil voorkom asof hoë outoritariste (high authoritarians) meer dikwels as lae outoritariste (low authoritarians) daartoe geneig is om met persoonlike vyandigheid teenoor lae-status figure te reageer, en dat hulle vyandigheid teenoor hoë-status figure verplaas word (Roberts & Jessor, 1958).

> „The Jew frequently becomes a substitute for the hated father, often assuming ..... the very same qualities against which the subject revolted in the father, such as being practical, cold, domineering, and even a sexual rival" (Adorno et al., a.w., p. 759.).

Die formulerings van Adorno et al. is in ooreenstemming met dié van Fromm en Maslow (Siegel, a.w.), naamlik dat die outoritêre persoon geneig is om sy vyandigheid op die omgewing te projekteer, en wel op 'n verwarde, intense en irrasionele wyse. Dit is veral van belang by ondersoeke waarby neurotiese persone betrokke is. Siegel het ook vasgestel dat persone wat hoë tellings ten opsigte van outoritarisme behaal, groter openlike vyandigheid toon as diegene met lae tellings op die F-skaal.

Bieri & Lobeck (1959) se uitgangspunt ten opsigte van outoriteit is ook in ooreenstemming met dié van die opstellers van die F-skaal, naamlik dat houdings teenoor gesag funksioneel verwant is aan die individu se ontwikkelingspatrone van ouerlike verhoudings. Hierdie ondersoekers beklemtoon die feit dat elke persoon sekere houdings ten opsigte van gesag ontwikkel, en dat ouer-kind

verhoudings 'n invloed sal uitoefen op die ontwikkeling van hierdie houdings. In hulle ondersoek het Bieri en Lobeck gebruik gemaak van 'n AA- (Acceptance of Authority) skaal wat onder andere 6 items van die F-skaal (vorms 40 en 45) ingesluit het. Bales & Couch (a.w.) rapporteer dat die F-skaal 'n faktorlading van .90 het ten opsigte van aanvaarding van gesag. Die korrelasie wat verkry is tussen tellings op die ses F-skaal items van die AA-skaal en die totale telling op die 20 items van die AA-skaal, was .81. Op grond van die resultate is die proefpersone (30 mans en 30 dames) ingedeel in 'n hoë-, lae- en middelmatige tellinggroep. Uit die resultate het dit geblyk dat mans met hoë tellings albei ouers positief waarneem. Mans met lae tellings beskou die vader as ietwat afsydig, terwyl hulle nader aan die moeder voel. Van belang is die bevindings van die ondersoekers wat betref die middelmatige tellinggroep: mans in hierdie groep beskou die vader as 'n gesagsfiguur aan wie hulle hulle moet onderwerp. Beide die ouers word deur hierdie groep meer negatief gesien as deur die hoë- en lae tellinggroepe van die AA-skaal. Die middelgroep stem dus baie sterk ooreen met die outoritêre tipe persoonlikheid van Adorno et al. (a.w.). Die ambivalensie van hulle gevoelens teenoor hulle ouers is veral opmerklik.

In 'n ondersoek van Williams & deCharms (1962), kon geen betekenisvolle verskille gevind word tussen „hoë" en „lae" outoritêre persone ten opsigte van hulle waarneming van eksterne aanduidings van gesag nie. Individue met hoë tellings is nie noodwendig gevoeliger vir eksterne gesagsaanduidings nie, maar hulle laat hulle meer daardeur beïnvloed.

Om die invloed van ligte frustrasie op houdings van vooroordeel te bepaal, het Cowen, Landes & Schaet (1959)

die F-skaal (vorms 40 en 45), die AN- (Anti-Negro) skaal, en agt items elk van die AM- (Anti-Minority) en P- (Patriotism) skale van die groter E- (Ethnocentrism) skaal op 'n aantal persone toegepas. Die eksperiment het uit drie fases bestaan: „the attitude pre-test, frustration, and attitude posttest" (a.w., p. 35). Uit die bevindings het dit geblyk dat die manlike proefpersone hoër tellings (meer negatiewe houdings) behaal het op die F- en AM-skale met induksie van frustrasie. Die korrelasies het gewissel van .27 tot .58, met 'n gemiddelde van .40. Daar was dus 'n toename in anti-Neger gevoelens met induksie van frustrasie.

'n Gevolgtrekking waartoe geraak word op grond van resultate behaal met die F-skaal, is dat ouers wat houdings van vooroordeel het (hoë tellings op die F-skaal), verklaar het dat hulle as kinders onderworpe was aan streng dissipline, dat hulle ouers beskou was as afsydig en afskrikwekkend. Die ouers is ook beskryf as ongeduldig en maklik mishaag (Stagner, 1961). Dit wil dus tog voòrkom of daar baie te sê is vir die feit dat hoë tellings op die F-skaal 'n aanduiding mag wees van onderdrukte aggressie teenoor die ouers.

Die ondersoek van Sundberg & Bachelis (a.w.) dui daarop dat die F-skaal onderworpe is aan instellings ten opsigte van beantwoording. Dit wil voorkom of dit veral baie maklik is om houdings van vooroordeel te bewerkstellig indien 'n persoon daartoe geneig is.

Die probleem van vasstelling van die gesagspersoon sentreer onder andere om die volgende: die items van die F-skaal is positief geformuleer. Wanneer daar met hierdie items saamgestem word, word 'n hoë gesagstelling verkry. Om met positiewe of bevestigende bewerings saam te stem, is 'n responswyse (Blake & Mouton, 1959). 'n Hoë telling mag dus outoritorisme beteken of selfs instemming

(acquiscence). Laasgenoemde mag verder, om sake te bemoeilik, 'n eienskap wees van outoritarisme, soos gesien deur Gage, Leavitt & Stone, terwyl Bass nie daarmee kan saamstem nie (a.w.). Cohn (a.w.) sien lae tellings op die F-skaal as tekens van intellektuele sofistikering.

Aanvanklik is van die veronderstelling uitgegaan dat die F-skaal tellings 'n betroubare weergawe is van die aard van 'n individu se houdings (Cronbach, 1960). Later is opgemerk dat bykans al die items 'n sterk vyandige strekking het, sodat samestemming as ongewens of onaanvaarbaar beskou word. Verdere navorsing (a.w.) het getoon dat response nie slegs bepaal word deur die inhoud van die houdings nie, maar dat die sogenaamde instemmende wyse van beantwoording ook 'n invloed uitoefen.

Dit wil voorkom asof die opstellers van die F-skaal daarin geslaag het om 'n maatstaf te ontwikkel wat daartoe instaat is om die onderliggende persoonlikheidsneigings, wat verantwoordelik is vir anti-demokratiese ideologieë, vas te stel (Nadler, 1959), maar voordat dit nie herhaaldelik bewys is nie bly dit 'n ope vraag of hierdie maatstaf wel daartoe instaat is om verdronge vyandigheid teenoor die ouers te meet. Die bedenkings teen die F-skaal is talryk.

(b) <u>Die Persoonlikehidsvraelys</u> (Bylaag 5).

(i) <u>Inleiding</u>.

Onder sielkundiges is daar nie veel verskil van mening oor die rol wat vyandigheid en aggressie in menslike verhoudings speel nie; ook nie ten opsigte van die aanwesigheid van vyandigheid by geestesafwykings nie.

Dit het nodig geword om die omvang van vyandige neigings te bepaal, sodat 'n mens instaat is tot voorspelling en beheer met betrekking tot die uitdrukking

daarvan. Pogings word dikwels aangewend om sulke neigings op grond van resultate met projeksietegnieke behaal, te bepaal. Die TAT en Rorschach word veral met ywer en vrug vir die doel hanteer. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die skattings wat hieruit voortvloei subjektief is in dié sin dat dit gebaseer is op die ervaring en vermoë van elke kliniese sielkundige. Dit is miskien ook die rede vir die onkonsekwente resultate wat verkry is in die meting van vyandigheid. Die geldigheid en betroubaarheid van so 'n metode laat dikwels baie te wense oor.

Vir betroubaarder navorsing is dit nodig dat objektiewe maatstawwe vir die meting van vyandigheid gebruik sal word. Die geldigheid en betroubaarheid van sulke metodes is hoër as dié van die meer subjektiewe soorte en dit kan makliker vasgestel word. Dit is ook nodig dat die samestelling van items vir die objektiewe meting gegrond sal wees op kliniese en laboratorium- ondersoeke, en nie slegs sal afhang van 'n toevallige keuse of bloot teoretiese instelling nie. Selfs die beoordeling van items deur sielkundiges kan in twyfel getrek word - veral waar 'n klein groepie beoordelaars betrek is.

In die keuse van vyandigheid- en aggressieskale vir die samestelling van die Persoonlikheidsvraelys, is soveel moontlik gebruik gemaak van vraelyste wat op grond van herhaalde navorsing getoon het dat duidelik-omlynde aspekte van vyandigheid gemeet word, en dat die betroubaarheid en geldigheid van die maatstawwe bo verdenking staan.

(ii) <u>Samestelling</u>.

Die persoonlikheidsvraelys is saamgestel uit 7 skale met die doel om algemene vyandige houdings, houdings van vooroordeel (indirek gemeet) en rasseverhoudings te meet. Aangesien 'n opeenhoping van items wat vyandigheid en vooroordeel meet, bepaalde instellings ten opsigte van

beantwoording in die hand kan werk, is daar besluit om die item-groepering te verdun. Dit is gedoen deur 'n groot aantal items by te voeg wat, sover vasgestel kon word deur beoordeling, handel oor ander aangeleenthede. Op hierdie wyse is 'n vraelys saamgestel wat bestaan het uit 442 items, en wat „WAAR" of „ONWAAR" beantwoord word.

Die 7 skale wat ingesluit is vir meting van aanvaarding van andere was:

(1) Die Buss- Durkee-inventaris: Bendig se CH-telling en OH-telling.

Die meeste aggressie-vyandigheidskale meet 'n wye verskeidenheid van vyandige houdings en aggressiewe gedrag, wat dan in 'n enkele skaal gekombineer word (Buss, 1961). Die ongegronde veronderstelling om 'n enkele telling te gebruik, is dat vyandig-aggressiewe gedragspatrone nie in sub-groepe verdeel hoef te word nie (9). Met die samestelling van die Buss-Durkee-inventaris is van die veronderstelling uitgegaan dat dit noodsaaklik is om vyandige houdinge in sub-groepe te verdeel (a.w.).

Vir die meting van algemene vyandige houdings is gebruik gemaak van die 34 items van die CH- en OH- („Covert hostility" en „Overt hostility") tellings van Bendig (1962)(10). Hierdie tellings of items is gegrond op 'n ondersoek van Buss en Durkee (1957) na die moontlikheid van vasstelling van verskillende soorte vyandigheid.

Duidelike (overt) vyandigheid word beskou as vloek en dreigende gedrag, terwyl verborge of verbloemde (covert) vyandigheid meer betrekking het op verskynsels soos skinder. Aangesien betekenisvolle onderskeid gemaak kan word tussen

(9) Vir 'n volledige oorsig m.b.t. navorsing gedoen oor vyandigheid en verskillende beskikbare maatstawwe van vyandigheid, sien Buss (1961), Hoofstuk 9, pp. 160-181.

(10) Sien Bendig (1962), p. 200 vir 34 geldige items van die CH- en OH-tellings.

sub-groepe van vyandigheid, sal 'n globale evaluasie van vyandigheid aansienlike dubbelsinnighede bevat. Dit kan dus verwag word dat pogings om vyandigheid vas te stel, nie alleen 'n globale skatting van intensiteit sal insluit nie, maar ook skattings van die intensiteite van die verskeie sub-vyandighede.

Buss en Durkee se taak was eerstens om sub-groepe te definieer soos omlyn in tipiese kliniese situasies. Op grond hiervan is agt skale van vyandigheid saamgestel.

Aangesien sosiale-wenslikheid 'n belangrike veranderlike is in die samestelling van vraelyste (a.w.; Edwards, 1957; Rosen, 1956; Fordyce, 1956), het Buss en Durkee 'n poging aangewend om hierdie veranderlike te beperk deur van Edwards se prosedures gebruik te maak. Die 66-item vraelys van 62 manspersone en 58 dames is gebruik om moontlikheid van onderskrywing van elk van die items te bepaal. Die produk-moment korrelasiekoëffisiënte wat verkry is was .27 en .30 vir mans en dames onderskeidelik, wat aansienlik laer was as die koëffisiënt van .87 wat Edwards verkry het. Hierdie groot verskil word toegeskryf aan die feit dat die ondersoek van Buss & Durkee items geselekteer het wat uitsluitlik bedoel is vir die meting van die vyandige komponente van persoonlikheid, terwyl Edwards se vraelys 'n wye verskeidenheid van persoonlikheids-aspekte behels het (Buss & Durkee, a.w.). Indien die nodige aanpassings gemaak word vir die korrelasie van .87 tussen S W en moontlikheid van onderskrywing van Edwards, verminder dit die korrelasie tot .74, wat nogtans heelwat hoër is as die .27 en .30. 'n Verdere verskil in die twee ondersoeke is te vind in die samestelling van die vyandigheidskaal. Om die invloed van die S W faktor te beperk, het Buss & Durkee in die eerste plek van die veronderstelling uitgegaan dat woede teenwoordig was en slegs navraag is gedoen met betrekking tot die uitdrukking

daarvan. In die tweede plek is regverdiging verskaf vir die erkenning van aggressiewe gedrag, en in die laaste plek is clichés en idiome in die vraelys ingesluit wat aanvaarbaar sou wees.

Edwards het gebruik gemaak van onafgewerkte en onnoukeurige name van persoonlikheidseienskappe, en daar was geen poging om die bewoording van die items te manipuleer nie. Die huidige (a.w.) lae korrelasies tussen S W en moontlikheid van onderskrywing, blyk dus 'n weergawe te wees van die sukses van itemkonstruksie in die samestelling van hierdie vyandigheidskaal. Daar word aan die hand gedoen dat klem gelê sal word op itemkonstruksie sodat S W beperk of uitgeskakel sal word.

Dit is duidelik dat twee afwykende eienskappe gemeet word deur die agt sub-skale van die 75-item Buss-Durkee-inventaris (Bendig, a.w.), naamlik 'n emosionele- of houdingskomponent en 'n motoriese komponent (Buss & Durkee, a.w.) soos blyk uit die faktorontleding (Bendig, 1961, a.w.), en dat 'n paar tellings wat hierdie eienskappe meet meer diagnosties sal wees as 'n enkele totale vraelystelling, en ook minder oorbodig sal wees as agt sub-skaaltellings (Bendig, 1962, a.w.).

Bendig het hom ten doel gestel om met behulp van die Buss-Durkee-inventaris ten minste voorlopige vorms van twee sulke skale te ontwikkel.

Die vraelys van Bendig het uit 75 items bestaan, en is toegepas op twee groepe sielkunde-studente. Groep 1 het bestaan uit 218 proefpersone (163 mans en 55 dames) en Groep 2 uit 151 persone (55 mans en 96 dames). Deur die resultate van Groep 1 te gebruik is die 40 items geïnterkorreleer,

> „....two centroid factors were extracted and the factors rotated to oblique simple structure using the analytic Oblimax criterion" (a.w., p.200).

'n Soortgelyke prosedure is gevolg met die laaste 35 items ---- ook by Groep 1. Agtien items in die eerste ontleding, en 22 items in die tweede, het ten minste een faktor getoon met 'n lading van bo .21, en hierdie 40 items is geselekteer vir 'n derde ontleding waarby die gegewens van Groep 1 weereens gebruik is. In hierdie derde ontleding het 36 items groot ladings getoon op slegs een van die twee faktore. Hierdie 36 items is deur Bendig weer geïnterkorreleer deur gebruik te maak van die gegewens van Groep 2, en deur dieselfde prosedure van faktorontleding toe te pas. Van hierdie 36 items het 34 dieselfde patroon van faktorladings getoon soos gevind is in die voorafgaande ontledings. Die korrelasies wat verkry is tussen die twee afwykende faktore in die vier ontledings was .32, .32, .33 en .27 (a.w.).

Uit die ontledings het dit geblyk dat faktore van verbloemde vyandigheid (CH) en duidelike vyandigheid (OH) geïdentifiseer is. Die tellings op die 22-item CH-skaal het 'n KR-20 betroubaarheid van .72 gehad vir Groep 2, terwyl die 14-item OH-skaal 'n betroubaarheidskoëffisiënt van .76 getoon het.

Die CH- en OH-skale is voorts aan 'n nuwe groep proefpersone voorgelê, wat bestaan het uit 150 mans en 150 dames. Die twee skale het betroubaarheidskoëffisiënte van .77 en .70 vir mans .73 en .69 vir dames onderskeidelik getoon. Interkorrelasies was .40 en .44 binne elke geslagsgroep.

Bendig (1961, a.w.) het in 'n faktorontleding van skale vir emosionaliteit en vyandigheid, vasgestel dat die MMPI-ekstroversieskaal en die OH-faktor ongeveer dieselfde ladings gehad het, wat 'n aanduiding is van die „na buite gerigtheid" van die neiging. Hoogs emosionele persone het die neiging om hoë tellings in verbloemde vyandigheid te toon, maar nie noodwendig in duidelik-waarneembare

vyandigheid nie.

Interkorrelasies tussen die Buss-Durkee-inventaris, die Sarason-vyandigheidskaal, Waterhouse en Child se aggressieskaal, Bendig se verkorte weergawe van die Taylor MAS en die S W-skaal van Edwards (Sarason, 1961), het op beduidende grade van verwantskappe gedui ten opsigte van die vyandigheidskale. Sommige van die Buss-Durkee-skale was egter nie verwant aan mekaar nie. Die resultate dui daarop dat ten minste twee tipes van neigings in vyandigheid-skaal-items opgespoor kan word, naamlik direkte uitdrukking van vyandigheid en 'n neiging om houdings van vyandigheid te toon of sulke gevoelens te ervaar. Negatiewe of slegs geringe korrelasies is gevind tussen die meeste vyandigheidskale en die maatstaf van sosiale wenslikheid (a.w.).

Dit wil ook voorkom of daar baie te sê is vir die gebruik van die CH- en OH-tellings van Bendig, wat voortspruit uit die Buss-Durkee-inventaris. In die lig van die feit dat laasgenoemde inventaris gebaseer is op logiese gronde, bestaande uit 'n klassifikasie van die verskeidenheid van aggressiewe gedrag, en as gevolg van die feit dat met die samestelling van items gebruik gemaak is van verskillende tegnieke vir die skryf van items om ongeldigheid in beantwoording te beperk, en verder, aangesien die vraelys volgens toetskonstruksie-vereistes saamgestel is, naamlik itemontleding, faktorontleding en daarstelling van norme (Buss & Durkee, a.w.), wil dit tog voorkom of hierdie vraelys 'n waardevolle maatstaf is vir die meting van vyandigheid ---- selfs al is die meting redelik wyd ten opsigte van spesifieke vorme van vyandigheid. Die waarde van die Buss-Durkee-inventaris is voorts aansienlik verhoog deur noukeurige faktorontleding om te kom tot die samestelling van die CH- en OH-tellings vir die meting van duidelik waarneembare- en verbloemde vyandigheid (Bendig, 1961-62, a.w.).

(2) <u>Die Cook-Medley-vyandigheidskaal</u>.

Die Cook en Medley (1954) vyandigheidskaal is afgelei van MMPI-items in die loop van die ontwikkeling van 'n vraelys van houdings wat by onderwysers aanwesig was. Tussen die 250 MMPI-items van die MTAI (Minnesota Teacher Attitude Inventory) was daar 'n aansienlike aantal wat op algemene houdings van vyandigheid gedui het.

'n Totale aantal van 77 items, wat 'n baie duidelike weergawe van vyandigheid was, is uitgesoek vir 'n voorlopige Ho- (hostility) skaal (a.w.). MMPI antwoordblaaie van 200 ervare onderwysers wat volgens hierdie skaal nagesien is, het 'n korrelasie van -.45 met die MTAI getoon. Dit was dus nodig dat Cook en Medley die vyandigheidskaal sou verwerk tot 'n fyner maatstaf. Op grond van die seleksie van items deur vyf kliniese sielkundiges is 'n finale vraelys van vyandigheid deur die ondersoekers saamgestel, bestaande uit 50 items (11). Die betroubaarheidskoëffisiënt van die skaal by 200 proefpersone was .86.

Vir die huidige ondersoek na aanvaarding van andere is gebruik gemaak van die vertaalde vorm van hierdie 50-item skaal van Cook en Medley. In ooreenstemming met die beantwoording volgens die opstellers, word hierdie maatstaf van aanvaarding van andere „WAAR" of „ONWAAR" beantwoord.

Direkte bewyse van geldigheid van die vyandigheidskaal is deur meting met die MTAI verkry in die vasstelling van die rapport tussen onderwyser en leerling. Indirekte bewyse van geldigheid is gegrond op vasstelling van vyandigheid. In die laasgenoemde geval is die tellings van 200 proefpersone op die vyandigheidskaal gekorreleer met hulle tellings op die MTAI. 'n Korrelasiekoëffisiënt van -.44 en -.45 is onderskeidelik vir mans en dames verkry (a.w., Tabel 1). Die totale korrelasie was -.44.

(11) MMPI itemnommers van die 50-item vyandigheidskaal, sien Tabel 2: Cook & Medley, 1954.

Cook en Medley kom tot die gevolgtrekking dat die vyandigheidskaal meer effektief is wanneer dit op manspersone toegepas word.

As dit onthou word dat die items in die vyandigheidskaal 'n weergawe is van die proefpersone se beskrywings van hulleself, kan verdere insig in hulle persoonlikhede verkry word deur die items te lees. Hieruit blyk dit onder andere dat die vyandige persoon (hoë telling) iemand is wat min vertroue in sy medemens het; andere word deur hom gesien as onbetroubaar, nie-sosiaal, immoreel, gemeen en hy glo dat hulle vir hulle sondes gestraf moet word. Die vyandigheid van hierdie persone kom neer op chroniese haat en woede (a.w.).

McGee (Buss, 1961, a.w.) het die Cook-Medley-vyandigheidskaal op studente toegepas in twee situasies. Die eerste taak het assosiasies met 10 vyandige woorde behels. Beoordeling is gedoen ten opsigte van vyandigheid of nie-vyandigheid, en die responstyd is aangeteken. Geen beduidende korrelasies is verkry nie. In die tweede taak moes die studente Szondi-prente beoordeel as gevaarlik, bedrieglik, vals of geeneen hiervan. Die „gevaarlik-telling" wat verkry is het .44 gekorreleer met die vraelys (a.w.), wat in ooreenstemming is met die bewering van Cook en Medley.

'n Beduidende korrelasie van .33 is deur Merril & Heathers (a.w.) gevind tussen die Cook-Medley-skaal en die aggressieskaal van die EPPS.

Snoke (a.w.) het die Cook-Medley-vraelys gebruik om manstudente met hoë en lae tellings te selekteer. Daarna is hulle gedrag in 'n klein groepsituasie waargeneem. Daar is gevind dat mans met 'n hoë telling van vyandigheid, die dubbelsinnige of onduidelike situasie waargeneem het

as ondubbelsinnig of duidelik. Mans met lae tellings se waarneming het ooreengestem met die werklike aard van die situasie. Geen beduidende verskille kon verkry word in die bereidheid om deel te neem aan besprekings nie, of in die groepe se evaluering van die waarde van die sittings nie. Onder diegene met hoë tellings was daar 'n aantal wat ingestem het om die sittings by te woon, maar wat nie opgedaag het nie. Hierdie persone se tellings op die vraelys was aansienlik hoër as die persone s'n wat wel opgedaag het. Die bevindings is dus betekenisvol (in 'n mindere of meerdere mate) in soverre dit betrekking het op ondersoeke van vyandigheid.

> „The positive findings are in part negated by the failure to find a significant difference between high and low hostile men in their evaluation of the sessions" (Buss, a.w., p. 165).

(3) <u>Die Siegel-manifeste-vyandigheidskaal</u>.

Siegel (1956) het 'n poging aangewend om die outoritêre persoonlikheid se geneigdheid tot vyandigheid te bepaal. Hy het gevoel dat so 'n geneigdheid tot vyandigheid die beste bepaal kan word deur middel van sielkundige toetse ...

> „that are not explicit in their reference to hostility (a.w., p. 368).

Vir hierdie doel is twee onafhanklike toetse van vyandigheid gebruik, naamlik die objektiewe manifeste vyandigheidskaal --- die MHS (Manifest Hostility Scale) en die projektiewe „Rorschach Content Test of hostility" (RCT-h) van Elizur.

Die MHS is saamgestel deur items uit die MMPI te selekteer wat aanduidings van vyandigheid het. Op hierdie wyse het Siegel 'n aantal van 110 items bekom. Verder het hy 'n bykomende 4 items saamgestel en bygevoeg. Vyf beoordelaars moes die items keur vir manifeste

vyandigheid. Volgens die beoordeling was daar 'n samestemming van 80% of hoër op 53 van die 114 items. Drie items van die 53 is weggelaat op grond van herhaling van ander items, of op grond van die feit dat hulle moeilik verstaanbaar was. Hierdie items is opgeneem in die MHS (Manifest ~~Anxiety~~ Hostility Scale). Die twee-helfte-betroubaarheid (ewe nommers met onewe nommers) van die MHS was .84 (a.w.).

Die 50 items van die MHS-skaal is vertaal en as die Siegel-manifeste-vyandigheidskaal in die Persoonlikheidsvraelys opgeneem (12).

Die tweede skaal wat gebruik is was die RCT-h, wat gebaseer is op 'n ontleding van die inhoud van vrye assosiasies met die Rorschach. Rorschach-response wat duidelike bewyse getoon het van vyandigheid, is 'n telling van 2 toegeken; minder duidelike vyandigheid het 'n puntetelling van 1 gekry.

Hierdie twee skale is toegepas op 60 blanke manstudente en 60 mans wat aansoek gedoen het om behandeling by 'n kliniek vir geestesgesondheid. Die geskatte gemiddelde I.K. volgens die drie subskale van die Wechsler-Bellevue was 111. Persone wie se F-skaal-tellings binne die vooraf-bepaalde omvang geval het, is aanvaar vir proefpersone. Binne elke populasie was daar 20 proefpersone in elk van die drie F-skaal-kategorieë van die boonste, middelste en onderste 15%. Voorts is die MHS en die Rorschach deur Siegel toegepas op diegene wat binne die F-skaal-omvang vir elke groep geval het.

Die resultate wat verkry is, het 'n direkte verwantskap aangedui tussen die tellings van die MHS en F-skaal

(12) Items van vyandigheid in MHS vir gebruik in die Persoonlikheidsvraelys, sien Siegel, 1956, Tabel 1, p. 370.

(a.w., Tabel 2, p. 370), en dit is gevind dat die verwantskap beduidend is by die minimum grense vir beide groepe persone (ibid., Tabel 3). Statisties onbeduidende korrelasies is tussen tellings op die MHS en Wechsler-Bellevue gevind by die studente sowel as voornemende pasiënte (-.14 en -.18 onderskeidelik).

Die rangorde-korrelasies tussen die MHS en die RCT-h was vir beide groepe naby nul. In beide die groepe het „hoë outoritêre persone" hoër tellings op die vyandigheidskaal behaal as die „lae outoritêre persone" (a.w.). As daar van die veronderstelling uitgegaan word dat outoritêre persone vyandig is, dan is bogenoemde resultaat van Siegel 'n aanduiding van die geldigheid van die MHS (Buss, a.w.). In die lig van die ander teenstrydige resultate wat verkry is, is dit moontlik dat Siegel se vyandigheidskaal minder geldig is as die RCT-h, aangesien vorige ondersoeke die geldigheid van laasgenoemde skaal bevestig het (Siegel, a.w.).

Siegel bied die volgende redes vir die teenstrydige resultate: beide die outoritêre en nie-outoritêre persone besit gevoelens van vyandigheid, maar eersgenoemde persone het geleer dat die uitdrukking van aggressie in ooreenstemming is met sy ander persoonlikheidsbehoeftes en dat so 'n uitdrukking versterkend werk. Daarteenoor het die nie-outoritêre persoon geleer om nie uitdrukking aan vyandigheid te gee nie, sodat dit in ooreenstemming kan wees met ander behoeftes.

Dit word ook opgemerk dat beide die F-skaal en die vyandigheidskaal papier-en-potloodtoetse is, en dus onderworpe is aan dieselfde instellings ten opsigte van beantwoording (Shipman & Marquette, 1963; Buss, a.w.). Verder is daar ook 'n oorvleueling van item-inhoud.

Die verwantskap tussen outoritarisme en Siegel se vyandigheidskaal sal betekenisvöller wees as die meetinstrumente duidelik onafhanklik is (a.w.).

Swickard & Spilka (1961) se ondersoek na die uitdrukking van vyandigheid by delinkwente minderheidsgroepe (minority groups) en meerderheidsgroepe (majority groups), het getoon dat die eersgenoemde groep hoër gemiddelde tellings op die Siegel-manifeste vyandigheidskaal behaal het as die meerderheidsgroepe.

Ander ondersoekers (Shipman & Marquette, a.w.) het 'n groep pasiënte van 'n psigiatriese buite-pasiënte kliniek deur 'n kliniese sielkundige laat beoordeel ten opsigte van die mate van verbale vyandigheid, fisiese vyandigheid en vyandige houdings, soos afgelei uit 'n diagnostiese toetsbattery wat die MMPI ingesluit het. Die MHS is op hierdie persone toegepas. Die korrelasies wat verkry is tussen die groepe van laag, middelmatig en hoog en die MHS was .16 vir verbale vyandigheid, .29 vir fisiese vyandigheid en .02 vir vyandige houdings.

Die rede vir die mislukking van die MHS om neigings van vyandigheid in hierdie ondersoek van Shipman en Marquette te meet, mag toe te skryf wees aan gebreke van die maatstaf self. Aangesien die bogenoemde bevindings daarop dui dat daar twee groepe vyandige persone is (een groep erken gevoelens en impulse van vyandigheid, en die ander groep erken nie die aanwesigheid van hierdie gevoelens nie, maar hulle gedrag is van 'n vyandige aard), is dit nodig dat 'n afsonderlike skaal vir elk van die groepe saamgestel word. Die geldigheid van sodanige skale sal waarskynlik hoër wees as dié wat op die MHS gevind is (a.w.).

(4) <u>Die Zaks-Walters-aggressieskaal</u>.

'n Verdere maatstaf wat gebruik is vir die meting

van algemene vyandige houdings in die ondersoek na aanvaarding van andere, is die 12-item Zaks-Walters (1959)-aggressieskaal (13), wat in vertaalde vorm in die Persoonlikheidsvraelys opgeneem is.

Die oorspronklike aggressieskaal is saamgestel uit items wat deur die senior outeur geselekteer is en wat geglo is verband te hê met aggressie. Sommige items is direk of in gewysigde vorm oorgeneem uit reeds bestaande vraelyste en ander items is saamgestel n.a.v. die skrywer se bespiegeling omtrent die aard van aggressie.

Die items wat gebruik is, het hoofsaaklik uit drie soorte bestaan: (i) Dié wat betrekking het op sekere aspekte van aggressie, soos bepaal deur die manifeste inhoud daarvan; (ii) items wat op indirekte wyse verband het met aggressie; (iii) en items wat op teoretiese gronde, eerder as op die inhoud daarvan, veronderstel was om aggressie aan te dui. Dit is bepaal deur samestemming van die toetsnemers met die items. Die 33 items wat só verkry is, is versprei in 'n vraelys van 160 items (a.w.).

Die Zaks-Walters-skaal is onder die titel „The Personal Opinion Inventory (POI) toegepas, en het uit twee dele bestaan. Deel Een is saamgestel met die oog op indirekte meting van aggressie, terwyl Deel Twee meer direk of selfbeskrywend was.

Om die onderskeidingsmoontlikheid van die voorlopige 33 aggressie-items te bepaal, is 'n toetsbattery (w.o. die POI) toegepas op 19 Neger-prisoniers met veroordelings van aanranding, gewapende roof, aanranding met die doel om te dood, ens. Die antwoorde van hierdie gewelddadige persone is vergelyk met die antwoorde van 'n groep blanke persone (n=60). Negentien van die 33 items het by die .01-grens onderskei, en is vir verdere ondersoek

(13) Itemnommers en items van die vraelys, sien Zaks en Walters (1959), Tabel 1, p.200.

gebruik.

Voorts is die gewelddadige groep vergelyk met 100 volwasse Negers uit die lae sosio-ekonomiese volkslaag van 'n Negerbuurt, en met 100 volwasse blanke mans. Hieruit is 12 items met 'n hoë onderskeidingswaarde gehaal. Vir die bepaling van betroubaarheid is die aggressieskaal met 'n tussenpose van twee weke op 20 voorgraadse studente toegepas. 'n Produk-moment korrelasiekoëffisiënt van .86 is verkry.

Zaks en Walters het van die veronderstelling uitgegaan dat adolessente meer tot aggressie geneig is as volwassenes. Om hierdie veronderstelling te toets, is 72 adolessente en 37 volwasse mans met mekaar vergelyk. Daar was 'n hoogs beduidende verskil tussen die twee groepe.

'n Verdere stap in die ondersoek was om 72 delinkwente adolessente se resultate op die aggressieskaal te vergelyk met dié van 72 normale adolessente van dieselfde ouderdom (14 tot 16 jaar). Ook in hierdie geval het die skaal betekenisvol gediskrimineer tussen die twee groepe (p .001). Dit is verder veronderstel dat die aggressieskaal steeds sal onderskei wanneer oortreders in inrigtings vergelyk word met selferkende delinkwente van 'n gewone hoërskool. Die veronderstelling is bewys waar te wees (p .01). Zaks en Walters het ook betekenisvolle verskille aangetref wanneer heroïn-verslaafde Negers vergelyk is met nie-verslaafde blankes en Negers.

Op grond van bogenoemde resultate is die ondersoekers die mening toegedaan dat die aggressieskaal aan die verwagte vereistes van betroubaarheid en geldigheid voldoen. Die beskikbare bewyse dui daarop dat die skaal van toepassing is op ondersoeke van aggressie by 'n algemene bevolking asook by groepe wat gekenmerk word deur gewelddadigheid, verslaafdheid aan verdowingsmiddels of jeug-

misdadigheid.

In 'n tweede ondersoek (Walters & Zaks, 1959) is die tellings van 'n groep persone wat net voor die afneem van die vraelys gefrustreer is, gevind hoër te wees as vir 'n groep wat onder normale toestande aan die toetsing onderwerp is. Die aggressieskaal is ook in verband gebring met die beoordelings van hulle gelykes deur 'n groep jong volwassenes. Diegene wat in die boonste derde van aggressiwiteit deur hulle vriende beoordeel is, het aansienlik hoër tellings behaal as diegene in die onderste derde.

Ook in hierdie tweede ondersoek van Walters en Zaks blyk die aggressieskaal waardevol te wees. Die waarde van die Zaks-Walters aggressieskaal kan onder andere toegeskryf word aan die feit dat die skaal in verband gebring is met kliniese en laboratorium-maatstawwe van aggressie (Buss, a.w.). 'n Nadeel van die resultate wat deur die ondersoekers gevind is, is die vertroue wat in t-toetse gestel word met verwaarlosing van korrelasiekoëffisiënte. Wanneer 'n groot aantal proefpersone in 'n ondersoek betrek word, soos in die ondersoeke van Zaks en Walters, bied klein verskille in gemiddeldes betekenisvolle t-waardes (a.w.).

(5) <u>Die Gough-vooroordeelskaal</u>.

Vir die indirekte meting van houdings van vooroordeel, as 'n aspek van aanvaarding van andere, is gebruik gemaak van die vooroordeelskaal van Gough (1951). Die 32 items (14) is vertaal en saam met die items van die ander skale in die Persoonlikheidsvraelys versprei.

Die teoretiese grondslag waarop die vooroordeelskaal berus het, was dat sekere gelowe en houdings die neiging toon om saam te gaan. Gough wys daarop dat individue

(14) Vir items van die vooroordeelskaal en wyse van bevooroordeelde beantwoording, sien Gough, 1951, Tabel 2, p. 50.

wat voel dat die regering 'n aktiewer rol moet vervul in die voorkoming van depressies en beheer van inflasies, ook dikwels ten gunste daarvan is dat groter regte en magte aan werkunies toegestaan moet word. Dit wil voorkom of 'n persoon se spesifieke houdings akkuraat voorspel kan word deur op 'n algemene wyse te weet watter soort persoon hy is. Die vraag het toe ontstaan of dit nie moontlik is om so 'n stel „voorspellers" te vind wat 'n persoon se houdings sal identifiseer sonder om enigsins die werklike inhoud van sy houdings aan te roer in die ondersoek.

Aangesien die MMPI tevore reeds bewys gelewer het van die moontlikhede wat dit bied vir die samestelling van verskillende soorte maatstawwe, het Gough besluit om itemontleding van die 550 items van hierdie persoonlikheidsvraelys te doen met die oog op die samestelling van 'n skaal vir die indirekte meting van anti-Semitisme.

Die eerste stap in die ondersoek was om die Levinson-Sanford anti-Semitisme-skaal op 271 senior leerlinge van 'n hoërskool toe te pas. Hieruit is die 40 leerlinge (22 seuns en 18 dogters) met die hoogste tellings en die 40 (22,18) met die laagste tellings uitgesoek vir verdere ondersoek.

'n Vergelyking van die twee groepe toon aan dat die persoon met 'n hoë telling (sterk vooroordeel) iemand is wat die indruk skep van ontevredenheid en onoordeelkundigheid. Hy is skynbaar geneig tot impulsiewe en swak beheerde sosiale gedrag; hy is onseker van homself, en veral van sosiale bedrewenhede, en hy word geteister deur vrese en twyfel betreffende sy waarde, vermoëns en integriteit. Dit het verder geblyk dat diegene met hoë tellings afkomstig was uit minder gegoede huise, dat hulle meer anti-demokraties en etnosentries is, minder intelligent en merkbaar minderwaardig is in hulle

akademiese vordering (a.w.).

Die volgende stap in die ondersoek was om die antwoorde van die twee groepe op elk van die 550 items van die MMPI te tabuleer. Elke item wat beduidend verskil het by die .05-grens of laer is behou. Die 47 items wat behou is, is toegepas op 'n nuwe groep leerlinge (n=263), wat ook die Levinson-Sanford-skaal voltooi het. Hieruit is twee nuwe normgroepe van 38 elk uitgesoek. Statistiese vergelykings van die twee nuwe groepe het dieselfde beduidende verskille aangetoon as in die eerste twee groepe.

Itemontleding van die 47 items het 32 items behoue laat bly. 'n Ondersoek van hierdie items het 'n aantal faktore tevoorskyn laat kom wat skynbaar kenmerkend is van studente met houdings van vooroordeel. Volgens Gough is enkele van die faktore kortliks die volgende: (i) anti-intellektualiteit; (ii) pessimisme en 'n gebrek aan hoop en vertroue in die toekoms; (iii) gevoelens van sinisme, wantroue, twyfel en suspisie. Dit is asof die persone met hoë tellings nie instaat is om die motiewe en gedrag van ander goed te keur nie, omdat hulle hulleself nie aanvaar nie; (iv) mensehaat en ontevredenheid; (v) 'n vyandige en verbitterde lewensuitkyk; (vi) ontevredenheid ten opsigte van huidige toestande; (vii) onbuigsame en ietwat dogmatiese denkwyse; (viii) gebrek aan ewewig en selfversekerdheid; (ix) 'n onderliggende verwarring, 'n ongunstige vreesagtigheid, gevoelens van vervreemding en isolasie.

Twee-helfte-betroubaarheid van die Pr- (Prejudice) skaal by 'n groep van 770 studente was .79. Die vooroordeelskaal het .49 met die Levinson-Sanford-skaal gekorreleer vir die eerste senior groep, en .45 vir die tweede groep. Die korrelasie met die E-F-skaal was .46 en .43 vir die twee groepe onderskeidelik (a.w.).

Ondersoek (Sundberg & Bachelis, a.w.) het daarop gedui dat die Gough-vooroordeelskaal onderworpe kan wees aan instellings ten opsigte van beantwoording, en dat 'n persoon maklik daartoe instaat is om vals antwoorde te verstrek indien hy daartoe geneig is.

(6) Die MacCrone-skaal.

Die vermoede het ontstaan dat rassehoudings moontlik verband kan hê met algemene houdings van vyandigheid, d.w.s. indien 'n individu hoë tellings op die voorafgaande vyandigheidskale behaal, is dit moontlik dat hy ook 'n hoë telling sal hê op 'n skaal wat rassehoudings meet ---- in dié geval houdings teenoor die Bantoe.

Vir die doel van die huidige ondersoek is gebruik gemaak van die skaal van MacCrone (1937) wat uit 30 items bestaan (15). Die Afrikaanse weergawe van die samesteller van die skaal is sonder enige wysigings aanvaar en in die Persoonlikheidsvraelys opgeneem.

Vir 'n wye en diepgaande bespreking van die teoretiese agtergrond van die samestelling van die Mac-Crone-skaal word die leser verwys na die oorspronklike werk.

(i) Samestelling.

Die eerste taak van die samesteller was om 'n groot aantal items te selekteer wat 'n wye omvang van moontlike houdings teenoor die Bantoe verteenwoordig het. Die houdings kon gunstig of ongunstig wees. Sover moontlik is getrag om houdings en opinies van 'n algemene aard in die vraelys in te sluit. Sommige items is deur die samesteller self geselekteer, ander items is afkomstig uit boeke, persverslae, tydskrifte, lesings, ens. 'n Lys van 100 bewerings is saamgestel wat die sosiale-,

---

(15) Items van die vraelys: MacCrone, 1937, pp. 170 - 171.

politieke-, ekonomiese- en opvoedkundige aspekte van houdings teenoor die Bantoe behels het. Die bewoording was sodanig dat dit uitdrukking gee aan slegs een hoofgedagte. Daar is gewaak teen omslagtigheid en misverstand (a.w.).

Van die proefpersone is verwag om die bewerings volgens 'n 11-punt stelsel te beoordeel ten opsigte van die graad van gunstigheid of ongunstigheid waaraan uitdrukking gegee word in die bewerings. Die proefpersone (n=200+) was almal Universiteitstudente in hulle tweede-, derde- of vierde jaar. Uit die beoordeling het dit geblyk dat die proefpersone geneig was om die meeste bewerings in die twee uiterste (baie gunstige en baie ongunstige) en middelste kategorië te klassifiseer. Dit gee aanleiding tot 'n afname in die intervalle tussen die eerste en daaropvolgende indelings, en 'n ooreenstemmende toename in die intervalle tussen die laaste en aangrensende indelings.

Uit die resultate wat MacCrone verkry het, wil dit voorkom of die oorspronklike lys van 100 bewerings meer ongunstige as gunstige bewerings bevat het. Die opeenhoping van bewerings, beide gunstig en ongunstig, aan die twee uiteindes van die 11-punt indeling kan gedeeltelik toegeskryf word aan die feit dat die meer uiterste bewerings groter in getal was in die oorspronklike lys.

(ii) Skaalwaardes.

Die tweede stap was om die aantal kere wat 'n bewering onderskryf word, te tabuleer. Dit was nodig om 'n akkumulatiewe frekwensieverspreiding vir elke bewering te gee. 'n Kumulatiewe frekwensie-profiel vir elke bewering is direk van die frekwensieverspreiding van die betrokke bewering getrek. Die skaalwaarde van die bewering is geneem as die vyftigste persentiel van die

verspreiding, en kan maklik bepaal word met gebruik van die kurwe deur die punt te vind waar dit die 50 persent vlak kruis. As 'n reël moet die skaalwaarde van 'n item deur middel van interpolering gevind word (16).

Hierna is die boonste en onderste kwartielwaardes van die bewering met behulp van die verdelingskurwe gevind. Deur al die bewerings met 'n hoë Q-waarde te elimineer, en deur bewerings op so 'n wyse te selekteer dat al die verskillende dele van die skaal so uniform moontlik verteenwoordig is, is die lys bewerings verminder tot 45. Hierdie voorlopige skaal is aan etlike honderde persone voorgelê om die aantal kere wat 'n bewering onderskryf word, te bepaal. Items wat onvanpas was of nie 'n sterk genoeg aanduiding van sekere houdings was nie, is weggelaat. Die finale 30 items van die skaal het oorgebly.

(iii) Nasien van die vraelys.

Die metode van nasien bestaan daaruit dat die som van die skaalwaardes van dié items wat onderskryf is (d.w.s. waarop „WAAR" geantwoord is) verkry word en gedeel word deur die aantal items wat „WAAR" beantwoord is. Vir elke persoon word dus die gemiddelde van sy skaalwaardes bereken. Dit is sy telling op die vraelys.

(iv) Betroubaarheid en geldigheid van die skaal.

Om die betroubaarheid van die skaal te bepaal is dit op 'n groep van 76 persone (oorwegend Engelssprekend, met 'n klein aantal Jode en Afrikaanssprekende persone ingesluit) afgeneem. Presies 'n week na die eerste toepassing is dieselfde groep individue hertoets. Die betroubaarheidskoëffisiënt wat verkry is, was .935 (MacCrone, a.w.). Twee-helfte-betroubaarheid het 'n koëffisiënt van .819

(16) Itemnommers met ooreenstemmende skaalwaardes; a.w., Tabel 1, p. 163.

by 200 persone opgelewer. Die Spearman-Brown-betroubaarheidskoëffisiënt was .90.

Aangesien die geldigheid van die skaal nie bereken kon word deur dit met 'n ander maatstaf te vergelyk nie, is 'n ander norm gebruik. Dit het geblyk dat die skaalwaardes 'n hoë graad van geldigheid besit het, aangesien daar 'n groot mate van samestemming was (selfs tussen heterogene groepe) wat betref die graad van pro- en anti-Bantoe vooroordeel van die bewerings. MacCrone het ook daarin geslaag om die interne konstantheid van die vraelys te bewys.

'n Ander metode wat aangewend is om die geldigheid van die maatstaf te bepaal, was om 'n groep persone te neem wie se houdings teenoor die Bantoe bekend was en die vooroordeelskaal op hulle toe te pas. Die resultate wat verkry word sal aantoon of die vooroordeel by die persone gegrond is. 'n Afrikaanssprekende groep persone sal na verwagting 'n ongunstige houding teenoor die Bantoe openbaar, of minstens dan 'n minder gunstige houding as 'n groep Engelssprekende persone. Dit was dan ook die bevinding van MacCrone.

(c) Slotopmerking.

'n Baie belangrike aspek waarop miskien nie so pertinent gewys is nie, maar wat besondere aandag verdien, het betrekking op die vertaling van die vraelyste wat in die huidige ondersoek gebruik is.

Dit is van die uiterste belang geag om die Afrikaanse vertalings so na moontlik te hou aan die oorspronklike Engelse betekenis. Aangesien die itemgeldigheid deur die samesteller in die oorspronklike taal vasgestel is, is 'n ernstige poging aangewend om die verkreë geldigheid nie deur onnoukeurige en onhandige vertaling te verlaag

nie. Al sou daar nie altyd samestemming wees met die bewoording van sekere bewerings nie, is dit tog noodsaaklik dat by die oorspronklike inhoud gehou word ---- al is die versoeking om te wil wysig soms uittartend groot!

Die hele kwessie van vertaling is veral van belang geag aangesien dit hier gaan oor 'n persoonlikheidsvraelys. Sommige bewerings is juis só bewoord dat dit 'n verbloemde betekenis het (o.a. om instellings ten opsigte van beantwoording te beperk), en al sou 'n mens so versigtig moontlik te werk gaan met die vertaling daarvan, bestaan die moontlikheid nog altyd dat daar 'n mindere of meerdere mate van verskuiwing ten opsigte van gevoelswaarde, of selfs betekenis, sal plaasvind.

Met die uitskakeling van dubbelsinnighede en onduidelikhede is ook getrag om die vertalings in suiwer Afrikaans aan te bied. Die Afrikaanse segswyse is sover moontlik behou sodat die items nie vreemd aandoen nie.

'n Verdere belangrike aspek waarop gewys wil word, het betrekking op die maatstawwe vir die meting van aanvaarding van andere. In hierdie ondersoek het die skrywer eintlik meer belang gestel in kenmerke van aanvaarding, eerder as van nie-aanvaarding. Indien die maatstawwe gebruik is soos oorspronklik opgestel deur die outeurs daarvan, sou resultate wat die hipoteses in hierdie ondersoek bevestig, aangedui gewees het deur negatiewe korrelasiekoëffisiënte. Om dit te verhoed, en om die meetinstrumente by die vraagstelling aan te pas, is die nasienrigting van die AA.-maatstawwe omgeswaai sodat hoë tellings op elk van hulle dui op aanvaardende neigings, en lae tellings op bedekte en openlike vyandigheid, vooroordeel, ens.

HOOFSTUK 3.

## Metode en Resultate.

### (1) Proefpersone en metode.

Die SA.-Inventaris (vorm M), ~~is~~ die Kaliforniese F-skaal en die Persoonlikheidsvraelys is vir die ondersoek na die verband tussen selfaanvaarding (SA.) en aanvaarding van andere (AA.), toegepas op 'n groep van 84 manstudente in hulle eerste-, tweede- en derdejaar aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Die studente was afkomstig uit alle dele van die Republiek en S.W.A., met die meerderheid uit die Oranje-Vrystaat. Die proefpersone was hoofsaaklik Afrikaanssprekend, met slegs vier Engelssprekendes ingesluit. Hulle ouderdomme het gewissel van 17 jr. 7 maande tot 26 jr. 10 maande, met 'n gemiddelde ouderdom van 22 jr. 1 maand.

Met die toepassing van die vraelyste is getrag om deurgaans gunstige toestande te skep en te handhaaf. Deurdat die Persoonlikheidsvraelys lank is (442 items), is dit nooit op dieselfde dag as die SA.-Inventaris en die F-skaal toegepas nie. Op die wyse is oormatige vermoeidheid tot 'n groot mate beperk. Die toetstye vir beide groepe vraelyste was gedurende die oggend sodat die studente vars en onvermoeid was.

Om moontlike ongerymdhede tydens die toetsing uit te skakel, is die groep studente in drie groepe van 20 elk en een groep van 24 ingedeel. Die prosedure was by elke groep dieselfde: nadat die vraelyste en antwoordblaaie uitgedeel is, is die instruksies van die eerste vraelys voorgelees en die metode van beantwoording verduidelik. Wan-begrippe of onduidelikhede (indien enige) is uit die weg geruim.

Daar was geen tydsbeperking op enige van die vraelyste nie. Die studente is versoek om, indien hulle voor die ander klaar is, stil te sit en om diegene wat nog besig is nie te steur nie.

Na voltooiing van die eerste vraelys (SA.-Inventaris) is 'n pouse van 15 minute toegestaan. Daarna is die F-skaal toegepas. 'n Week later is begin met die afneem van die Persoonlikheidsvraelys.

Behalwe in die geval van die F-skaal, is van die studente verwag om die vraelyste „WAAR" of „ONWAAR" te beantwoord.

Nadat die vraelyste en antwoordblaaie ingeneem is, is laasgenoemde alfabeties gerangskik en van 1 tot 84 genommer. Die antwoordblaaie van die SA.-Inventaris en Persoonlikheidsvraelys is met behulp van deursigtige tellingmaskers (wat deur die ondersoeker ontwerp is) nagesien. In die geval van die MacCrone-skaal is 'n persoon se telling die gemiddelde van die skaalwaardes van die items wat hy „WAAR" beantwoord het. Vir die F-skaal word 'n persoon se skaaltelling gedeel deur die aantal items in die vraelys (n = 28) om die gemiddelde telling per item te verkry. Dit is die persoon se telling.

Elke proefpersoon se tellings op die verskillende skale is vervolgens getabuleer deur die tellings van elke persoon langs die nommer van sy plek op die alfabetiese lys neer te skryf.

(2) <u>Betroubaarhede</u>.

(a) <u>SA.-Inventaris</u>.

Aangesien die SA.-Inventaris nog nie voorheen op Afrikaanssprekende studente afgeneem is nie, het daar 'n mate van twyfel bestaan oor die betroubaarheid van die maatstaf.

(i) Toets-hertoets:

Die eerste metode wat aangewend is om die betroubaarheid te bereken, was die toets-hertoets metode (Cronbach, 1960; Edwards, 1956; Selltiz, Jahoda, Deutsch & Cook, 1959). Ongeveer drie maande nadat die SA.-Inventaris die eerste keer op die groep van 84 manstudente afgeneem is, is dit vir 'n tweede keer op 72 studente van die vorige groep herhaal. Die tydsverloop van drie maande was lank genoeg om te verhoed dat die proefpersone hulle vorige beantwoording sou onthou. Die tydperk was egter nie só lank dat noemenswaardige verskille by die proefpersone self sou intree nie.

'n Vergelyking van die twee stelle antwoorde het 'n betroubaarheids-koëffisiënt van .82 (Tabel 2, p.99 hieronder) opgelewer, wat daarop dui dat min veranderinge tydens die periode van drie maande ingetree het, of dat die vraelys ongeveer dieselfde resultate by die twee geleenthede gelewer het. Die SA.-Inventaris toets dus stabiel.

(ii) Kuder-Richardson-formule 21.

Vir die bepaling van interitem konstantheid is gebruik gemaak van Formule 21 van Kuder en Richardson (Cronbach, a.w.; Anastasi, 1961). Die Kuder-Richardson-formule 21 (KR-21) is veral geskik om vinnige berekenings van koëffisiënte van interne konstantheid te doen. 'n Vereiste is egter dat die toets nagesien sal word volgens die „aantal korrek"-metode en dat daar geen tydsbeperkings opgelê is vir die afneem van die toets of vraelys nie. Die SA.-Inventaris voldoen aan hierdie vereistes. Die KR-21 is miskien nie so 'n akkurate metode as ander metodes nie (Cronbach, a.w.), maar dit bied nogtans 'n goeie aanduiding van die interne konstantheid van 'n maatstaf.

Die KR-21 is toegepas op die resultate wat behaal is deur die groep van 84 manstudente. Die koëffisiënt wat verkry is, was .67. Dit is ietwat laer as die betroubaarheidskoëffisiënt van .82 wat met die toets-hertoets metode verkry is, maar dit is bekend dat laer resultate met die KR-21 verkry word.

(iii) Twee-helfte-betroubaarheid.

Die gelyke nommers van die SA.-Inventaris is vervolgens met die ongelyke of on-ewe nommers vergelyk om die twee-helfte-betroubaarheidskoëffisiënt te bepaal. Hierdie metode gee die betroubaarheid van 'n toets wat slegs die helfte is van die oorspronklike lengte, met die moontlikheid dat die betroubaarheid verminder sal word (Smith, 1946). Dit is dan ook wat gebeur het. 'n Betroubaarheids-koëffisiënt van .77 is verkry, wat nog hoogs beduidend is. Die vollengte betroubaarheid is vervolgens met behulp van die Spearman-Brown-formule (a.w.) bereken en dit het die betroubaarheidskoëffisiënt opgeskuif na .81 wat vir alle praktiese doeleindes gelyk is aan dié van toets-hertoets-betroubaarheid. Met in agneming van al die bogenoemde resultate, kan aanvaar word dat die SA.-Inventaris 'n betroubare maatstaf is.

(b) Ander maatstawwe.

(i) KR-21.

Die KR-21 is ook gebruik vir die bepaling van interitem konstantheid van al die ander maatstawwe, behalwe die F-skaal en MacCrone-skaal. As gevolg van hulle metode van nasien leen laasgenoemde twee skale hulle nie tot gebruik van KR-21 nie.

Die KR-21 is agtereenvolgens toegepas op die Bendig CH- en OH-tellings, die Cook-Medley-vyandigheidskaal,

Siegel se manifeste vyandigheidskaal, Zaks-Walters-aggressieskaal en die Gough-vooroordeelskaal. Tabel 2 bied die verskillende betroubaarheidskoëffisiënte vir al die maatstawwe in die ondersoek, tesame met die metodes wat gebruik is.

TABEL 2.

Betroubaarheidskoëffisiënt van maatstawwe en metodes volgens die resultate behaal deur 84 manstudente.

| Metodes | Maatstawwe. | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | SA.-Inventaris | Bendig CH | Bendig OH | Zaks-Walters | Cook-Medley | Cough | Siegel. |
| Toetshertoets | .82 | | | | | | |
| Tweehelfte | .77 | | | | | | |
| Spearman-Brown | .81 | | | | | | |
| KR 21 | .67 | .70 | .64 | .96 | .996 | .70 | .81 |

Uit bogenoemde tabel blyk dit dat die koëffisiënte deur die bank hoog is. Opmerklik veral is die besonder hoë betroubaarheidskoëffisiënte wat op die Zaks-Walters-aggressieskaal en die Cook-Medley-vyandigheidskaal verkry is, naamlik .96 en .996 onderskeidelik. Die betroubaarheid van die eersgenoemde skaal is bo verwagting hoog, veral as in ag geneem word die beperkte aantal items van die skaal (n = 12).

Die resultate gee 'n goeie aanduiding dat die maat-

stawwe wat gebruik is (behalwe die F- en MacCrone-skaal, waarvan die betroubaarheid in hierdie ondersoek onbekend is) 'n hoë mate van betroubaarheid het.

(3) Korrelasies tussen SA.-Inventaris en maatstawwe van aanvaarding van andere.

Nadat die betroubaarheidskoëffisiënte van die verskillende maatstawwe bereken is, was die volgende stap die meting van verband tussen die maatstaf van selfaanvaarding en die maatstawwe van aanvaarding van andere. Die Pearson-korrelasies wat verkry is, berus op die resultate van die 84 proefpersone wat al die vraelyste beantwoord het. Tabel 3 toon die korrelasies tussen die SA.-Inventaris en die maatstawwe van aanvaarding van andere.

TABEL 3.

Korrelasie van die SA.-Inventaris met elk van die maatstawwe van aanvaarding van andere by 84 manstudente.

| | Bendig CH | Bendig OH | Zaks-Walters | Cook-Medley | Gough | Siegel | MacCrone | F-skaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| SA.-Inventaris | .452[a] | .095 | .433[a] | .304[a] | .48[a] | .25[b] | .198 | .16 |

a Beduidend by .01-grens.
b Beduidend by .05-grens.

Hoogs beduidende korrelasies (beduidend by die .01-grens) is tussen die SA.-Inventaris en die Bendig CH-telling, Zaks-Walters-skaal, Cook-Medley- en Gough-skale verkry. Hoewel die korrelasiekoëffisiënte hoogsbeduidend is, is almal redelik laag. Daar is egter 'n positiewe verband tussen die SA.-Inventaris en genoemde vier maat-

stawwe. Die korrelasie van die SA.-Inventaris met die Siegel-vyandigheidskaal (r = .25) is wel beduidend by die .05-grens, maar nogtans teleurstellend laag. Hoewel dit op 'n beduidende positiewe verband dui, is die korrelasie te laag om sondermeer aanvaar te word.

Besonder lae korrelasies is tussen die SA.-Inventaris en Bendig se OH-telling, MacCrone se rasse-houdings-skaal en die F-skaal vasgestel, naamlik .095, .198 en .16 onderskeidelik. Die korrelasies is wel positief maar geensins beduidend. Dit wil dus voorkom asof die SA.-Inventaris bykans geen verband het met dié skale nie.

(4) Interkorrelasies van verskillende maatstawwe van aanvaarding van andere.

Aangesien bykans al die maatstawwe van aanvaarding van andere een of ander graad of vorm van vyandigheid meet, is die verwagting gekoester dat daar 'n hoë verband tussen hierdie maatstawwe sal wees. Met die uitsondering van enkele gevalle is aan die verwagting voldoen.

Tabel 4 toon die interkorrelasies van die verskillende maatstawwe van aanvaarding van andere by die groep van 84 manstudente.

TABEL 4.

Interkorrelasies van verskillende maatstawwe van aanvaarding van andere by 84 manstudente.

| | Bendig OH | Zaks-Walters | Cook-Medley | Gough | Siegel | MacCrone | F-skaal. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Bendig CH | .61[a] | .55[a] | .61[a] | .58[a] | .67[a] | .14 | .152 |
| Bendig OH | | .41[a] | .37[a] | .20 | .52[a] | .21 | -.18 |
| Zaks-Walters | | | .48[a] | .45[a] | .53[a] | .37[a] | .42[a] |
| Cook-Medley | | | | .84[a] | .81[a] | .34[a] | .29[a] |
| Gough | | | | | .70[a] | .303[a] | .42[a] |
| Siegel | | | | | | -.36 | .23[b] |
| MacCrone | | | | | | | .26[b] |

a Beduidend by .01-grens; b Beduidend by .05-grens.

Uit die 28 korrelasies wat bereken is, was 20 daarvan beduidend by die .01-grens, twee by die .05-grens, vier positief maar onbeduidend en twee negatief. Die hoogste korrelasie is verkry tussen die Cook-Medley- en Gough-skale, naamlik .84. In dalende orde was die ander korrelasies: Cook-Medley en Siegel, .81; Gough en Siegel, .70; Bendig CH en Siegel, .67; Bendig CH en Bendig OH, .61; Bendig CH en Cook-Medley, .61; Bendig CH en Gough, .58; Bendig CH en Zaks-Walters, .55; Zaks-Walters en Siegel, .53; Bendig OH en Siegel, .52; Zaks-Walters en Cook-Medley, .48; Zaks-Walters en Gough, .45; r = .42 is verkry tussen die Zaks-Walters- en F-skaal, en tussen die Gough- en F-skaal; Bendig OH en Zaks-Walters, .41; en verder wissel die hoogsbeduidende korrelasies van .37 tussen die Bendig OH-telling en Cook-Medley-vyandigheidskaal tot .29 tussen die Cook-Medley- en F-skaal. 'n Positiefbeduidende (by die .05-grens)korrelasie van .26 is verkry tussen die MacCrone- en F-skaal. Die ander korrelasies was óf onbeduidend laag of negatief.

Die veronderstelling waarvan uitgegaan word is dat dié skale wat hoë interkorrelasies (.01- en .05-grense) toon, 'n hoë mate van geldigheid besit.

(i) Kruisvalidering.

Om te bepaal of die bogenoemde beduidende korrelasies nie toevallig beduidend is nie, is die eksperiment herhaal op dié maatstawwe wat by die .01- en .05-grense 'n beduidende korrelasie getoon het.

Vir die doel van kruisvalidering is gebruik gemaak van die toetsresultate van 'n groep van 55 manstudente in hulle eerste-, tweede- en derdejaar. Die afsonderlike vraelyste is ongeveer nege maande na die eerste afgeneem. Nie een student van die kruisvalideringgroep was by die

vorige eksperiment betrek nie. Die toetssituasie was soortgelyk as die eerste.

Tabel 5 toon die Pearson-korrelasies tussen die SA.-Inventaris en die maatstawwe van aanvaarding van andere in dié gevalle waar vorige beduidende korrelasies verkry is.

TABEL 5.

Kruisvalidering van beduidende korrelasies tussen SA.-Inventaris en maatstawwe van aanvaarding van andere by 55 manstudente.

| | Bendig CH | Zaks-Walters | Cook-Medley | Gough | Siegel. |
|---|---|---|---|---|---|
| SA.-Inventaris | .30[b] | .23 | .28[b] | .353[a] | .27[b] |

a Beduidend by die .01-grens.
b Beduidend by die .05-grens.

Uit bogenoemde resultate blyk dit dat die vorige beduidende korrelasie van die SA.-Inventaris met die ander maatstawwe by 84 toetslinge, nie toevallig beduidend was nie. Die korrelasiekoëffisiënte wat in die kruisvalidering-eksperiment verkry is, is oor die algemeen laer as tevore - behalwe in die geval van Siegel, waar daar 'n geringe verhoging te bespeur is. Die korrelasie tussen die SA.-Inventaris en die Zaks-Walters-skaal kon in die laaste eksperiment nie op 'n beduidende verband dui nie. Die enigste hoogs beduidende verband (.01-grens) is vasgestel tussen die SA.-Inventaris en die Gough-skaal.

Kruisvalidering van beduidende interkorrelasies van die verskillende maatstawwe van aanvaarding van andere by

die groep van 55 studente is ook gedoen. Die korrelasies word in Tabel 6 aangetoon.

TABEL 6.

Kruisvalidering van beduidende interkorrelasies van maatstawwe van aanvaarding van andere by 55 manstudente.

| | Bendig OH | Zaks-Walters | Cook-Medley | Gough | Siegel | MacCrone | F |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Bendig CH | .23 | .64[a] | .83[a] | .87[a] | .60[a] | | |
| Bendig OH | | .11 | .35[a] | | .96[a] | | |
| Zaks-Walters | | | .96[a] | .59[a] | .52[a] | .34[b] | .38[a] |
| Cook-Medley | | | | .80[a] | .73[a] | .36[a] | .27[b] |
| Gough | | | | | .72[a] | .31[b] | .39[a] |
| Siegel | | | | | | | .21 |
| MacCrone | | | | | | | .28[b] |

a Beduidend by .01-grens.
B Beduidend by .05-grens.

Ten spyte van die kleiner getal proefpersone wat vir doeleindes van kruisvalidering gebruik is, is 'n groot aantal hoogs beduidende korrelasies verkry, soos blyk uit Tabel 6. Van die 20 korrelasies in die oorspronklike eksperiment wat beduidend was by die .01-grens, is 'n aantal van 15 hoogs beduidende korrelasies met kruisvalidering verkry, 4 was beduidend by die .05-grens en 3 was positief maar onbeduidend. Slegs op drie interkorrelasies in die oorspronklike eksperiment kon die beduidende korrelasies

tydens kruisvalidering nie herhaal word nie, naamlik Bendig CH- en OH-tellings, r = .23 (oorspronklik .61); Bendig OH-skaal en Zaks-Walters, r = .11 (.41); Siegel- en F-skaal, r = .21 (.23).

In die bespreking van die resultate en van die verskille tussen die oorspronklike- en kruisvalidering-eksperiment (p. 105 hieronder) sal getrag word om moontlike verklarings te vind vir die verskille wat aangetref is, en die skale sal krities gewaardeer word ten opsigte van hulle bruikbaarheid en geldigheid as metodes in die ondersoek na die verband tussen selfaanvaarding en aanvaarding van andere.

(5) <u>Bespreking van Resultate</u>.

(a) <u>Betroubaarheidsgegewens</u>.

1. <u>SA.-Inventaris</u>.

(i) <u>Toets-hertoets</u>.

Die betroubaarheidskoëffisiënt of koëffisiënt van stabiliteit (Downie, 1958) van SA.-Inventaris wat met behulp van die toets-hertoets metode verkry is, is bevredigend hoog, naamlik .82.

Aanvanklik is gemeen dat die tydsverloop van drie maande tussen die twee toetsings 'n nadelige invloed sal uitoefen, maar skynbaar was dit nie die geval nie. Die mate van stabiliteit wat gevind is, is 'n aanduiding dat daar nie noemenswaardige veranderinge ten opsigte van leer, rypwording, fisiese- en emosionele toestande, ens. ingetree het nie. Dit is ook onwaarskynlik dat die hoë betroubaarheidskoëffisiënt daaraan toegeskryf kan word dat die proefpersone die items in die vraelys goed kon onthou, veral as in ag geneem word dat die ander vraelyste wat in die ondersoek gebruik is, gedurende die tydsverloop van

drie maande afgeneem is.

Op grond van die toets-hertoets resultate wil dit dus voorkom of die SA.-Inventaris stabiel toets.

(ii) Kuder-Richardson-formule 21.

Die koëffisiënt van interne konstantheid wat met behulp van KR-21 verkry is, naamlik .67, is hoog genoeg (hoewel laer as dié van toets-hertoets) om die gebruik van die maatstaf van selfaanvaarding in hierdie ondersoek te regverdig. 'n Hoër betroubaarheidskoëffisiënt sou miskien wenslik wees aangesien die SA.-Inventaris hom uitstekend leen tot gebruik van hierdie metode.

(iii) Twee-helfte-betroubaarheid.

Die interne konstantheid van die SA.-Inventaris is bevredigend. Die koëffisiënt van .81 wat verkry is (volgens die Spearman-Brown korreksie), is ongeveer dieselfde as wat verkry is met behulp van die toets-hertoets metode. Die redelik hoë koëffisiënt bied 'n aanduiding dat die twee helftes van die vraelys wat met mekaar vergelyk is nie veel verskil wat betref die soort items nie, en dat die proefpersone se beantwoording op die twee helftes grotendeels ooreenstem.

As in ag geneem word dat die gelyke item-nommers met die ongelykes vergelyk is, kon 'n mens eintlik verwag dat 'n hoër interne konstantheids-koëffisiënt verkry sou word. Sonder gebruikmaking van die Spearman-Brown formule is die verkreë koëffisiënt .77, wat te wyte kan wees aan die beperkte aantal items (n = 22) wat in die twee onafhanklike dele van die vraelys met mekaar vergelyk is.

Uitgaande van die standpunt dat afwesigheid van betroubaarheid in 'n toets die geldigheid van die toets of vraelys verminder (Selltiz, et al, a.w.) kan ons sê dat

die SA.-Inventaris 'n bevredigende geldigheid besit, aangesien die betroubaarheidskoëffisiënte wat verkry is sodanig is dat hierdie vraelys beskou kan word as 'n betroubare maatstaf.

2. Maatstawwe van aanvaarding van andere.

(i) KR-21.

Vir die bepaling van interitem konstantheid van die maatstawwe van aanvaarding van andere is slegs gebruik gemaak van KR-21. Aangesien die MacCrone-skaal hom nie leen tot gebruik van dié metode nie, is die betroubaarheidskoëffisiënte van .935 en .90 (toets-hertoets en tweehelfte betroubaarheid onderskeidelik) wat die samesteller (MacCrone, a.w.) gevind het, aanvaar vir gebruik in hierdie ondersoek. Die ander skaal wat hom nie leen tot KR-21 betroubaarheid nie, is die F-skaal. Adorno, et al (a.w.) rapporteer egter dat die gemiddelde betroubaarheidskoëffisiënt wat by 14 groepe proefpersone (n = 1518) verkry is, .90 was. Ook hierdie koëffisiënt is aanvaar vir die betroubaarheid van die maatstaf.

Die betroubaarheidskoëffisiënt vir die Bendig CH- en OH-tellings by 84 manstudente in hierdie ondersoek was .70 en .64. Hoewel ietwat laer, stem dit in 'n groot mate ooreen met Bendig (1962) se betroubaarheidskoëffisiënt van .72 en .77 vir die CH-skaal tydens twee ondersoeke, en .76 en .70 vir die OH-skaal. Die betroubaarste skaal van bogenoemde blyk dus die CH-skaal te wees, en 'n mens sal verwag dat (op grond van die hoër betroubaarheid) hierdie skaal 'n hoër interkorrelasie met ander maatstawwe van aanvaarding van andere sal toon.

Die KR-21 betroubaarheid van die Zaks-Walters-aggressieskaal in die huidige ondersoek is hoog genoeg vir die doel waarvoor dit gebruik is. 'n Betroubaarheids-

koëffisiënt van .96 is verkry, wat beteken dat die tellings wat behaal is betroubaar is in die sin dat toevallige metingsfoute tot die minimum beperk is en dat 'n her-toetsing ongeveer dieselfde resultaat behoort te lewer (Selltiz, et al, a.w.). Zaks-Walters (a.w.) rapporteer 'n produk-moment korrelasiekoëffisiënt vir toets-hertoets van .86, wat 'n bevredigende graad van betroubaarheid aandui.

'n Hoër graad van betroubaarheid is op die 50-item Cook-Medley-vyandigheidskaal verkry, naamlik .996. Met toepassing van hierdie vyandigheidskaal op 200 studente het Cook en Medley (a.w.) 'n betroubaarheidskoëffisiënt van .86 verkry, wat alreeds bevredigend genoeg is. Dit kan dus aanvaar word dat die Cook-Medley-skaal wel 'n be-troubare maatstaf is in die huidige ondersoek.

Op grond van die resultaat wat verkry is in die bepaling van die betroubaarheid van die Gough-vooroordeel-skaal, naamlik 'n koëffisiënt van .70, wil dit voorkom of dié skaal wel 'n redelik aanvaarbare graad van betroubaar-heid besit. Dit is ietwat laer as die twee-helfte-be-troubaarheid van .79 by 770 studente in die oorspronklike ondersoek (Gough, a.w.).

Die 50-item Siegel-manifeste-vyandigheidskaal het 'n KR-21 betroubaarheidskoëffisiënt van .81 opgelewer. Dit dui op 'n aanvaarbare graad van betroubaarheid, en dit regverdig die insluiting van die skaal in die ondersoek. Siegel (a.w.) het 'n twee-helfte-betroubaarheidskoëffisiënt (gekorrigeer) van .84 verkry, wat byna in ooreenstemming is met die koëffisiënt in die huidige ondersoek.

Om saam te vat: op grond van die resultate behaal in die bepaling van betroubaarhede van die verskillende skale wat in hierdie ondersoek gebruik is, blyk dit dat al die maatstawwe (miskien met die uitsondering van die Bendig

OH-telling) 'n bevredigende graad van betroubaarheid besit. Die betroubaarheidskoëffisiënte wat deur die samestellers van die maatstawwe van aanvaarding van andere verkry is, is in sommige gevalle effens hoër as die huidiges, maar oor die algemeen is daar nie veel verskille nie.

(b) Korrelasie van SA.-Inventaris met maatstawwe van aanvaarding van andere; interkorrelasies van maatstawwe van AA. (Aanvaarding van Andere).

In die bespreking van selfaanvaarding en nie-selfaanvaarding, en van aanvaarding van andere en nie-aanvaarding van andere (Hoofstuk I hierbo), het teoretiese bespiegelinge en ondersoeke daarop gedui dat daar met 'n mate van sekerheid aanvaar kan word dat die persoon of persone wat hom-/hulleself aanvaar, andere ook sal aanvaar. Verder, persone wat hulleself nie aanvaar nie, sal andere waarskynlik ook nie aanvaar nie. Daar is op gewys dat die aanwesigheid van eienskappe soos vyandigheid,aggressiwiteit, onvolwassenheid, emosionele onstabiliteit, houdings van vooroordeel, ens., grotendeels onversoenbaar is met die individu wat homself aanvaar. Dit wou egter voorkom dat bogenoemde eienskappe wel in 'n aansienlike graad aanwesig is by nie-selfaanvaarde individue. Dus, individue wat hulleself aanvaar sal andere waarskynlik ook aanvaar; diegene wat hulleself nie aanvaar nie sal andere moontlik ook nie aanvaar nie.

Die SA.-Inventaris in die huidige ondersoek is veronderstel om selfaanvaarding by manstudente te meet. Hoe laer die telling is wat deur 'n individu behaal is, hoe groter is die selfaanvaarding van die individu. Omgekeerd,hoe hoër die telling is wat behaal word, hoe minder aanvaar die individu homself.

Die maatstawwe van aanvaarding van andere waarvan in

die ondersoek gebruik gemaak is, is veronderstel om houdings van vyandigheid te meet (Bendig se CH- en OH-tellings; die Cook-Medley-vyandigheidskaal; Siegel se manifeste vyandigheidskaal en die Kaliforniese Fascisme (F-) skaal). Verder is daar gepoog om aggressie (met behulp van die Zaks-Walters-agressieskaal), indirekte vooroordeel (Gough-vooroordeelskaal) en rassehoudings (MacCrone-skaal) te meet.

Indien die veronderstelling waarvan uitgegaan word korrek is, behoort hoë of ten minste beduidende korrelasies verkry te word tussen die SA.-Inventaris en die verskillende AA.-maatstawwe.

Laat ons Tabel 3 (Hoofstuk 3,p.100 hierbo) ondersoek: die SA.-Inventaris het .452 gekorreleer met die Bendig CH-telling. Die korrelasiekoëffisiënt is teleurstellend laag, maar nogtans hoog beduidend (.001-grens). Dit bied 'n redelike aanduiding van die verwantskap wat daar bestaan tussen die SA.-Inventaris en die Bendig CH-telling. Indien die Bendig-telling (wat 'n maatstaf is van verbloemde of verborge vorme van vyandigheid) geldig is, dan kan tot die gevolgtrekking geraak word dat verborge vyandigheid 'n kenmerk is van die individu wat homself nie aanvaar nie, maar alleen op voorwaarde dat die SA.-Inventaris wel 'n maatstaf is van selfaanvaarding. Met ander woorde, indien 'n persoon 'n hoë telling behaal op die SA.-Inventaris is die kanse goed dat hy 'n ooreenstemmende hoë telling op die CH-skaal sal behaal. Met inagneming van die interkorrelasies van die verskillende maatstawwe van aanvaarding van andere (Tabel 4), blyk dit dat die Bendig CH-skaal 'n aanvaarbare en hoogs beduidende verband het met ander maatstawwe van vyandigheid. Behalwe in die geval van die MacCrone- en die F-skaal, is die korrelasies beduidend by die .001-grens. Op grond hiervan kan beweer word dat

die Bendig CH-skaal 'n hoë mate van geldigheid het.

Die korrelasie van die SA.-Inventaris met die Bendig OH-telling het 'n onbeduidende koëffisiënt van .095 opgelewer. Daar is dus oënskynlik geen verband tussen hierdie skale nie. Aangesien die OH-skaal 'n maatstaf is van openlike vyandigheid, kan beweer word dat openlike vyandigheid, byvoorbeeld vloek en dreigende gedrag (Buss & Durkee, a.w.), nie 'n faktor is wat betrekking het op die meting van selfaanvaarding nie. Die verklaring van die onbeduidende korrelasie word egter bemoeilik deurdat die OH-skaal wel hoogs beduidend korreleer met die Bendig CH-telling (r = .61), die Zaks-Walters-aggressieskaal (r = .41), Cook-Medley-vyandigheidskaal (r = .37) en die Siegel manifeste vyandigheidskaal (r = .52). Ook die SA.-Inventaris korreleer hoogs beduidend met dieselfde skale. 'n Ander verklaring vir die onbeduidende korrelasie van die SA.-Inventaris met die OH-skaal is dan miskien dat laasgenoemde skaal onderworpe is aan instellings ten opsigte van beantwoording. Met ander woorde, as gevolg van die openlike vyandige aard van die items van die OH-skaal kon die studente miskien doelbewus onbetroubare antwoorde verstrek het.

'n Korrelasiekoëffisiënt van .433 (beduidend by die .001-grens) is verkry in 'n vergelyking van tellings op die SA.-Inventaris en die Zaks-Walters-Aggressieskaal. Die koëffisiënt as sulks is nie hoog nie, maar die beduidendheid daarvan is so hoog dat aanvaar kan word dat daar wel 'n hoë verband bestaan tussen selfaanvaarding en afwesigheid van aggressie, of nie-selfaanvaarding en die aanwesigheid van aggressie. Dit is dan moontlik dat die nie-selfaanvaarde individu bevestigend sal antwoord op bewerings van direkte aggressiwiteit, („Ek voel dikwels

daarna om iemand tot 'n geveg uit te lok"), indirekte aggressiwiteit („Die meeste mense sterf in ongelukke as gevolg van hulle eie roekeloosheid") en op bewerings wat aggressie aandui op grond van 'n teoretiese oriëntasie en nie soseer op grond van die inhoud daarvan nie: („Ek kan byna nooit waag om aan my woede uitdrukking te gee teenoor mense nie, uit vrees dat ek hulle liefde of agting sal verloor"). Die Zaks-Walters-aggressieskaal het ook hoogs beduidend met die ander maatstawwe van aanvaarding van andere gekorreleer, naamlik .55 en .41 met die Bendig CH- en OH-skale, .48 met die Cook-Medley-skaal, .45 met die Gough-vooroordeelskaal, .53 met Siegel se manifeste vyandigheidskaal en .37 en .42 met die MacCrone- en F-skaal onderskeidelik. Al hierdie bogenoemde korrelasiekoëffisiënte is beduidend by die .001-grens, sodat dit die veronderstelling staaf dat die aan- of afwesigheid van aggressie 'n sterk verband het met nie-selfaanvaarding of selfaanvaarding in hierdie ondersoek. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met die wetenskaplike feite soos in Hoofstuk I uiteengesit is, naamlik dat vyandigheid en aggressie 'n prominente plek inneem in die psigiese funksionering van die nie-selfaanvaarde individu.

'n Effens laer korrelasie as die voorafgaande, maar nogtans hoogs beduidend, is gevind tussen die SA.-Inventaris en Cook-Medley-vyandigheidskaal. Hierdie beduidende positiewe verband is eintlik nie verbasend nie aangesien die SA.-Inventaris hoogs beduidend korreleer met vyf van die agt AA.-maatstawwe en aangesien ook die Cook-Medley-skaal beduidend by die .001-grens korreleer met die ander maatstawwe, behalwe met die F-skaal waar die koëffisiënt beduidend is by die .01-grens. Die hoë wedersydse verband wat die SA.-Inventaris met die Cook-Medley-skaal het, en laasgenoemde met die ander maatstawwe is nogeens 'n bewys

van die feit dat daar wel 'n beduidende positiewe verband is tussen selfaanvaarding en aanvaarding van andere.

Besonder hoë korrelasies is tussen die Cook-Medley-skaal en die Gough- en Siegel-skale verkry, naamlik .84 en .81 onderskeidelik. Hierdie skale meet dus ongeveer dieselfde eienskappe.

'n Verdere stawing van die veronderstelling dat daar 'n verband bestaan tussen selfaanvaarding en aanvaarding van andere, is gevind in die korrelasie van die SA.-Inventaris met die Gough-vooroordeelskaal, naamlik 'n koëffisiënt van .48. Die item-ontleding (volgens die samesteller) van die 32-item vraelys het persoonlikheids-faktore laat blyk wat ooreenkom met die beeld van die individu wat nóg homself nóg andere aanvaar. Van die belangrikstes was onder andere dat die persoon met 'n hoë telling op die vooroordeelskaal, nie instaat is om die motiewe en gedrag van andere goed te keur nie omdat hy homself nie aanvaar nie; mensehaat en ontevredenheid; gebrek aan ewewig en selfversekerdheid; 'n vyandige en verbitterde lewensuitkyk; ens. (Gough, a.w.).

Die Gough-skaal het ook hoogs beduidend gekorreleer met die ander maatstawwe wat in die ondersoek gebruik is, behalwe met die Bendig OH-skaal. In laasgenoemde geval was die koëffisiënt by geeneen van die grense beduidend nie.

Hoewel beduidend by die .05-grens, is die korrelasie van die SA.-Inventaris met die Siegel-manifeste-vyandigheid-skaal teleurstellend laag, naamlik .25. Die lae korrelasie mag miskien toe te skryf wees aan die direkte of manifeste aard van die Siegel-skaal. Die proefpersone mag dus doelbewus onbetroubare antwoorde verstrek het. Hoe dit ookal sy, daar is beslis 'n verband tussen selfaanvaarding en aanvaarding van andere soos gemeet deur hierdie twee

maatstawwe. Hierdie verband blyk ook uit die hoogs beduidende korrelasies van die Siegel-skaal met vyf van die ander maatstawwe, naamlik .67, .52, .53, .81 en .70 met die Bendig CH-skaal, die Bendig OH-skaal, Zaks-Walters-skaal, Cook-Medley- en die Gough-skaal onderskeidelik. Die korrelasiekoëffisiënt van .23 tussen die Siegel- en F-skaal is wel beduidend by die .05-grens, maar baie laag, terwyl 'n negatiewe onbeduidende korrelasie met die MacCrone-skaal verkry is. Die verband in hierdie geval is dus skynbaar afwesig.

Naas die Bendig OH-skaal is die ander twee skale wat op 'n onbeduidende positiewe verband met die SA.-Inventaris dui, die MacCrone-rassehoudingskaal en die F-skaal. Die koëffisiënte van .198 en .16 wat onderskeidelik verkry is mag as 'n aanduiding dien dat selfaanvaarding nie veel te make het met houdings teenoor die Bantoe nie, of dat onderdrukte vyandigheid teenoor die ouers (indien dit deur die F-skaal gemeet word) nie kenmerkend is van selfaanvaarding of nie-selfaanvaarding nie. 'n Ander rede mag wees dat, as gevolg van die huidige poging in die Republiek om samewerking tussen die blanke en die Bantoe op afsonderlike terreine te bewerkstellig, die proefpersone onbetroubare antwoorde verstrek het. Aangesien, soos tevore reeds opgemerk is, persone daartoe instaat is om doelbewus onbetroubare response te gee op die F-skaal (Sundberg & Bachelis, a.w.) kan die lae korrelasie van die SA.-Inventaris met hierdie maatstaf moontlik toe te skryf wees aan die feit dat die F-skaal onderworpe kan wees aan instellings ten opsigte van beantwoording.

Uit Tabel 4 (Hoofstuk 3, p. 101 hierbo) blyk dit ook dat die MacCrone-skaal en die F-skaal oor die algemeen die laagste korrelasies met die ander maatstawwe opgelewer

het. Dit versterk in 'n mate die bedenkings wat teen hierdie twee skale gekoester word in 'n ondersoek soos die huidige.

Dit is interessant om daarop te let dat Boshoff (Deppe, 1964) se ondersoek na die verband tussen selfaanvaarding en aanvaarding van andere by damestudente, bykans dieselfde resultate opgelewer het as in die huidige ondersoek, naamlik dat die SA.-Inventaris (Vorm V) hoogs beduidend gekorreleer het met die Zaks-Walters-aggressieskaal, die Cook-Medley-vyandigheidskaal, die Bendig CH-skaal, die Gough-skaal en die F-skaal. Onbeduidende korrelasies is gevind in die geval van die Siegel-manifeste-vyandigheidskaal, Bendig OH-skaal en die MacCrone-skaal.

(c) Kruisvalidering.

In die kruisvalidering-eksperiment was die resultate wat verkry is, nie baie verskillend van die eerste ondersoek nie. Die korrelasie van die SA.-Inventaris met die maatstawwe van aanvaarding van andere het tydens kruisvalidering laer korrelasies getoon as die vorige keer, maar die verband wat voorheen vasgestel is,is weereens bewys (behalwe in die geval van die Zaks-Walters-skaal). Die koëffisiënte was beduidend by ten minste die .05-grens. Die laer korrelasies kan miskien toe te skryf wees aan die kleiner groep proefpersone wat vir kruisvalidering gebruik is (n = 55). Hierdie neiging van laer korrelasies is egter nie te bespeur tydens die interkorrelasies van die verskillende maatstawwe van aanvaarding van andere nie. In sommige gevalle is hoër korrelasies verkry (tw. die Bendig CH-skaal met die Zaks-Walters-skaal, die Cook-Medley-skaal en die Gough-skaal, naamlik .64, .83 en .87 onderskeidelik; die Bendig OH-skaal met die Siegel-skaal: r = .96; die Zaks-Walters-skaal met die Cook-Medley-skaal,

die Gough-skaal en die Bendig CH-skaal, naamlik .96, .59 en .64 onderskeidelik). Met kruisvalidering kon in sommige gevalle nie weer die hoogs beduidende korrelasies van die vorige eksperiment herhaal word nie, hoewel dit die uitsondering is. Die enigste onbeduidende korrelasies is verkry tussen die Bendig CH- en OH-skale (.23), die Bendig OH- en Zaks-Walters-skaal (.11) en die Siegel-skaal met die F-skaal (.21).

Vyftien van die 20 korrelasiekoëffisiënte wat in die eerste eksperiment beduidend by ten minste die .01-grens was, was weereens by dieselfde grens beduidend met kruisvalidering; 'n aantal van vier koëffisiënte was in laasgenoemde eksperiment beduidend by die .05-grens. Dit wil sê, tydens kruisvalidering was 'n aantal van 19 korrelasiekoëffisiënte beduidend (by die .01-grens en .05-grens tesame) in vergelyking met die totaal van 22 by beide grense in die eerste ondersoek. Die verskille is dus gering.

Behalwe vir die feit dat die geringe verskille toegeskryf kan word aan die meer beperkte aantal proefpersone, kan dit ook miskien toegeskryf word daaraan dat daar in verhouding 'n groter aantal eerstejaar-studente in die laaste eksperiment teenwoordig was as in die eerste. Die implikasie is dus dat die relatief meer onvolwasse eerstejaar-studente kon bydra tot die verskuiwing van beduidendhede. 'n Ondersoek na die verband tussen jaar op Universiteit en selfaanvaarding en aanvaarding van andere mag moontlik interessante gegewens aan die lig bring.

In perspektief gesien lei die resultate wat in hierdie ondersoek verkry is tot die gevolgtrekking dat die SA.-Inventaris (vorm M) 'n geskikte en geldige maatstaf is vir die meting van selfaanvaarding by manstudente. Indien vyandigheid of houdings van vyandigheid 'n faktor

is in die bepaling van selfaanvaarding of nie-selfaanvaarding, dan kan die SA.-Inventaris met 'n redelike mate van veiligheid aangewend word sonder gebruikmaking van die maatstawwe van aanvaarding van andere, aangesien die korrelasie van eersgenoemde maatstaf beduidend genoeg korreleer met laasgenoemdes.

Nog belangriker egter is die feit dat daarin geslaag kon word om die verband tussen selfaanvaarding en aanvaarding van andere by manstudente aan te toon. Uit die resultate blyk dit dat houdings van vyandigheid, aggressie en vooroordeel van groot belang is in die persoonlikheidstruktuur van die nie-selfaanvaarde individu, en dat hierdie houdings hoofsaaklik afwesig is by die individu wat homself aanvaar. Verder, die individu wat homself aanvaar sàl andere ook aanvaar, en die persoon wat nog nie tot selfaanvaarding gekom het nie, kan ander persone ook nie aanvaar nie.

7. <u>Bevindings uit hierdie ondersoek verkry</u>.

Deur gebruik te maak van die toets-hertoets metode, die Kuder-Richardson-formule 21 en twee-helfte-betroubaarheid is bevind dat die SA.-Inventaris 'n betroubare maatstaf is vir die meting van selfaanvaarding. Betroubaarheidskoëffisiënte van .82, .67 en .81 is met behulp van bogenoemde metodes onderskeidelik verkry.

Met 'n moontlike uitsondering van die Bendig OH-skaal, dui die resultate wat verkry is in die vasstelling van die betroubaarheidskoëffisiënte van die maatstawwe van aanvaarding van andere, dat ook hierdie maatstawwe 'n bevredigende graad van betroubaarheid besit.

Met die uitsondering van die Bendig OH-skaal, die MacCrone- en die F-skaal, is die koëffisiënte wat verkry is uit die korrelasie van die SA.-Inventaris met die maat-

stawwe van aanvaarding van andere, almal beduidend by die .05-grens en die .01-grens. Dit blyk ook dat bogenoemde drie skale versigtig oorweeg moet word vir gebruik in 'n ondersoek soos die huidige.

In 'n kruisvalidering eksperiment van bogenoemde beduidende korrelasies, is die verband tussen selfaanvaarding en aanvaarding van andere her-bevestig. Die enigste uitsondering was die Zaks-Walters-skaal.

Die resultate wat verkry is uit die interkorrelasies van die maatstawwe van aanvaarding van andere, asook uit 'n kruisvalidering van hierdie beduidende korrelasies, bied 'n redelike mate van sekerheid dat hierdie maatstawwe, behalwe miskien die Bendig OH-, MacCrone- en F-skale, gebruik kan word vir die doel waarvoor hulle saamgestel is.

In die huidige ondersoek gaan dit egter nie hoofsaaklik om die vraag of die maatstawwe geskik is vir hulle doel nie, maar wel of daar 'n verband bestaan tussen selfaanvaarding en aanvaarding van andere by manstudente.

Die korrelasie van die SA.-Inventaris met die maatstawwe van aanvaarding van andere, dui daarop dat daar 'n verband bestaan tussen selfaanvaarding en aanvaarding van andere soos vasgestel by 'n groep manstudente. Dit kan aanvaar word dat persone wat hoë tellings op die SA.-Inventaris behaal (d.w.s. persone wat hulleself nie aanvaar nie), waarskynlik ook hoë tellings op die maatstawwe van aanvaarding van andere sal behaal. Dit dui daarop dat hulle nie slegs hulleself nie aanvaar nie, maar dat hulle vyandig, aggressief en bevooroordeeld is teenoor ander persone, en hulle dus nie aanvaar nie. Die aanwesigheid van houdings van vyandigheid, aggressie en vooroordeel is dus kenmerkend van die nie-selfaanvaarde individu en maak 'n belangrike deel uit van sy psigiese funksionering, terwyl hierdie houdings hoofsaaklik afwesig is by die individu wat homself

aanvaar.

Dus, in die ondersoek na die verband tussen selfaanvaarding en aanvaarding van andere by manstudente, is die bevinding dat daar wel sodanige verband bestaan, en dat met gebruik van die maatstawwe vir die meting van selfaanvaarding en van aanvaarding van andere, hierdie verband vasgestel is.

# HOOFSTUK 4.

## 'n Samevattende oorsigtelike beskouing.

### 1. Nie-selfaanvaarding.

By elke mens bestaan en ontstaan daar 'n gevoel van swakhede, tekortkomings en minderwaardighede waarmee hy nie genoeë neem nie. Die persoon aanvaar nie hierdie bestaande toestande nie, en dit gaan dus om „nie-aanvaarding." Aangesien dit die persoon self is wat nie aanvaar nie, word die term „nie-selfaanvaarding" gebesig. Hierdie situasie word veral in Adler se Sielkunde gevind.

In die Kliniese Sielkunde het die psigoterapeut dikwels te doen met persone wat wanaangepas is, wat gevoelskrisisse beleef of wat neuroties is - juis as gevolg van die feit dat die persoon met homself ontevrede is of homself nie kan aanvaar nie. Selfs by die normale persoon word dit soms aangetref dat hy by tye bewus is van 'n toestand wat hom hinder. Al is hy nie daarmee gediend nie, leef hy tog daarmee saam.

Nie slegs een faktor is verantwoordelik vir die ontstaan en ontwikkeling van nie-selfaanvaarding nie. Die moontlikheid bestaan dat nie-selfaanvaarding reeds gedurende die kinderjare van die persoon 'n aanvang kon neem as gevolg van die opvoedingsmetodes, lewenswyse, en godsdiensopvattings van die ouers. Hulle houding en verhouding tot mekaar, hulle houdings teenoor die kind, ens. beïnvloed die kind se houdings teenoor homself asook sy houdings teenoor ander persone.

As gevolg van die feit dat ouers hulle kind nie aanvaar nie of dat hulle vyandig is teenoor hom, sal die kind vir homself onaanvaarbaar wees want sy die houdings teenoor homself is gebaseer op sy ouers se houdings teenoor hom. Die ouers se liefde vir die kind is van die uiterste

belang vir sy toekomstige fisiese-, emosionele-, sosiale- en persoonlikheidsontwikkeling. Vyandigheidsgevoelens van die kind, gevoelens van onsekerheid en emosionele onstabiliteit, ens. kan soms teruggevoer word na oormatige gesag en strengheid van die ouers, na verwerping deur die ouers van die kind, na diskriminasie teen en valse liefde vir die kind.

Die skoolsituasie mag opsigself verantwoordelik wees vir die ontstaan van nie-selfaanvaarding, of dit kan as 'n verdere stimulus dien vir reeds bestaande nie-selfaanvaarding. Aangesien dit noodsaaklik is vir die normale ontwikkeling van die kind dat hy op fisiese en geestelike gebied met sy mede-skoliere kan meeding sal die optrede van die onderwyser(-es) in 'n groot mate bepaal in hoeverre die basiese beginsels van interpersoonlike verhoudings by die kind tuis gebring word en in watter mate die kind tot 'n besef kom van sy eie vermoëns en beperkings. Taktlose optrede deur die onderwyser, afsnouing en kritiek het nie alleenlik tot gevolg dat die kind self minderwaardig voel nie, maar dit het ook tot gevolg dat die mede-skoliere hierdie kritiek uitbuit en dat die kind 'n voorwerp van spot word.

Te hoë eise wat deur die onderwysers aan die kind gestel word, het tot gevolg die ontstaan van minderwaardigheidsgevoelens by die kind. Hy voel minderwaardig teenoor sy mede-skoliere en gevoelskrisisse mag ontstaan.

Die gemeenskap waarin die persoon hom bevind kan 'n verdere bron wees vir die ontstaan en ontwikkeling van nie-selfaanvaarding. Die konflik tussen die mens se begeerte om in liefde met sy medemens saam te leef en die vyandigheid van die gemeenskap kan bydra tot patologiese toestande. 'n Swak ontwikkelde roepingsbewustheid en beroepsbewussyn vergroot die reeds bestaande konflikte.

Die persoon voel onseker van homself; hy voel onseker oor menslike verhoudings. As gevolg van die feit dat hy voel hy kan homself nie laat geld in die meeste situasies nie, sal die persoon daarna streef om aansien en prestige te verwerf. Hierdie strewe veroorsaak egter groter ontevredenheid met sy ouers, huis, vrou en kinders en hy sien hulle as die oorsaak van sy gebrek aan aansien.

Die selfbeskouing en self-evaluering van die mens vind plaas deur vergelyking met ander individue. Aangesien elke mens 'n strewe het na krag, na oorheersing en meerderwaardigheid, volgens Adler, sal elke mens poog om sy minderwaardighede te bowe te kom deur op verskeie wyses (logies of onlogies) daarvoor te kompenseer. Fisies gebreklike individue mag dus op 'n gesonde en aanvaarbare wyse kompenseer deur van hulle ander vermoëns gebruik te maak om te hulle fisiese beperkings uit te styg. Indien die individu se geldingstrewe egter gedurig misluk of gefrustreer word, kan dit aanleiding gee tot vyandigheidsgevoelens en uiteindelik die neuroses of selfs psigoses. Dus, hoe groter die verskil is tussen die persoon se waargenome self en sy ideale self hoe groter is sy nie-selfaanvaarding en wanaanpassing.

Die oorsake wat verantwoordelik is vir die ontstaan en ontwikkeling van nie-selfaanvaarding, sal waarskynlik in 'n mate bepaal wat die eienskappe en gevolge van nie-selfaanvaarding sal wees. Die individu wat ontevrede is met homself sal streef na kompensasie om sy gebrek of minderwaardigheid te bowe te kom. Hoe groter sy nie-selfaanvaarding is hoe groter sal die persoon se geldingstrewe wees. Die herhaaldelike mislukking van die geldingstrewe kan dan aanleiding gee tot die ontstaan van 'n neurose, met al die simptome van nie-selfaanvaarding, nie-

aanvaarding van andere, vyandigheid, houdings van vooroordeel, ens. Kenmerkend van die neurotiese persoon is die onbewuste voorwendsels van liefde, onselfsugtigheid, eerlikheid en regverdigheid.

Vyandigheid as 'n aspek van psigiese funksionering van die neurotiese individu beklee klaarblyklik 'n prominente plek in die vraagstuk van nie-selfaanvaarding. Die vyandigheidsgevoelens kan tot die persoon self gerig wees in die vorm van selfhaat en selfveragting, of dit kan tot die samelewing en gesagsfigure in die samelewing gerig wees, omdat die persoon voel dat hy as kind onregverdig behandel is deur 'n vyandige wêreld. Die onvolwasse aard van hierdie houdings blyk duidelik uit die neurotiese strewe na mag en gesag. Die neurotiese persoon probeer gewoonlik om sy vyandigheidsgevoelens te verdring of te verplaas deur middel van die meganisme van projeksie, maar as dit nie slaag nie ondervind hy verdere probleme wat betref liefde vir diegene wat hy liefhet.

'n Ander belangrike eienskap van nie-selfaanvaarding kom tot uiting in houdings van vooroordeel. Skynbaar is daar 'n sterk verband tussen vyandigheid en vooroordeel. Houdings van vooroordeel kan reeds in die kinderjare sy ontstaan hê deur die aanname van houdings van die ouers, of dit kan veral tussen die twaalfde- en sestiende jare of vroeër ontwikkel. In die laasgenoemde geval word die houdings direk of doelbewus deur die ouers op die kind oorgedra. Van verdere belang is ook die wyse waarop die ouers die kind hanteer, dit wil sê hulle dissipline, liefde en houdings teenoor die kind is van so 'n aard dat die kind nie anders kan as om agterdogtig, beangs en haatdraend te word nie. Hierdie eienskappe word vroeër of later op minderheidsgroepe gefikseer.

Vanaf die vroegste jare leer die kind dus dat mag en

gesag menslike verhoudings oorheers en nie liefde en verdraagsaamheid nie, en as gevolg van sy min selfvertroue (wat veroorsaak word deur sy ouers se houdings en optrede teenoor hom) word die kind se twyfel en wantroue op ander persone en gesagsfigure geprojekteer. Dit wil ook voorkom dat houdings van vyandigheid en vooroordeel teenoor andere verband het met houdings teenoor die self, soos dit tevoorskyn tree in nie-selfaanvaarding.

Die aanwesigheid van houdings van vyandigheid en vooroordeel teenoor die self en teenoor andere impliseer die afwesigheid van liefde en die aanwesigheid van egosentrisiteit. Liefde wat hoofsaaklik tot die self gerig is, is geen ware liefde nie, aangesien alles om die persoon self sentreer. Die selfsugtige of egoïstiese persoon is dus geneig om andere te gebruik om sy eie behoeftes te bevredig. In sy poging om tot selfaanvaarding te kom is hy vyandig en bevooroordeeld teenoor andere.

In sy poging om die balans te herstel in sy toestand van ongemak, twyfel en onsekerheid, raak die persoon vaster gevang in sy eie probleme en staan hy meer en meer subjektief teenoor homself en sy omgewing. In sy strewe om aanvaarbaar te wees vir homself, vir sy vriende, vrou, kinders, ens. word hy meer en meer krities teenoor hulle, aangesien sy geldingstrewe telkens misluk. Die beangstheid wat hieruit voortvloei mag dan die vorm aanneem van woede en veragting teenoor ander persone, maar dit kan ook woede en veragting, m.a.w. selfverwerping, teenoor homself tot gevolg hê. Dus, die teenwoordigheid van al die bogenoemde verskynsels van vyandigheid, vooroordeel, egosentrisiteit, selfliefde en verwerping van die self en van andere gee vir ons 'n beeld van 'n persoon wat homself nie aanvaar nie.

2. Selfaanvaarding:

Elke mens is bewus van sy tekortkominge en aanvaar homself aanvanklik nie, maar hy leer mettertyd dat hy hulle nie kan uitskakel nie en dat hy met sy tekortkominge moet saamleef. Selfaanvaarding ontstaan dus uit 'n toestand van nie-selfaanvaarding. Dit is dan eintlik 'n teenhanger van nie-selfaanvaarding, en die eienskappe van selfaanvaarding kan dus gesoek word as die teenhanger van eienskappe van nie-selfaanvaarding.

Die aanwesigheid van liefde vorm 'n belangrike aspek van selfaanvaarding en van die volwasse persoonlikheid. Dit is ook 'n noodsaaklike vereiste vir gesonde interpersoonlike verhoudings. Selfaanvaarding beteken nie alleen dat jy jouself moet liefhê nie, maar dat jy jou naaste soos jouself sal liefhê. Egosentrisiteit is afwesig en ander persone word aanvaar soos hulle is, met al hulle foute en gebreke. Slegs die persoon wat tot 'n aanvaarding kan kom van sy eie tekortkominge, kan andere aanvaar.

Die oorgang van nie-selfaanvaarding na selfaanvaarding kan op normale wyse geskied, in welke geval die minderwaardig-voelende of self-ontevrede persoon se geldingstrewe slaag. Met verloop van tyd, rypheid en dieper insig kom die meeste persone tot 'n berusting en aanvaarding van toestande waarin hulle verkeer en van hulleself.

Indien die oorgang van nie-selfaanvaarding na selfaanvaarding nie op 'n normale manier kan geskied nie, kan dit m.b.v. psigoterapie geskied. In sulke gevalle het die probleme waarmee die persoon worstel te groot geword en hy is nie tot selfaanvaarding instaat sonder hulp van buite nie. In psigoterapie bevind die nie-selfaanvaarde individu hom in 'n aanvaarde situasie waarin hy sy gevoelens kan blootlê sonder die vrees dat hy daaroor verdoem sal word.

Hy voel hy word aanvaar en verstaan. Hy kry die geleentheid om steurende reaksies te blus. Onder die leiding van die psigoterapeut kom die persoon geleidelik tot 'n realistiese beoordeling van sy houdings teenoor homself en teenoor andere. Namate die persoon die nodige insig verkry, tree daar 'n geleidelike verandering en verbetering in sy emosionele toestand in. Dit is dus die taak van die psigoterapeut om die nie-selfaanvaarde individu tot 'n her-evaluering van sy onaanvaarbare houdings te lei en om die nodige insig by die persoon te bewerkstellig. Nadat die persoon tot 'n besef en begrip gelei is van die eintlike oorsake van sy nie-selfaanvaarding, bly sy probleme nie meer voortbestaan as onbewuste komplekse nie, maar die persoon het 'n realistiese siening van homself en van ander persone.

3. <u>'n Eie beskouing op prinsipiële grondslag</u>.

Die vraagstuk van selfaanvaarding en aanvaarding van andere en die psigoterapie van die nie-selfaanvaarde persoon kan moontlik vanuit 'n Christelike standpunt gesien en opgelos word. In hierdie Christelike siening word empiriese feite met betrekking tot die menslike persoonlikheid aanvaar, maar dit word geïnterpreteer in die lig van 'n eie lewens- en wêreldbeskouing. Dit word aanvaar dat die mens deur die sondeval in sonde ontvang en gebore word. Nie slegs die mens is vol tekortkominge nie, maar ook die natuur-, kultuur- en sosiale-milieu waarin hy verkeer.

Empiriese feite wat wetenskaplik aangetoon is dui daarop dat die mens, deurdat hy hom met ander mense vergelyk, bewus word van sy tekortkominge en hom minderwaardig voel teenoor sy medemens. Dit gee aanleiding tot die ontstaan van talle houdings teenoor die persoon self, teenoor sy medemens en teenoor die lewe. Hy kan homself

nie aanvaar nie.

Uitgaande van die Skeppingsidee en die Skrifwaarhede, word die persoon gelei tot 'n besef van sy eie waardes en vermoëns; tot die insig dat hy met spesifieke vermoëns toebedeel is, dat dit die een of twee talente is wat hy ontvang het, in teenstelling met tien talente wat aan ander gegee is, en dat dit deur sy Skepper as genoegsaam vir hom bestem is; dat hy dit dus moet aanvaar en daarmee tevrede moet wees en dat dit gehoorsaamheid aan God is om dit so te aanvaar. Maar omdat die mens in sonde ontvang en gebore is, kan hy soms geneig wees om die bestiering van God nie as sulks te sien en te aanvaar nie. Vir homself sal hy ook onaanvaarbaar wees. In die Christelike psigoterapie word 'n beroep op die persoon se geloof gedoen om sy toestand as 'n gelowige te sien. Slegs deur die leiding van die gelowige terapeut kan die gelowige persoon tot hierdie insigte en uiteindelike selfaanvaarding kom. Op hierdie wyse kom hy ook tot 'n aanvaarding van sy medemens.

As gelowiges glo ons dat hierdie benaderingswyse van die probleem 'n suiwerder siening bied en dat dit tot 'n beter psigoterapie sal lei vir mense wat aan God glo, maar wat die ongelowige ook in sy ongeloof verstaan.

## 4. 'n Oorsig van enkele navorsings in verband met selfaanvaarding en aanvaarding van andere.

Uit die oorsig van navorsing in verband met selfaanvaarding en aanvaarding van andere, blyk dit dat houdings teenoor die self en teenoor andere ten nouste saamhang. Op grond van 'n hipotese van Rogers het Sheerer vasgestel dat selfaanvaarding en aanvaarding van andere verband met mekaar het. Met behulp van verskillende tipes vraelyste het Phillips, Berger en McIntyre

'n positiewe korrelasie tussen hierdie twee aspekte gevind. In ooreenstemming hiermee is die bevindings van Scher, Lehner en Sarnoff.

Die ondersoeke na die verband tussen selfaanvaarding en aanvaarding van andere het nie slegs tot normale groepe persone beperk gebly nie, maar ook na die psigopatologie uitgebrei. Adler het van die standpunt uitgegaan dat die neurotiese persoon geneig is om ander persone te verkleineer. Wahler se bevinding was dat neurotiese individue meer vyandig was teenoor hulleself en hulle ouers as normale persone, en dié van Zuckerman, Baer & Monashkin was dat neurotiese en psigopatiese persone hulleself en ander minder aanvaar as normale persone. In ander ondersoeke twyfel Berger, Zuckerman & Monashkin en Pilisuk of nie-selfaanvaarding as norm gebruik kan word vir patologiese toestande en werklike aanpassing. Daarteenoor het Friedman, Fey en Bossom & Maslow in hulle afsonderlike ondersoeke tot die gevolgtrekking geraak dat normale persone positiewe houdings het teenoor hulleself en dat negatiewe houdings teenoor die self by neurotiese persone aangetref word; dat lae selfaanvaarding verband het met lae aanvaarding van andere, en dat persone wat in die algemeen seker en veilig voel toegeneë houdings teenoor andere het, maar dat persone wat onseker van hulleself voel, ander persone beskou as koud en afsydig.

Probleme en gebreke met betrekking tot navorsing oor selfaanvaarding was nie uitgesluit nie. Baie besware is deur verskillende navorsers teen sommige ondersoekmetodes of metingsmetodes ingebring. Goldfried opper besware en het sterk bedenkings teen die maatstawwe wat gebruik word, asook teen die keuse van items in die vraelyste. Ander gebreke van die vraelyste word gesien as die faktor van sosiale wenslikheid en die responswyses

van die proefpersone. Al sou die persone nie met 'n item in 'n vraelys saamstem nie, onderskryf hulle hierdie item nogtans omdat hulle glo dit is die sosiaal wenslike antwoord. Soms word items onderskryf sonder dat die betekenis van die items in ag geneem word.

Bills, Omwake & Cowan is voorstanders van identiese metodes en glo dat die beste resultate hierdeur behaal kan word. Die teenstellende bevindings van Fey en McIntyre, Miyamoto en Dornbusch en Marshall, word daaraan toegeskryf dat verskillende definisies van selfaanvaarding gebruik is. Zuckerman & Monashkin stel dit dat enige tipe vraelys wat nie item-wenslikheid in berekening bring nie, nie as enigste kriterium gebruik moet word nie.

Die mislukking in navorsing van selfaanvaarding kan toegeskryf word aan die verwaarlosing van verskeie belangrike psigometriese en metodiese beginsels, waaronder die ongegronde veronderstelling van gelyksoortigheid van metingsmetodes, die afwesigheid van duidelike definiëring van die geldigheidsvlakke van die veranderlikes en die verwaarlosing van die sosiale-wenslikheidsfaktor. 'n Verdere probleem word geskep deur die klem te plaas op voorlopige toetsing van hipoteses en nie soseer op die ontwikkeling van geskikte toetse nie.

Aangesien die sosiale wenslikheidsfaktor 'n belangrike aspek is in die navorsing van selfaanvaarding, het verskeie persone, waaronder Crowne, Stephens & Kelly, De Soto, Kuethe & Bosley en Goldfried hierdie faktor ondersoek en probeer beperk. Die belangrikste werk in hierdie verband is waarskynlik deur Edwards gedoen.
In die ondersoeke na die faktor van sosiale wenslikheid het Edwards, Fuyita, Hanley, Klett en Lovaas tot die gevolgtrekking gekom dat ouderdom en geslag nie belangrike

veranderlikes is in sosiale wenslikheid nie. Dieselfde geld vir sosio-ekonomiese status. Daar is egter bevind dat hoe hoër die sosiale wenslikheid-skaalwaardes van items is, hoe groter is die toename in die aantal persone wat die item onderskryf.

As gevolg van die hoë korrelasies wat verkry is tussen sosiale wenslikheid-skaalwaardes en „frequency of endorsement" (Psa = proporsie vir sosiale aanvaarbaarheid) stel Anastasi voor dat Psa net sowel as maatstaf van sosiale wenslikheid gebruik kan word.

Meehl en Hathaway sien die suksesvolle verstrekking van vals antwoorde as soortgelyk aan sosiale wenslikheid, en hulle trag om die invloed van spesifieke instruksies te bepaal op proef-persone wat oorspronklik in terme van sosiale wenslikheid gereageer het. Spesifieke instruksies speel skynbaar nie 'n belangrike rol nie.

'n Redelik suksesvolle metode om die faktor van sosiale wenslikheid aan bande te lê, blyk die gedwonge-keuse vraelys te wees. Hierdie tipe vraelys vereis van die individu om tussen twee beskrywende items te kies wat oënskynlik ewe aanvaarbaar is maar wat in geldigheid verskil. Hoe meer ekwivalent die sosiale wenslikheid-skaalwaardes of die proporsies vir sosiale aanvaarbaarheid gemaak word, hoe moeiliker is dit vir die individu om 'n keuse te maak in terme van sosiale wenslikheid. Ondersoekers soos Edwards, Merril & Heathers en Crow het gevind dat die gedwonge-keuse vraelys 'n beperkende invloed het op sosiale wenslikheid. Feldman & Corah kan nie hiermee saamstem nie, en verklaar dat selfs die noukeurigste paring van items geen uitwerking op sosiale wenslikheid sal hê nie. Alles in ag geneem, wil dit voorkom asof 'n hoër mate van itemgeldigheid bewerkstellig kan word deur gebruik te maak van die gedwonge-keuse

metode in die meting van persoonlikheidseienskappe.

5. Samestelling van die Selfaanvaarding - (SA.) Inventaris.

Vir die samestelling van die „Voorlopige Vorm" van die SA.-Inventaris is gebruik gemaak van items afkomstig uit die MMPI, die CPI en van items wat self geselekteer is. Daar is in die keuse van items gepoog om die aspekte van selfstandigheid, selfagting en eie-waarde, volwassenheid, geroepenheid en erkenning en aanvaarding van eie tekortkominge te dek. Die 160 items wat saamgestel is, is aan sielkundiges en M.A.-studente in Sielkunde voorgelê vir beoordeling en byvoeging van items.

Vir die samestelling van die Voorlopige Vorm is 'n tweede groep items geselekteer wat sover moontlik geen verband het met selfaanvaarding nie. Hierdie items is deur M.A.-studente in Sielkunde beoordeel ten opsigte van leesbaarheid, ondubbelsinnigheid, ens., en hulle is by die eerste groep items bygevoeg en daarmee opgemeng om die SA.-Inventaris te vorm wat uit 230 items bestaan het.

Die SA.-Inventaris is voorts op eerste-, tweede- en derdejaar studente aan die P.U. vir C.H.O. en die U.O.V.S. toegepas. Streng keuring ten opsigte van onvoltooide antwoordblaaie en onreëlmatighede tydens toetsing is toegepas. 'n Aantal van 145 antwoordblaaie is uitgesoek vir verdere ontleding met die oog op die samestelling van die finale maatstaf vir die meting van selfaanvaarding, naamlik die SA.-Inventaris (Vorm M.).

Uit die beoordeling ten opsigte van itemgeldigheid en sosiale aanvaarbaarheid van items, is daarin geslaag om 'n aantal van 44 pare items saam te stel vir die gedwonge-keuse SA.-Inventaris.

## 6. Maatstawwe vir die meting van aanvaarding van andere (AA.).

### (a) Die Kaliforniese F-skaal.

Die 28 items van die Kaliforniese Fascisme - (F) skaal is vertaal om gebruik te word in die ondersoek na onderdrukte vyandigheid teenoor die ouers. Die gebruik van die F-skaal as maatstaf vir die meting van aanvaarding van andere in hierdie ondersoek, is gegrond op die bevinding dat onderdrukte aggressie teenoor die ouers (veral die vader) een van die hoofkenmerke is van persone met hoë tellings op die F-skaal.

Verskeie ondersoekers twyfel egter in die gebruik van die F-skaal as praktiese instrument en as maatstaf in persoonlikheids- en sosiale navorsing. Faktore van intelligensie, opvoedingspeil, algemene wanaanpassing of neurose en 'n moontlike sosiale wenslikheidsfaktor mag daarby betrokke wees. Ondersoekers soos Fromm en Maslow; Bieri & Lobeck; Cowen, Landes & Schaet, en andere is egter die mening toegedaan dat die F-skaal met sukses aangewend kan word vir die vasstelling van onderdrukte vyandigheidsgevoelens.

### (b) Die Persoonlikheidsvraelys.

In die keuse van vyandigheid- en aggressieskale vir die samestelling van die Persoonlikheidsvraelys, is soveel moontlik gebruik gemaak van vraelyste wat op grond van herhaalde navorsing getoon het dat duidelik-omlynde aspekte van vyandigheid gemeet word, en dat die betroubaarheid en geldigheid van die maatstawwe bo verdenking staan.

Die Persoonlikheidsvraelys is saamgestel uit 7 skale met die doel om algemene vyandige houdings, houdings van vooroordeel en rasse-houdings te meet. Om 'n opeenhoping van hierdie soort items te voorkom is items wat oor ander aangeleenthede handel, hierby gevoeg. Hierdie vraelys

bestaan uit 442 items wat, soos die SA.-Inventaris, „WAAR" of „ONWAAR" beantwoord word.

Die volgende skale is hierin opgeneem:

(i) <u>Die Buss-Durkee-inventaris: Bendig se CH- en OH-telling.</u>

Vir die meting van algemene vyandige houdings is gebruik gemaak van 'n vertaling van die 34 items van die CH- en OH-tellings van Bendig. Deur gebruik te maak van die agt sub-skale van die 75 - item Buss- Durkee-inventaris, het Bendig gepoog om die aspekte van openlike vyandigheid en verbloemde vyandigheid te meet. Hierdie vraelys is op verskillende groepe sielkunde studente toegepas en faktor-ontleding is gedoen. Uit die ontleding kon Bendig twee faktore identifiseer, naamlik verbloemde vyandigheid (CH) en duidelike of openlike vyandigheid (OH).

Aangesien die Buss-Durkee-inventaris bestaan uit 'n klassifikasie van die verskeidenheid van aggressiewe gedrag, en aangesien verskeie tegnieke aangewend is vir die skryf van items om ongeldigheid in beantwoording te voorkom, en verder, aangesien gebruik gemaak is van item-ontleding, faktorontleding en daarstelling van norme, wil dit voorkom asof hierdie maatstaf waardevol is vir die meting van vyandigheid. Die waarde van die Buss-Durkee-inventaris is verder aansienlik verhoog deur Bendig se noukeurige faktorontleding om te kom tot die samestelling van die CH- en OH-telling.

(ii) <u>Die Cook-Medley-vyandigheidskaal.</u>

Deur gebruik te maak van die 250 MMPI-items van die MTAI, het Cook en Medley 'n aantal van 77 items geselekteer wat 'n duidelike weergawe van vyandigheid was. Op grond van die seleksie van items deur vyf kliniese sielkundiges, het Cook en Medley 'n finale vraelys van vyandigheid saamgestel, bestaande uit 50 items. 'n

Vertaling van die 50 items is in die huidige ondersoek gebruik.

In ooreenstemming met die bevindings van Cook en Medley, kom McGee; Merril & Heathers en Snoke ook tot die gevolgtrekking dat die Cook-Medley-vyandigheidskaal 'n waardevolle maatstaf is vir die vasstelling van vyandigheidsgevoelens.

(iii) Die Siegel-manifeste-vyandigheidskaal.

Siegel het 'n poging aangewend om die outoritêre persoonlikheid se geneigdheid tot vyandigheid te bepaal. Volgens Siegel kan die geneigdheid tot vyandigheid die beste bepaal word deur middel van sielkundige toetse wat nie duidelik na vyandigheid verwys nie.

Siegel het 'n aantal van 110 items uit die MMPI geselekteer wat op vyandigheid dui, en 4 bykomende items is saamgestel en bygevoeg. Vyf beoordelaars het die items beoordeel vir manifeste vyandigheid. Op hierdie wyse is die 50-item vyandigheidskaal saamgestel. Vir gebruik in die Persoonlikheidsvraelys is die 50 items vertaal.

Navorsing het getoon dat daar 'n direkte verwantskap bestaan tussen tellings wat persone op die manifeste-vyandigheidskaal en die F-skaal behaal het. As daar van die veronderstelling uitgegaan word dat outoritêre persone vyandig is, meen Buss dat Siegel se skaal geldig is, aangesien die „hoë outoritêre persone" in twee groepe hoër tellings op die vyandigheidskaal behaal het as „lae outoritêre persone."

Swickard & Spilka se resultate met gebruik van die Siegel-skaal het die waarde van die skaal gesteun, terwyl Shipman & Marquette lae korrelasies verkry het tussen die tellings van drie groepe persone op die manifeste-vyandigheidskaal.

(iv) <u>Die Zaks-Walters-aggressieskaal</u>.

'n Verdere maatstaf wat gebruik is vir die meting van algemene vyandige houdings in die ondersoek na AA., is die 12-item aggressieskaal van Zaks en Walters wat in vertaalde vorm in die Persoonlikheidsvraelys opgeneem is.

'n Aantal van 33 items wat betrekking het op manifeste vyandigheid, indirekte aggressie en op teoretiese veronderstellings van aggressie, is in 'n vraelys van 160 items versprei en op Neger prisoniers toegepas. Negentien van die 33 items is as geskik beskou vir verdere ondersoek. Met verdere toepassing is 12 items gevind met 'n hoë onderskeidingswaarde. 'n Betroubaarheidskoëffisiënt van .86 is verkry.

Met behulp van die Zaks-Walters-aggressieskaal is betekenisvolle verskille vasgestel tussen adolessente en volwassenes. Eersgenoemde groep toon meer vyandigheid as volwassenes. Die skaal het ook betekenisvol gediskrimineer tussen delinkwente adolessente en normale adolessente, tussen oortreders in inrigtings en selferkende delinkwente, en tussen heroïn-verslaafde Negers en nie-verslaafdes. Op grond van hierdie resultate is die samestellers van mening dat die aggressieskaal aan die vereistes van geldigheid en betroubaarheid voldoen.

(v) <u>Die Gough-vooroordeelskaal</u>.

Die Gough-vooroordeelskaal is veronderstel om 'n maatstaf te wees vir die indirekte meting van houdings van vooroordeel.

Met die oog op die samestelling van die skaal het Gough itemontleding gedoen van die 550 items van die MMPI. Deur gebruik te maak van die resultate wat op die Levinson-Sanford anti-Semitisme-skaal behaal is, is groepe studente uitgesoek op wie die MMPI toegepas is. Sewe-en-

veertig items het beduidend by die .05-grens verskil. Uit 'n itemontleding van die 47 items, het slegs 32 items van waarde geblyk te wees. Twee-helfte betroubaarheid van die skaal was .79.

Anti-intellektualiteit, pessimisme, sinisme, mensehaat en ontevredenheid, vyandige lewensuitkyk, onbuigsame en dogmatiese denkwyse, gebrek aan ewewig en selfversekerdheid en 'n onderliggende verwarring was die belangrikste faktore wat in die ondersoek van Gough tevoorskyn gekom het.

Die 32 items van die skaal is vertaal en is opgeneem in die Persoonlikheidsvraelys.

(vi) Die MacCrone-skaal.

'n Lys van 100 items is deur MacCrone saamgestel om 'n wye omvang van moontlike houdings teenoor die Bantoe te verteenwoordig. Die items was afkomstig uit boeke, persverslae, tydskrifte, lesings, ens. Die skaal is op 'n groot aantal Universiteitstudente toegepas. Met berekening van die skaalwaardes van die maatstaf, het MacCrone 45 items behoue laat bly en aan etlike honderde proefpersone voorgelê sodat bepaal kan word wat die aantal kere is wat 'n bewering onde skryf word. Die lys van 45 items is op die wyse verminder tot die finale 30 items van die vraelys.

Toets-hertoets-betroubaarheid van die skaal was .935; twee-helfte-betroubaarheid was .819 en die Spearman-Brown betroubaarheidskoëffisiënt was .90.

MacCrone se vertaling in Afrikaans van die vooroordeelskaal is sonder wysiging in die Persoonlikeheidsvraelys opgeneem.

## 7. Resultate en Gevolgtrekking.

Die SA.-Inventaris, die F-skaal en die Persoonlikheidsvraelys is op 84 manstudente van die U.O.V.S. toegepas met

die oog op verdere ondersoek.

Uit die huidige ondersoek blyk dit dat die SA.-Inventaris 'n betroubare maatstaf is vir die meting van selfaanvaarding. Betroubaarheidskoëffisiënte van .82, .67 en .81 is onderskeidelik m.b.v. die toets-hertoets metode, die Kuder-Richardson-formule 21 en twee-helfte-betroubaarheid verkry. Die betroubaarheidskoëffisiënte van die maatstawwe van aanvaarding van andere laat 'n mate van twyfel in die Bendig OH-skaal ontstaan. Die ander maatstawwe besit skynbaar 'n bevredigende graad van betroubaarheid.

Die korrelasie van die SA.-Inventaris met die maatstawwe van aanvaarding van andere bied gegewens wat daarop dui dat daar 'n verband bestaan tussen selfaanvaarding en aanvaarding van andere. Die Bendig OH-skaal, die MacCrone- en die F-skaal het onbevredigende resultate gelewer. Die positiewe verband tussen selfaanvaarding en aanvaarding van andere is in 'n kruisvalidering eksperiment herbevestig, behalwe in die geval van die Zaks-Walters-aggressieskaal.

Die interkorrelasies van die verskillende maatstawwe van aanvaarding van andere, asook die kruisvalidering van die beduidende korrelasies, dui daarop dat al hierdie maatstawwe geskik is vir gebruik in hierdie ondersoek, behalwe miskien die Bendig OH-skaal, die MacCrone-skaal en die F-skaal.

'n Belangrike bevinding in hierdie ondersoek is die verband tussen selfaanvaarding en aanvaarding van andere by manstudente. Persone wat lae tellings op die SA.-Inventaris behaal het, het ook lae tellings op die ander maatstawwe behaal. Die lae tellings in albei gevalle dui daarop dat die persone hulleself aanvaar en dat daar 'n afwesigheid is van houdings van vooroordeel, aggressie en

vyandigheid. Hoë tellings op die SA.-Inventaris het ook 'n verhoging in die tellings op die maatstawwe van aanvaarding van andere tot gevolg gehad. In hierdie geval blyk dit dat die persone hulleself nie aanvaar nie, en dat hulle vyandigheidsgevoelens, houdings van vooroordeel en aggressie teenoor andere het en andere dus nie aanvaar nie.

Hierdie empiriese ondersoek het duidelik aangetoon dat daar 'n duidelike verband bestaan tussen selfaanvaarding en aanvaarding van andere by manstudente. Die bevinding is ook in ooreenstemming met die wetenskaplike analise van selfaanvaarding en van aanvaarding van andere soos uiteengesit in Hoofstuk 1.

## OPSOMMING.

1. By elke mens gaan dit aanvanklik om 'n toestand van nie-selfaanvaarding. Daar bestaan 'n gevoel van tekortkomings of minderwaardighede waarmee hy nie genoeë neem nie, sodat hy homself nie aanvaar nie.
2. Die ouers, die skool, die gemeenskap en die self is belangrike faktore in die ontstaan en ontwikkeling van nie-selfaanvaarding.
3. Die eienskappe van nie-selfaanvaarding en sy gevolge blyk onder andere kompensasie en geldingstrewe na meerderwaardigheid, neurose, vyandigheid as aspek van psigiese funksionering, houdings van vooroordeel, selfliefde, selfverwerping en selfveragting, ens., te wees.
4. Die eienskappe van selfaanvaarding word gesien as teenhanger van eienskappe van nie-selfaanvaarding, naamlik liefde, verdraagsaamheid, aanvaarding van andere, ens.
5. Die oorgang van nie-selfaanvaarding na selfaanvaarding kan op normale wyse geskied, of op grond van psigoterapie.
6. Op Christelik-prinsipiële grondslag word selfaanvaarding en nie-selfaanvaarding as volg geïnterpreteer: die mens is deur God geskape en word as gevolg van die sondeval in sonde ontvang en gebore. Die mens en sy breë omgewing is vol tekortkominge. Hy word hom bewus van sy gebreke en voel minderwaardig teenoor sy medemens. Hieruit ontstaan houdings van verwerping teenoor homself, sy medemens en teenoor die lewe, dit wil sê van nie-aanvaarding. Die gelowige psigoterapeut help die persoon om die bestiering en plan van God in sy toestand in te sien en te aanvaar. Dit bied 'n suiwerder siening van die probleem, en lei tot 'n beter psigoterapie vir diegene wat aan God glo.
7. 'n Oorsig van navorsing oor die onderwerp toon dat daar 'n verband bestaan tussen selfaanvaarding en aanvaarding

van andere. Probleme en gebreke in sodanige ondersoek word in gedagte gehou.

8. 'n Vier en veertig-item gedwonge-keuse vraelys is saamgestel vir die meting van selfaanvaarding. Dit is die SA.-Inventaris (Vorm M).

9. Vir die meting van aanvaarding van andere is gebruik gemaak van die Kaliforniese F-skaal en die Persoonlikheidsvraelys wat verskillende grade van vyandigheid, aggressie, houdings van vooroordeel in die algemeen en teenoor die Bantoe meet.

10. Bogenoemde maatstawwe is op 84 manstudente aan die U.O.V.S. toegepas.

11. Die korrelasies en interkorrelasies laat blyk dat die meeste maatstawwe geskik is vir die doel van ondersoek. Kruisvalidering eksperimente staaf die bevinding.

12. Die bruikbaarheid van die F-skaal, die MacCrone-skaal en die Bendig OH-skaal word in twyfel getrek.

13. Uit die interpretasie van die resultate blyk dit dat die nie-selfaanvaarde individu: (a) houdings van vyandigheid teenoor homself en teenoor andere het; (b) gekenmerk word deur 'n gebrek aan selfvertroue, (n pessimistiese lewensuitkyk, onvolwassenheid in sy houdings en gedrag, 'n ontkenning en nie-aanvaarding van eie tekortkominge.

14. Daar is 'n duidelike verband tussen selfaanvaarding en aanvaarding van andere vasgestel.

## SUMMARY.


1. The individual at first does not accept himself. He is not satisfied with his shortcomings and feelings of inferiority.
2. The parents, school, community and the self are important factors in the onset and development of non-self-acceptance.
3. The characteristics of non-self-acceptance and its results are compensation, self-assertion, neurosis, hostility, prejudice, self-love, self-rejection, etc.
4. The characteristics of self-acceptance are the counterpart of the characteristics of non-self-acceptance, viz. love, acceptance of others, etc.
5. A normal transition from non-self-acceptance to self-acceptance can take place, or can be reached by psychotherapy.
6. Self-acceptance and non-self-acceptance were interpreted according to own norms. A Christian point of view has the right of existence as a theory. It may lead to a better and clearer psychotherapy.
7. A survey of previous research indicates a relationship between self-acceptance and acceptance of others.
8. A 44-item forced-choice inventory were constructed for the measurement of self-acceptance, viz. the SA.-Inventory (Form M).
9. The methods for the measurement of acceptance of others were the California F-scale and the Personality Inventory, which measures hostility, aggression and prejudice.
10. The above methods were administered to 84 male students at the U.O.F.S.
11. The correlations and intercorrelations indicate the suitability of the methods for their purpose.
12. The usefullness of the F-, MacCrone- and Bendig OH-scales is to be doubted.

13. The non-self-acceptant individual is characterized by: (a) attitudes of hostility towards himself and others; (b) a lack of self-confidence, a pessimistic view of life, immaturity in his attitudes and behaviour, and he denies and refuses to accept his shortcomings.
14. There is a clear relationship between self-acceptance and acceptance of others.

LITERATUURVERWYSINGS:

Adler, A. Problems of Neurosis. New York: Cosmopolitan 1930.

Adorno, T.W., Frenkel-Brunswik, E., Levinson, D.J. & Sanford, R.N. The Authoritarian Personality. New York, Harper, 1950.

Allport, G.W. The Nature of Prejudice. Massachusettes: Addison-Wesley, 1954.

Benda, C.E. The Image of Love. New York: Free Press of Glencoe, 1961.

Bendig, A.W. A factor analysis of scales of emotionality and hostility. J. clin. Psychol., 1961, 17, 189-192.

Bendig, A.W. Factor analytic scales of covert and overt hostility. J. Consult. Psychol., 1962, 26, 200.

Berger, E.M. The relation between expressed acceptance of self and expressed acceptance of others. J. abnorm. soc. Psychol., 1952, 47, 778-782.

Berger, E.M. Relationships among acceptance of self, acceptance of others, and MMPI scores. J. counsel. Psychol., 1955, 2, 279-284.

Bieri, J. & Lobeck, R. Acceptance of authority and parental identification. J. Personality, 1959, 27, 74-86.

Blake, R.R. & Mouton, J.S., Personality. Annual Review of Psychology (Farnsworth, P.R., Edit.), Palo Alto, California, 1959, 10, 203-232.

Block, J. & Thomas, H. Is satisfaction with self a measure of adjustment? J. abnorm. soc. Psychol. 1955, 51, 254-259.

Brown, D.R. & Datta, L. Authoritarianism, verbal ability, and response set. J. abnorm. soc. Psychol., 1959, 58, 131-134.

Buss, A.H. The Psychology of Aggression. New York, Wiley. 1961.

Buss, A.H. & Durkee, Ann. An inventory for assessing different kinds of hostility. J. Consult, Psychol., 1957, 21, 343-348.

Christie, R. & Lindauer, F. Personality structure. Annual Review of Psychology (Farnsworth, P.R., Edit.), Palo Alto, California, 1963, 14, 201-230.

Cole, L. Psychology of Adolescence. New York: Holt, Rinehart & Winston. 1959.

Cook, W.W. & Medley, D.M. Proposed hostility and pharisaic-virtue scales for the MMPI. J. appl. Psychol., 1954, 38, 414-418.

Cowan, E.L., Landes, J. & Schaet, D.E. The effects of mild frustration on the expression of prejudiced attitudes. J. abnorm. soc. Psychol., 1959, 58, 33-38.

Crider, B. The hostility pattern. J. clin. Psychol., 1946, 2, 267-273.

Cronbach, L.J. Essentials of psychological testing. New York: Harper, 1960.

Crowne, D.P. & Stephens, M.W. Self-acceptance and self-evaluative behavior: a critique of methodology. Psychol. Bull., 1961, 58, 104-121.

Crowne, D.P., Stephens, M.W. & Kelly, R. The validity and equivalence of tests of self-acceptance. J. Psychol., 1961, 51, 101-112.

Dahlstrom, W.G. & Welsh, G.S. An MMPI handbook. A guide to use in clinical practice and research. Minneapolis: Univ. of Minnesota Press, 1960.

Deppe, C.M. A Study of the relationship between self-acceptance and various other aspects of personality functioning. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. 1964.

De Soto, C.B., Kuethe, J.L. & Bosley, J.J. A redefinition of social desirability. J. abnorm. soc. Psychol., 1959, 58, 273-275.

Downie, N.M. Fundamentals of measurement: techniques and practices. New York: Oxford Univer. Press, 1958.

Du Toit, J.M. Statistiese metodes. Stellenbosch: Kosmo, 1963.

Edwards, A.L. Statistical methods for the behavioral sciences. New York: Rinehart, 1956.

Edwards, A.L. The social desirability variable in personality assessment and research. New York: Dryden, 1957.

Feldman, M.J. & Corah, N.L. Social desirability and the forced choice method. J. consult. Psychol., 1960, 24, 480-482.

Fey, W.F. Acceptance by others and its relation to acceptance of self and others: a revaluation. J. abnorm. soc. Psychol., 1955, 50, 274-276.

Fey, W.F. Correlates of certain subjective attitudes toward self and others. J. clin. Psychol., 1957, 13, 44-49.

Fiedler, F.E., Warrington, W.G. & Blaisdell, F.J. Unconscious attitudes as correlates of sociometric choice in a social group. J. abnorm. soc. Psychol., 1952, 47, 790-796.

Fordyce, W.E. Social desirability in the MMPI. J. consult. Psychol., 1956, 20, 171-175.

Friedman, I. Phenomenological and projected conceptions of self. J. abnorm. soc. Psychol., 1955, 51, 611-615.

Fromm, E. The art of loving. London: Allen & Unwin 1957.

Fromm-Reichmann, Frieda. Psychoanalysis and Psychotherapy. Selected papers of Frieda Fromm-Reichmann (Bullard, D.M., Edit.). Chicago: Univer. of Chicago Press. 1959.

Garner, A.M. Abnormalties of behavior. Annual Review of Psychology, (Farnsworth, P.R., Edit.). California: Palo Alto, Consulting Psychologists Press; 1958, 9, 391-413.

Goldfried, M.R. Feelings of inferiority and the depreciation of others: A research review and theoretical reformulation. J. indiv. Psychol., 1963, 19, 27-48.

Gough, H.G. Studies of social intolerance: II. A personality scale for anti-Semitism. J. soc. Psychol., 1951, 30, 247-255.

Gough, Harrison G. California Psychological Inventory. Palo Alto: Consulting Psychologists Press, 1957.

Guilford, J.P. Personality. New York: McGraw-Hill, 1959.

Hall, C.S. & Lindzey, G. Theories of personality. New York: Wiley. 1957.

Hathaway, S.R. & McKinley, J.C. Manual, Minnesota Multiphasic Personality Inventory. New York: The Psychological Corporation. 1951.

Horney, Karen. The neurotic personality of our time. London: Kegan Paul, Trench, Trubner, 1937.

Horney, Karen. Our inner conflicts. New York: Norton, 1945.

Horney, Karen. Neurosis and human growth. London: Routledge & Kegan Paul, 1951.

Hurlock, Elizabdth B. Adolescent development. New York: McGraw-Hill, 1955.

Jensen, A.R. Personality. Annual Review of Psychology (Farnsworth, P.R., Edit.), Palo Alto, California: Consulting Psychologists Press. 1958, 9, 295-322.

Jersild, A.T. The psychology of adolescence. New York: MacMillan, 1957.

Korner, I.N., Allison, R.B., Donoviel, S.J. & Boswell, J.D. Some measures of self acceptance. J. clin. Psychol., 1963, 19, 131-132.

Lazarus, R.S. Adjustment and personality. New York: McGraw-Hill, 1961.

Lehner, G.F.J. & Kube, E. The dynamics of personal adjustment. N.J.: Prentice-Hall, 1955, 1964.

Lippman, H.S. Treatment of the child in emotional conflict. New York: McGraw-Hill, 1956.

Lundy, R.M., Katkovsky, W., Cromwell, R.L. & Shoemaker, D.J. Self-acceptability and descriptions of sociometric choices. J. abnorm. soc. Psychol., 1955, 51, 260-262.

Luria, Z. A semantic analysis of a normal and a neurotic therapy group. J. abnorm. soc. Psychol., 1959, 58, 216-220.

MacCrone, I.D. Race attitudes in South Africa. London: Oxford Univer. Press, 1937.

McIntyre, C.J. Acceptance by others and its relation to acceptance of self and others. J. abnorm. soc. Psychol., 1952, 47, 624-626.

Moscovic, S. Attitudes and opinions. Annual Review of Psychology (Farnsworth, P.R., Edit.), Palo Alto, California: Consulting Psychologists Press. 1963, 14, 231-260.

Nadler, E.B. Yielding, authoritarianism and authoritarian ideology regarding groups. J. abnorm. soc. Psychol., 1959 58, 408-410.

Phillips, E.L. Attitudes toward self and others: a brief questionnaire report. J. consult, Psychol., 1951, 15, 79-81.

Pilisuk, M. Anxiety, Self-acceptance and Open-mindedness. J. clin. Psychol., 1963, 19, 387-391.

Reese, H.W. Relationships between self-acceptance and sociometric choices. J. abnorm. soc. Psychol., 1961, 62, 472-474.

Roberts, A.H. & Jessor, R. Authoritarianism, punitiveness and perceived social status. J. abnorm, soc. Psychol., 1958, 56, 311-314.

Rogers, C.R. Client-centered therapy. Boston: Houghton Miffan, 1951.

Ronge, P.H. Individualpsychologie. Utrecht, 1934.

Rosen, E. Self-appraisal, personal desirability, and perceived social desirability of personality traits. J. abnorm. soc. Psychol., 1956, 52, 151-158.

Sarason, I.G. Intercorrelations among measures of hostility. J. clin. Psychol., 1961, 17, 192-195.

Scher, S.C. Some group attitudes related to expressed acceptance of self and others. Dissert. Abstr., 1955, 15, 2579.

Sears, P.S. Developmental psychology. Annual Review of Psychology, (Farnsworth, P.R., Edit.). California: Palo Alto, Consulting Psychologists Press, 1958, 9, 119-156.

Selltiz, C., Jahoda, M. Deutsch, M. & Cook. S.W. Research methods in social relations. New York: Holt, Rinehart & Winston, 1959.

Sheerer, E.T. An analysis of the relationship between acceptance of and respect for self and acceptance of and respect for others in ten counseling cases. J. consult. Psychol., 1949, 13, 169-175.

Shipman, W.G. & Marquette, C.H. The manifest hostility scale: a validation study. J. clin. Psychol., 1963, 19, 104-106.

Siegel, S.M. The relationship of hostility to authoritarianism. J. abnorm. soc. Psychol., 1956, 52, 368-372.

Smith, G.M. A simplified guide to statistics for psychology and education. New York: Rinehart, 1946.

Stagner, Ross. Psychology of personality. New York: MacGraw-Hill, 1961.

Suinn, R.M. & Hill, H. Influence of anxiety on the relationship between self-acceptance and acceptance of others. J. couns. Psychol., 1964, 18, 116-119.

Sundberg, N.D. & Bachelis, W.D. The fakability of two measures of prejudice: The California F scale and Gough's Pr scale. J. abnorm. soc. Psychol., 1956, 52, 140-142.

Swickard, D.L. & Spilka, B. Hostility expression among delingquents of minority and majority groups. J. consult. Psychol., 1961, 25, 216-220.

Thorndike, R.L. Personel selection, test and measurement techniques. New York: Wiley, 1949.

Thorpe, L.P. & Katz, B. The psychology of abnormal behavior, New York: Ronald, 1948.

Wahler, H.J. Hostility and aversion for expressing hostility in neurotics and controls. J. abnorm. soc. Psychol., 1959, 59, 193-198.

Walters, R.H. & Zaks, M.S. Validation studies of an aggression scale. J. Psychol., 47, 209-218.

Weisskopf-Joelson, Edith, Asher, E.J., Albrecht, K.J. & Hoffman, M.L. An experimental investigation of "label-avoidance" as a manifestation of repression. J. proj. Tech., 1957, 21, 88-93.

White, R.W. The abnormal personality. New York: Ronald, 1956.

Wijngaarden, H.R. Hoofdproblemen der volwassenheid. Utrecht: Erven J. Bijleveld, 1955.

Wilkens, E.J. & de Charms, R. Authoritarianism and response to power cues. J. Pers., 1962, 30, 439-457.

Zaks, M.S. & Walters, R.H. First steps in the construction of a scale for the measurement of aggression. J. Psychol., 1959, 47, 199-208.

Zuckerman, M., Baer, M. & Monashkin, I. Acceptance of self, parents and people in patients and normals. J. clin. Psychol., 1956, 12, 327-332.

Zuckerman, M. & Monashkin, I. Self-acceptance and psychopathology. J. consult. Psychol., 1957, 21, 145-148.

## BYLAAG 1.

### AANWYSINGS VIR BEOORDELAARS VAN ITEMS.

Hierdie is 'n voorlopige lys items vir die opstelling van 'n vraelys omtrent selfaanvaarding by studente. 'n Poging is aangewend om items te skryf wat min of meer die volgende dek:

(a) 'n Gevoel van selfstandigheid;

(b) agting vir die self en 'n gevoel van self waarde te hê;

(c) 'n gevoel van volwasse te wil wees;

(d) 'n gevoel van geroepenheid;

(e) erkenning en aanvaarding van eie tekortkominge.

Lees asseblief die lys so krities as moontlik deur met die oog op onduidelikhede en dubbelsinnighede. Maak aantekeninge van verbeteringe en merk items wat na u mening weggelaat kan of moet word. Beantwoord asseblief tussen die hakies elke vraag „Ja" of „Nee" in die rigting wat u meen 'n persoon wat hom- of haarself aanvaar dit sal beantwoord.

As u items wil byvoeg, skryf hulle asseblief aan die einde by.

Baie dankie vir u hulp!

## SA. - INVENTARIS.
(Voorlopige Vorm)

### Aanwysings

Hierdie boekie bevat 'n reeks beweringe. Lees elkeen, besluit hoe jy daaromtrent voel en merk jou antwoord op die los antwoordblad. Moenie in die boekie merke maak nie. As jy met 'n bewering saamstem of voel dat dit meestal op jou van toepassing is, maak die spasie onderkant „Ja" op die antwoordblad swart. As jy nie met 'n bewering saamstem nie of voel dat dit meestal nie op jou van toepassing is nie, maak die spasie onderkant „Nee" swart. Maak seker dat die nommer van jou antwoord altyd dieselfde is as die nommer van die bewering.

| Voorbeelde: | Ja | Nee |
|---|---|---|
| 1. Besigheidsmense is soms oneerlik (Antwoord „Ja") | ● | O |
| 2. Ek hou nie van lekker kos nie. (Antwoord „Nee") | O | ● |

Antwoord alle bewerings „Ja" of „Nee", al moet jy ook soms raai. Werk vinnig en gee jou eerste indruk. Jou antwoorde sal absoluut konfidensieel behandel word en sal slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik word.

1. Ek handel soms teen my beginsels as die situasie dit verg. (....)

2. Ek handel nooit volgens die konvensies en standaarde van ander nie, maar volgens my eie maatstawwe. (....)

3. Ek moet erken dat ek gewoonlik volgens my eie oortuigings handel, ongeag die gevoelens van andere. (....)

4. Ek voel soms die noodsaaklikheid om my optrede te wysig blo-+ uit vrees vir die oordeel van andere. (....)

5. Wanneer ek volgens my eie beginsels gehandel het, is ek soms tog spyt oor my optrede net omdat andere dit veroordeel het. (....)

6. Soos meeste mense, bekommer ek my daaroor wanneer andere ongunstig teenoor my optree of my veroordeel. (....)

7. Ek voel minderwaardig in vergelyking met sommige van my vriende. (....)

8. Ek moet erken dat ek soms meer van myself as van ander mense dink. (....)

9. Ek moet erken dat wanneer ek teëspoed ondervind, ek nie vertroue het in my vermoë om probleme op te los nie. (....)

10. Wanneer ander te kenne gee dat ek nie baie waarde as persoon het nie, dan is ek geneig om self te twyfel. (....)

11. Ek voel dat ek nie veel kan bydra tot die geluk van 'n ander nie. (....)

12. Wanneer iemand my kritiseer, ontstel dit my. (....)

13. Ongeag my optrede, verstoot mense my soms. (....)

14. Wanneer ek onsuksesvol was in 'n onderneming, voel ek minderwaardig en word paniekerig of moedeloos(....)

15. Ek is geneig om dikwels skaam en selfbewus te wees. (....)

16. As iemand my prys of erkenning gee vir iets wat ek gedoen het, wys ek dit nie omdat ek voel dat ek dit nie verdien nie. (....)

17. Soms dink ek dat ek totaal anders as ander mense is. (....)

18. Soos meeste mense, hou ek nie daarvan dat iemand dominerend teenoor my moet optree nie. (....)

19. Daar is sommige van my ervaringe wat ek liewer wil vergeet. (....)

20. Ek sien nie kans om verantwoordelikheid vir al my besluite te aanvaar en altyd die gevolge van my optrede te dra nie. (....)

21. Ek probeer soms om die bestaan van sekere gevoelens, beperkthede, kapasiteite en goeie eienskappe wat ek in myself vind, te ontken of te verdraai. (....)

22. As ek in my eie gedrag 'n gevoel of gedragspatroon herken waarvan ek nie hou nie, is ek geneig om dit weg te praat of te verbloem. (....)

23. Ek voel dikwels dat my eie idees en planne nie van veel waarde is nie. (....)

24. Ek voel skuldig elke keer wat ek tyd of geld bestee vir ontspanning omdat ek voel dat ek dit nie verdien nie. (....)

25. As 'n predikant gelyktydig beroepe na twee gemeentes ontvang, behoort hy die een aan te neem wat vir hom die minste gunstig is.

26. As daar 'n vakature met gunstiger werksomstandighede ontstaan waarvoor 'n persoon en 'n goeie vriend van hom ewe sterk aanspraakmakers is, behoort die persoon ter wille van sy vriend nie daarom aansoek te doen nie. (....)

27. Soms is daar omstandighede wanneer 'n mens as jy geklap word nie jou ander wang moet hou om ook geklap te word nie. (....)

28. Ek kan my omstandighede voorstel waar 'n mens nie van 'n persoon kan verwag dat hy bereid moet wees om die minste te wees nie. (....)

29. As ek 'n moeder was, sou ek my eie behoeftes as net so belangrik as die behoeftes van my kinders beskou, omdat 'n moeder ook regte en voorregte het. (....)

30. Ek moet myself liefhê soos my naaste. (....)

31. As 'n meisie moet kies tussen 'n huwelik en die versorging van haar ouers, behoort sy nie te trou nie. (....)

32. 'n Mens kan nie altyd iemand beskuldig van selfsugtigheid as hy eis dat hy self voorregte moet geniet nie. (....)

33. Ek glo daar is beledigings wat 'n mens nie kan vergewe nie. (....)

34. 'n Dokter moet eerste aan sy pasiënte dink, al voel hy self ook hoe moeg of siek. (....)

35. 'n Onderwyser behoort nie ter wille van verbetering van sy eie kwalifikasies verder te studeer as sy studies meebring dat hy soms nie kan aandag gee aan alle binne- en buitemuurse skoolaktiwiteite nie. (....)

36. As ek een van 'n tweeling was en ons het albei dieselfde miesie/man liefgekry, sou ek uit liefde vir my broer/suster, voorgegee het dat ek nie die persoon so baie lief het nie. (....)

37. Ek sou gelukkiger gewees het as ek nie sekere gebreke gehad het nie. (....)

38. My eie oplossings vir probleme is gewoonlik waardeloos of minstens nie so suksesvol nie. (....)

39. Ek besit nie die eienskappe om van my 'n sosiaal aanvaarbare persoon te maak nie. (....)

40. Wanneer ek in 'n groep verkeer, het ek al die tyd die gevoel dat hulle op my swakpunte gaan hamer, en daarom tree ek nie op die voorgrond nie. (....)

41. Dit is vir my duidelik dat die rede vir meeste van die pyn wat ek verduur geleë is in die feit dat ek nie as persoon belangrik genoeg is nie. (....)

42. Meeste van my familielede is suksesvol en geleerd. Ek wonder nou of dit nie vir my beter sal wees om net te bly wat ek is nie. (....)

43. Wanneer ek 'n besondere goeie fliek gesien het, kan ek myself nie weerhou van die drang om die aktrise/akteur na te doen nie. (....)

44. Ek vind soms ander se gebare en houdings so aantreklik dat ek hulle na-aap. (....)

45. Op een of ander stadium in my lewe was daar al 'n persoon vir wie ek soveel agting gehad het, dat ek hom/haar doelbewus probeer navolg, of selfs naboots het. (....)

46. Wanneer sekere hoedanighede van 'n ander persoon in my teenwoordigheid geprys word, wens ek altyd dat ek hulle self besit. (....)

47. Ek voel dikwels spyt oor my haastige optrede wanneer ek my humeur verloor het. (....)

48. Ander se besittings is dikwels vir my aantrekliker as my eie, al is myne van dieselfde waarde of nog beter. (....)

49. Ek het al dikwels gewens dat ek geweet het wat my I.K. is, net om seker daarvan te wees dat ek wel die bekwaamheid vir hoër onderwys het. (....)

50. Ek dink 'n mens se optrede sou meer doeltreffend gewees het as jy jouself kon sien soos ander jou sien. (....)

51. Ek moet erken dat ek dikwels wens dat ek idees en opvattings gehad het wat meer algemeen voorkom as dié wat ek wel besit. (....)

52. Ek wens dikwels dat ek myself beter verstaan het. (....)

53. Ek wens dikwels dat ek 'n minder gekompliseerde geaardheid gehad het. (....)

54. As iemand my sou vra wat ek die graagste in die lewe wil hê, sou ek sê om net tevrede te wees met wat ek is en het, en nie altyd te hunker na dié dinge wat buite my bereik is nie. (....)

55. As 'n mens jou persoonlikheid met min moeite kon verander sou ek definitief 'n paar trekke verander het. (....)

56. Ek moet erken dat ek soms snobisties optree. (....)

57. Ek het al by tye so neerslagtig gevoel dat ek aan selfmoord gedink het. (....)

58. Ek het soms al gevoel dat die lekker in die lewe nie opweeg teen die swaar nie. (....)

59. Mense interpreteer dikwels my gedrag verkeerd, maar ek kan nie anders as om myself te wees nie. (....)

60. Daar is van my familielede wat sê dat hulle my nie verstaan nie en dit maak my baie keer diep ongelukkig. (....)

61. Wanneer ek 'n partytjie gee, nooi ek gewoonlik die persone uit wat dieselfde lewens- en wêreldbeskouing as ekself het. (....)

62. Al 'n mens se probleme spruit gewoonlik uit die manier waarop ander jou behandel. (....)

63. 'n Vriend is iemand wat jou goed ken en nogtans van jou hou. (....)

64. Ek neem gewoonlik ander se opinies in ag, maar laat nie toe dat ek daardeur beperk word nie. (....)

65. Dit is nie vir my baie belangrik om ten alle koste op goeie voet met ander te verkeer nie. (....)

66. As 'n Mens werklik volwasse is, leef jy volgens jou eie beginsels en oortuigings eerder as om die gebruike en standaarde van ander mense as leidrade te neem. (....)

67. Die kenmerk van Martin Luther waarvoor hy die meeste bewonder kan word, is dat hy opgetree het volgens sy eie oortuigings. (....)

68. Politiek is so 'n ingewikkelde saak dat die gewone mens nie 'n eie standpunt omtrent sake kan hê nie. (....)

69. In politieke sake moet 'n mens jouself meestal laat lei, deur die gesamentlike mening van al die mense wat saamgesnoer is in 'n party. (....)

70. Terwille van liefde en vrede behoort 'n mens buigsaam te wees in jou opvattings. (....)

71. Soms het ek lus om verder te studeer as ek hier klaar is, maar dan twyfel ek weer sterk aan my eie bekwaamheid. (....)

72. Al word 'n kind deur 'n beroepsvoorligter afgeraai om verder te studeer, behoort hy aan te gaan, as hy self voel dat hy dit kan doen, of graag wil doen. (....)

73. Die finale beslissing omtrent 'n student se vakkeuse of rigting van spesialisasie, behoort by hom/haarself te berus, eerder as by sy/haar ouers, onderwysers of raadgewers. (....)

74. As ek vanjaar moet druip sal ek afgesien van geldelike oorwegings, sterk twyfel of ek verder behoort te studeer. (....)

75. Dit is elke keer vir my 'n werklike verrassing wanneer iemand iets goeds van my sê want gewoonlik verwag ek dat mense nie veel van my sal dink nie. (....)

76. Ek weet ek behoort nie so te reageer nie, maar as ander mense my kritiseer nadat ek my bes gedoen het, kwel dit my baie en veroordeel ek myself naderhand. (....)

77. Soos menige jong student, voel ek minderwaardig as ek aan my dosente dink, want ek sal nooit so ver as hulle kan kom nie. (....)

78. Soms voel ek of my hele lewe waardeloos en nutteloos is, omdat andere so selde vir my waardering toon. (....)

79. Ek moet erken dat ek dikwels voel dat ek nie die verantwoordelikhede van die beroep waarvoor ek besig is om myself te bekwaam, sal kan dra nie(....)

80. Ek spreek nie graag 'n mening omtrent 'n saak uit nie, omdat ek al dikwels nadat ek my mening gelug het, gevoel het dat dit nie van veel waarde was nie. (....)

81. Al spreek ek my menings nie altyd uit nie, het ek my eie idees omtrent wat reg en verkeerd is, en hulle bevredig my. (....)

82. Net soos meeste ander mense, voel ek angstig as ek in vreemde situasies kom. (....)

83. As 'n mens daaroor nadink, is jy verbaas oor die moeite wat jy doen om jou vrese vir jouself weg te steek. (....)

84. Ek weet dat 'n mens daarmee respek van andere, afdwing, maar ek erken nie maklik as ek 'n fout gemaak het nie. (....)

85. Dit is beter as 'n mens jou tekortkominge ignoreer, want as jy self daaroor bly dink, vestig jy net ander mense se aandag daarop. (....)

86. Vrees vir 'n mens se swakhede verdwyn, as jy die feit aanvaar dat jy swakhede het. (....)

87. My gedagtes is nie altyd so logies as wat ek voorgee hulle is nie. (....)

88. Ek veronderstel ek behoort dit nie te doen nie, maar soms skinder ek oor ander mense. (....)

89. Al is dit nie die regte gees nie, wen ek liewer as om te verloor. (....)

90. Soms gee ek voor dat ek godsdienstiger is as wat ek werklik is. (....)

91. Miskien is dit tot my skande dat ek dit sê, maar ek het 'n paar slegte gewoontes waarvan ek nie ontslae kan raak nie. (....)

92. Ek voel oortuig dat my lewe van netsoveel waarde is as ando r mense s'n. (....)

93. Ek is geneig om iets wat ek graag sou wou doen te laat staan as ander mense voel dat dit nie die moeite werd is om dit te doen nie. (....)

94. Gewoonlik verwag ek dat ek sal slaag in dinge wat ek aanpak. (....)

95. My optrede word grotendeels bepaal deur die gebruike van die mense tussen wie ek my bevind. (....)

96. Toe ek klein was, het ek soms leuens vertel om uit die moeilikheid te kom. (....)

97. Ek is geneig om my gevoelens omtrent sake tot so 'n mate weg te steek dat mense my mag seermaak sonder dat hulle daarvan weet. (....)

98. As iemand my kritiseer of slegsê, maak dit my óf verskriklik seer óf verskriklik kwaad. (....)

99. Soos baie ander mense voel ek dat ek maar gou moet ophou as sake begin verkeerd loop of as moeilike probleme opduik. (....)

100. Ek vra mense dikwels om advies. (....)

101. My planne het al dikwels so vol moeilikhede geskyn te wees, dat ek hulle moes laat vaar. (....)

102. Ek het al 'n paar keer 'n plan laat vaar, omdat ek te min van my eie bekwaamheid gedink het. (....)

103. Mense verstaan my so maklik verkeerd, dat ek verkies om nie uitgesproke te wees oor sake nie.(....)

104. Ek dink dikwels: „Ek wens ek was nog 'n Kind." (....)

105. Ek deins terug vir moeilikhede of krisisse. (....)

106. Dit het al met my gebeur dat ek so nutteloos gevoel het, dat ek gewens het dat ek liewer nooit gelewe het nie. (....)

107. Dikwels huiwer ek om verantwoordelikheid te aanvaar omdat ek aan my bevoegdheid twyfel. (....)

108. Dit is vir my moeilik om skuld te dra, en ek probeer dit gewoonlik ontwyk. (....)

109. Ek gee nie graag uitdrukking aan my gevoelens nie, omdat 'n mens te maklik op dié manier 'n gek van jouself kan maak. (....)

110. 'n Kunstenaar behoort sy kuns te beoefen vanweë die waarde wat dit vir homself het selfs al verstaan ander mense dit nie altyd nie. (....)

111. Ek kwel my nou nog oor mislukkinge van die verlede. (....)

112. Ek het nog nooit aan die moontlikheid van selfmoord gedink nie. (....)

113. As ek 'n swak figuur geslaan het, voel ek meer verneder as wat baie van my vriende sou gevoel het. (....)

114. Kritiek op myself hinder my, selfs al is dit geregverdig en ek kan daarby baat. (....)

115. My jonkheid was nog maar selde iets wat my gehinder het. (....)

116. Sarkastiese mense laat my altyd baie ongemaklik voel. (....)

117. Dit is nutteloos dat ek my kwel oor openbare aangeleenthede, want ek kan tog niks daaraan doen nie. (....)

118. Ek dink nie ek is dommer of minder bekwaam as die meeste mense met wie ek omgaan nie. (....)

119. Ek word baie gespanne en angstig as ek die indruk kry dat ander mense afkeurend teenoor my staan. (....)

120. Ek hou nie daarvan om alleen 'n kamer in te stap waar ander mense bymekaar is en al aan die gesels is nie. (....)

121. Ek voel by tye baie nutteloos. (....)

122. Ek probeer gewoonlik om uit moeilikhede te bly, al beteken dit ook dikwels dat ek my gevoelens en oortuigings sodoende vir myself moet hou. (....)

123. Soms voel dit vir my of ek 'n las is vir ander mense. (....)

124. Ek moet erken dat ek bang voel as ek na 'n vreemde plek moet trek. (....)

125. Soms besef ek my gebreke so terdeë dat ek myself minag. (....)

126. Dit lyk of ek nie omgee wat van my word nie. (....)

127. Ek moet erken dat ek probeer uitvind hoe ander mense oor 'n saak voel, voordat ek my daarvoor uitspreek. (....)

128. Ek dink dikwels oor hoe ek lyk en watter indruk ek op mense maak. (....)

129. Gewoonlik probeer ek om te doen wat van my verwag word en om kritiek te voorkom. (....)

130. 'n Sterk persoon wys nie sy emosies en gevoelens nie. (....)

131. Selfs al is ek seker dat ek reg is, gee ek gewoonlik in, want dit is geskik om moeilikheid te maak. (....)

132. Ek verlang baie keer terug na my kinderjare omdat 'n mens toe soveel minder sorge en verpligtinge gehad het. (....)

133. Ek verlang dikwels terug na die verlede omdat dit bekend is, teenoor die toekoms wat so onbekend en onseker is. (....)

134. Ek het 'n duidelike gevoel van geroepenheid tot 'n eie lewenstaak. (....)

135. Daar is 'n doel vir myself in die lewe. (....)

136. Ek wens ek hoef nie verantwoordelikheid vir my lewe te aanvaar nie. (....)

137. Ek voel dat ek op 'n verantwoordelike wyse kan bepaal hoe ek my aan die omstandighede van my lewe oorgee. (....)

138. Ek is nie aanspreeklik vir alles wat ek doen nie. (....)

139. Ek voel dat ek my wil onderwerp aan my lewensbestemming. (....)

140. Soms kom ek in opstand daarteen dat ek nie self kan bepaal wat van my word nie. (....)

141. Ek kan die koers van my lewe bepaal en ek wil dit ook doen. (....)

142. Ek kom soms in opstand teen my eie onvolkomenhede omdat ek op stuk van saak tog nie verantwoordelik is daarvoor dat ek is wat ek is nie. (....)

143. As ek eerlik moet wees, moet ek erken dat ek nie my eie foute en tekorte wil erken en aanvaar nie, omdat dit my te klein en onbenullig laat voel. (....)

144. Ek sal graag altyd werk wil doen wat redelik goed deur my ouers, my eggenoot (eggenote) en ander mense wat naby my staan, verstaan word, anders sal ek hulle morele steun dikwels moet ontbeer. (....)

145. Vir my is die swaarste daarvan om volwasse te wees dat 'n mens dikwels so alleen moet staan. (....)

146. Ek dink ek het sterk behoefte aan steun en beskerming. (....)

147. Ek dink die enkele saak wat my met die meeste angs vervul, is die onbekende toekoms. (....)

148. Uit my eie ervaring dink ek dat Timotheus maar swaar gekry het om aan Paulus se advies te voldoen dat hy niemand moes toelaat om sy jonkheid te verag nie. (....)

149. Een van die moeilikste dinge van volwasse te wees, is om klaar te wees met die dinge van 'n kind. (....)

150. Soms dink ek dat ek onbewus nog altyd na ouerliefde soek, omdat my behoefte daaraan nie in my kinderjare ten volle bevredig is nie. (....)

151. My ouers beteken soveel vir my dat ek dit as 'n verpligting aanvoel om - al sou daar ook geen ander rede wees nie - ter wille van hulle 'n sukses van my lewe te maak. (....)

152. My vader en/of moeder het my vanaf 'n vroeë stadium geleidelik en liefdevol van hulle losgemaak sodat ek selfstandigheid kon aanleer. (....)

153. Ek voel nog netso kinderlik geheg aan my vader en/of moeder as toe ek 'n klein kindjie was. (....)

154. Solank 'n mens se ouers lewe, behoort jy teenoor hulle kind te bly en behoort jy jouself in geen opsig as hulle gelyke te beskou nie. (....)

155. Wanneer ek volgens my eie oortuigings gehandel het, voel ek soms dat ek verskoning behoort te maak daarvoor. (....)

156. Soms wanneer ek volgens my eie beginsels gehandel het, veroordeel ek myself agterna omdat ek nie aan die standaarde van andere voldoen het nie. (....)

157. Ek idealiseer my vader en/of moeder. (....)

158. As ek eendag getroud is, wil ek my huwelikslewe inrig netsoos my ouers s'n. (....)

159. Ek voel soms baie jammer daaroor, maar daar is opsigte waarin ek nie anders kan as om van my ouers te verskil nie. (....)

160. Die staat behoort vaderlik om te sien na die belange van sy burgers omdat dit vir die individu onmoontlik is om sy sosiale en ekonomiese voorsienings alles self te behartig. (....)

## BYLAAG 2.

## SA. INVENTARIS.

### AANWYSINGS.

Hierdie boekie bevat 'n reeks beweringe. Lees elkeen, besluit hoe jy daaromtrent voel en merk jou antwoord op die los antwoordblad. Moenie in die boekie merke maak nie. As jy met 'n bewering saamstem of voel dat dit meestal op jou van toepassing is, maak die spasie onderkant „WAAR" op die antwoordblad swart. As jy nie met 'n bewering saamstem nie of voel dat dit meestal nie op jou van toepassing is nie, maak die spasie onderkant „ONWAAR" swart. Maak seker dat die nommer van jou antwoord altyd ooreenstem met die nommer van die bewering.

VOORBEELDE.

1. Besigheidsmense is soms oneerlik. (ANTWOORD „WAAR")

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|
| ● | O |

2. Ek hou nie van lekker kos nie. (ANTWOORD „ONWAAR")

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|
| O | ● |

Antwoord alle bewerings „WAAR" of „ONWAAR", al moet jy ook soms raai. Werk vinnig en gee jou eerste indruk. Jou antwoorde sal absoluut konfidensieel behandel word en sal slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik word.

1. Die interessantste deel van 'n koerant is die strokiesverhale.
2. Ons sou baie beter gedagtes dink as ons woorde soos „waarskynlik", „ongeveer" en „miskien" weglaat.
3. Ek voel soms die noodsaaklikheid om my optrede te wysig bloot uit vrees vir die oordeel van andere.
4. Ek gaan gewoonlik meer as eenkeer per week bioskoop toe.
5. Wanneer ek 'n besondere goeie flick gesien het, kan ek myself nie weerhou van die drang om die aktrise/akteur na te doen nie.

6. Ek sou graag 'n joernalis wou word.

7. Ek sien meestal kans om verantwoordelikheid vir my besluite te aanvaar en die gevolge van my optrede te dra.

8. As 'n mens oor al die feite beskik, is daar op die meeste vrae net een antwoord.

9. Wanneer ek volgens my eie beginsels gehandel het, is ek soms tog spyt oor my optrede net omdat andere dit veroordeel het.

10. 'n Goeie landsburger maak van sy stemreg gebruik by alle geleenthede waar hy kan stem.

11. Soos die meeste mense, bekommer ek my daaroor wanneer andere ongunstig teenoor my optree of my veroordeel.

12. Ek dink 'n huisvrou se werk is maar baie eentonig en vol sleur.

13. As ek 'n moeder was, sou ek my eie behoeftes as naastenby net so belangrik as die behoeftes van my kinders beskou, omdat 'n moeder ook regte en voorregte het.

14. Ek voel dat ek weldeeglik kan bydra tot die geluk van andere.

15. Ek raak maklik verlief, maar vergeet ook weer maklik daarvan!

16. Ek voel minderwaardig in vergelyking met sommige van my vriende.

17. Ek neem gewoonlik aktief deel aan die pret by partytjies.

18. Ek is geneig om dikwels skaam en selfbewus te wees.

19. Ek sal 'n betrekking verkies waar ek saam met lede van die teenoorgestelde geslag werk.

20. Wanneer ander te kenne gee dat ek nie baie waarde as persoon het nie, dan is ek geneig om aan myself te twyfel.

21. Ek het die meeste van my onderwysers gerespekteer.

22. My ouers het my gewoonlik my eie besluite laat neem.

23. Ek dink ek sal daarvan hou om 'n skeepsoffisier te wees.

24. Soms dink ek dat ek totaal anders as ander mense is.

25. Ek sou graag 'n musiekkonsert waarby 'n beroemde dirigent optree, wou bywoon.

26. Ek voel skuldig elke keer wat ek tyd of geld vir ontspanning bestee omdat ek voel dat ek dit nie verdien nie.

27. Om al 'n mens se aktiwiteite vooruit te beplan, neem al die pret uit die lewe weg.

28. 'n Mens moet jou meerderes respekteer.

29. Ek moet myself liefhê soos my naaste.

30. 'n Mens se probleme spruit gewoonlik uit die manier waarop ander jou behandel.

31. Ek het van skoolgaan gehou.

32. Ek verlang baie keer terug na my kinderjare omdat 'n mens toe soveel minder sorge en verpligtinge behad het.

33. Soms dink ek dat ek onbewus nog altyd na ouerliefde soek, omdat my behoefte daaraan nie in my kinderjare ten volle bevredig is nie.

34. As ek 'n kunstenaar was, sou ek graag kinders geteken het.

35. 'n Kunstenaar behoort sy kuns te beoefen vanweë die waarde wat dit vir homself het selfs al verstaan ander mense dit nie altyd nie.

36. Ek moet sê dat ek nie juis musiek en kuns kan waardeer nie.

37. Ek luister graag na simfoniekonserte oor die radio.

38. Al verstaan ek dit nie altyd nie, het ek tog 'n hoë waardering vir kusn.

39. 'n Mens behoort nie te ernstig te wees oor morele en sedelike aangeleenthede nie.

40. Wanneer iemand my kritiseer, ontstel dit my nie.

41. Ek vind soms ander se gebare en houdings so aantreklik dat ek hulle na-aap.

42. My alledaagse lewe is vol dinge wat my belangstelling gaande hou.

43. Dit is goed om aktief aan sport deel te neem.

44. Skurwe grappe maak my verleë.

45. As ek in my eie gedrag 'n gevoel of gedragspatroon herken waarvan ek nie hou nie, is ek geneig om dit weg te praat of te verbloem.

46. Ek probeer soms om die bestaan van sekere gevoelens, beperkthede, kapasiteite en goeie eienskappe wat ek in myself vind, te ontken of te verdraai.

47. As iemand my prys of erkenning gee vir iets wat ek gedoen het, wys ek dit af omdat ek voel dat ek dit nie verdien nie.

48. Ek hou daarvan om potplante te versamel en te versorg.

49. Ek het 'n duidelike gevoel van geroepenheid tot 'n eie lewenstaak.

50. Ek dink ek sal daarvan hou om 'n klerk te wees in 'n groot handelsaak.

51. Ek dink ek is omtrent netso bekwaam as die meeste mense met wie ek omgaan.

52. Kritiek op myself hinder my, selfs al is dit geregverdig en kan ek daarby baat.

53. Ek voel soms baie jammer daaroor, maar daar is opsigte waarin ek nie anders kan as om van my ouers te verskil nie.

54. Ek dink ek sou van die werk van 'n bouaannemer hou.

55. Wanneer ek teëspoed ondervind, herwin ek gou weer my vertroue in my vermoë om probleme op te los.

56. Soms droom ek dinge wat ek liewer vir myself hou.

57. Een van die moeilikste dinge van volwasse te wees, is om klaar te wees met die dinge van 'n kind.

58. Soms raak ek so opgewonde oor iets dat ek amper nie kan slaap nie.

59. As iemand my sou vra wat ek die graagste in die lewe wil hê, sou ek sê om net tevrede te wees met wat ek is en het, en nie altyd te hunker na die dinge wat buite my bereik is nie.

60. Ander se besittings is dikwels vir my aantrekliker as my eie, selfs al is myne van dieselfde waarde of nog beter.

61. Ek is geneig om in verskeie stokperdjies gelyk belang te stel, eerder as om myself oor 'n lang tydperk met een besig te hou.

62. Ek hou daarvan om tuin te maak en in die grond te werskaf.

63. My eie oplossings vir probleme is gewoonlik waardeloos of minstens nie so suksesvol nie.

64. As ek bedruk voel, sal iets interessants my byna altyd daaruit help.

65. Dit is vir my duidelik dat die rede vir meeste van die pyn wat ek verduur geleë is in die feit dat ek nie as persoon belangrik genoeg is nie.

66. As ek 'n medikus was, sou ek graag in breinsjirurgie wou gespesialiseer het.

67. Ek hou daarvan om te lees en te studeer oor dinge waarmee ek besig is.

68. Daar is 'n doel vir myself in die lewe.

69. Soms het ek lus om verder te studeer as ek hier klaar is, maar dan twyfel ek weer sterk aan my eie bekwaamheid.

70. Al word 'n kind deur 'n beroepsvoorligter afgeraai om verder te studeer, behoort hy aan te gaan as hy self voel dat hy dit kan doen of graag wil doen.

71. Ek hou daarvan om tuis dinge soos krane, slotte, ens. reg te maak.

72. Ek hou daarvan om tydskrifte oor meganiese dinge te lees.

73. Ek het al dikwels gewens dat ek geweet het wat my I.K. is, net om seker daarvan te wees dat ek wel die bekwaamheid vir hoër onderwys het.

74. Ek neem gewoonlik ander se opinies in ag, maar laat nie toe dat ek daardeur beperk word nie.

75. Ek is daarteen gekant om aan bedelaars geld te gee.

76. Ek het soms al gevoel dat die lekker in die lewe nie opweeg teen die swaar nie.

77. As die betaling hoog genoeg is sal ek daarvan hou om by 'n sirkus of karnaval te werk.

78. As 'n persoon slim genoeg is om iemand met 'n groot bedrag geld te kul, behoort hy toegelaat te word om dit te hou.

79. Die staat behoort vaderlik om te sien na die belange van sy burgers omdat dit vir die individu onmoontlik is om sy sosiale en ekonomiese verpligtinge almal self te behartig.

80. Politiek is so 'n ingewikkelde saak dat die gewone mens nie 'n eie standpunt omtrent sake kan hê nie.

81. Dit is 'n voorreg om te lewe in hierdie tydperk van die geskiedenis waarin soveel dinge gebeur.

82. Ek dink die enkele saak wat my met die meeste angs vervul, is die onbekende toekoms.

83. In politieke sake moet 'n mens jouself meestal laat lei deur die gesamentlike mening van al die mense wat saamgesnoer is in 'n party.

84. Ek dink ek kan saamstem met die bewering:

„Die stem van die volk is die stem van God".

85. Ek voel dat ek my wil onderwerp aan my lewensbestemming.

86. Die gedagte van navorsingswerk te doen trek my aan.

87. Die finale beslissing omtrent 'n student se vakkeuse of rigting van spesialisasie, behoort by hom/haarself te berus, eerder as by sy/haar ouers, onderwysers of raadgewers.

88. Al spreek ek my menings nie altyd uit nie, het ek my eie idees omtrent wat reg en verkeerd is, en hulle bevredig my.

89. Ek sou dit afkeur as iemand homself by 'n partytjie met drank te buite gaan.

90. Ek dink selde oor hoe ek lyk en watter indruk ek op mense maak.

91. Ek vra mense selde om advies.

92. Een rede waarom ek nie in die Staatsdiens sal wil werk nie, is dat senioriteit daar 'n te belangrike rol speel by bevorderings.

93. My jonkheid was nog maar selde iets wat my ongelukkig gemaak het.

94. Vir my is die swaarste daarvan om volwasse te wees dat 'n mens dikwels so alleen moet staan.

95. Die gedagte daaraan om in 'n motorongeluk betrokke te wees, is vir my vreesaanjaend.

96. Ek verlang dikwels terug na die verlede omdat dit bekend is teenoor die toekoms wat so onbekend en onseker is.

97. Ek sal graag altyd werk wil doen wat redelik goed deur my ouers en ander mense wat naby my staan, begryp en aanvaar word, anders sal ek hulle morele steun dikwels moet ontbeer.

98. As 'n mens die saak goed oorweeg, kom jy tot die gevolgtrekking dat onderwysers gewoonlik te veel werk van hulle leerlinge verwag.

99. Ek dink ek het sterk behoefte aan steun en beskerming.

100. Ek sal nogal daarvan hou om te voel hoe dit is om gehipnotiseer te word.

101. Ek was die afgelope paar jaar meeste van die tyd gesond.

102. Indien moontlik, sou ek graag altyd by my ouers wou inwoon.

103. Ek kom soms in opstand teen my eie onvolkomenhede omdat ek op stuk van saak tog nie verantwoordelik is daarvoor dat ek is wat ek is nie.

104. Dit lyk of ek meer dikwels as ander mense dinge doen waaroor ek later jammer is.

105. Wetsoortreders behoort sonder uitsondering gevang en gestraf te word.

106. As ek te veel kleingeld uitgekeer word, vestig ek altyd die aandag van die klerk daarop.

107. Polisiemotors behoort duidelik gemerk te wees sodat 'n mens hulle altyd kan sien kom.

108. Ek verkies om die advies van ander mense oor belangrike sake te volg, dan voel ek nie so sleg as dit verkeerd loop nie.

109. Solank 'n mens se ouers lewe, behoort jy teenoor hulle 'n kind te bly en behoort jy jouself in geen opsig as hulle gelyke te beskou nie.

110. As 'n meisie moet kies tussen 'n huwelik en die versorging van haar ouers, behoort sy nogtans te trou.

111. Soms dink ek dat 'n verpleegster die wonderlikste werk doen wat 'n vrou kan doen.

112. Ek geniet omtrent netso 'n goeie mate van gesondheid as die meeste van my vriende.

113. As ek 'n vreemdeling ontmoet, dink ek dikwels hy is beter as ek.

114. Dit irriteer my as ek iemand op die sypaadjie sien spoeg.

115. Ek voel dikwels spyt oor my haastige optrede wanneer ek my humeur verloor het.

116. Ek reken dat as 'n man mag rook, 'n dame ook mag rook.

117. Dit het al gebeur dat wanneer ek volgens my eie oortuigings gehandel het, ek later gevoel het of ek daarvoor verskoning behoort te vra.

118. As die afstand nie te ver is nie, stap ek liewer as om te ry.

119. As ek 'n verslaggewer was sou ek graag sportnuus hanteer het.

120. As 'n predikant gelyktydig beroepe na twee gemeentes ontvang, behoort hy die een aan te neem wat vir hom die gunstigste is.

121. As ek 'n predikant was, sou ek graag kategismuspreke gelewer het.

122. Ek moet erken dat ek dikwels voel dat ek nie die verantwoordelikhede van die beroep waarvoor ek besig is om myself te bekwaam, sal kan dra nie.

123. Ek dink ek sou daarvan hou om 'n renmotor te bestuur.

124. Al is dit nie die regte gees nie, wen ek liewer as om te verloor.

125. Ek leen nie graag iets aan iemand as ek weet dat hy gewoonlik nalatig is nie.

126. Sarkastiese mense laat my altyd baie ongemaklik voel.

127. Ek gee nie graag uitdrukking aan my gevoelens nie, omdat 'n mens te maklik op dié manier 'n gek van jouself kan maak.

128. Ek moet erken dat dit my sou hinder om 'n wurm aan 'n vishoek te sit.

129. Mense verstaan my so maklik verkeerd, dat ek verkies om nie uitgesproke te wees oor sake nie.

130. Ek stem saam met die stelling dat groot geleerdheid 'n mens soms tot raserny kan dryf.

131. Ek voel nog net so kinderlik geheg aan my vader en/of moeder as toe ek 'n klein kindjie was.

132. Ek het nog nooit lus gevoel om in 'n vuisgeveg betrokke te raak nie.

133. Selfs al is ek seker dat ek reg is, gee ek gewoonlik in want dit is geklik om moeilikheid te maak.

134. Ek hou daarvan om volkspele te speel.

135. Miskien is dit tot my skande dat ek dit sê, maar ek het 'n paar slegte gewoontes waarvan ek nie ontslae kan raak nie.

136. Ek word maklik kwaad, maar dan vergeet ek ook gou weer daarvan.

137. Een van my moeilikhede is dat ek soms meer dinge onderneem as wat ek werklik kan behartig.

138. Gewoonlik verwag ek dat ek sal slaag in dinge wat ek aanpak.

139. Ek dink ek sou van die werk van 'n motorwerktuigkundige hou.

140. As ek vanjaar moet druip sal ek, afgesien van geldelike oorwegings sterk twyfel of ek verder behoort te studeer.

141. Soos menige jong student, voel ek minderwaardig as ek aan my dosente dink, want ek sal nooit so ver as hulle kan kom nie.

142. Ek kwel my nou nog oor mislukkinge van die verlede.

143. Dis goed om op die ou paaie te wandel, solank 'n mens net nie op hulle doodgaan nie.

144. As 'n perd of 'n ander trekdier nie trek nie, behoort hy geslaan te word.

145. As ek 'n swak figuur geslaan het, voel ek meer verneder as wat baie van my vriende sou gevoel het.

146. Ek is bang vir diep water.

147. Ek is nie baie bang vir insekte, paddas, ens. nie.

148. As 'n mens daaroor nadink, is jy verbaas oor die moeite wat jy doen om jou vrese vir jouself weg te steek.

149. Ek wens soms ek hoef nie verantwoordelikheid vir my lewe te aanvaar nie.

150. My gesondheid is nie van die beste nie.

151. Ek kan die koers van my lewe bepaal en ek wil dit ook doen.

152. As ek eendag getroud is, wil ek my huwelikslewe inrig net soos my ouers sin.

153. Soms gee ek voor dat ek godsdienstiger is as wat ek werklik is.

154. Ek lees 'n hele paar keer per week in die Bybel.

155. Dit is elke keer vir my 'n werklike verrassing wanneer iemand iets goeds van my sê, want gewoonlik verwag ek dat mense nie veel van my sal dink nie.

156. Soms besef ek my gebreke so terdeë dat ek myself minag.

157. Op skool het die meeste onderwysers my eerlik en regverdig behandel.

158. Ek idealiseer my vader en/of moeder.

159. Wanneer sekere hoedanighede van 'n ander persoon in my teenwoordigheid geprys word, wens ek altyd dat ek hulle self besit.

160. Ek hou nie daarvan om mense slordig aangetrek te sien nie.

161. Ek besit die eienskappe om van my 'n sosiaal aanvaarbare persoon te maak.

162. Ek lees graag die inleidingsartikels van koerante.

163. Ek hou meer van speurverhale as van romans.

164. Ek dink ek sal van die werk van 'n bibliotekaris hou.

165. Ek lees ten minste tien boeke per jaar.

166. Ek moet erken dat ek meestal probeer uitvind hoe ander mense oor 'n saak voel, voordat ek my daarvoor beywer.

167. Ek probeer gewoonlik om uit moeilikhede te bly, al beteken dit ook dikwels dat ek my gevoelens en oortuigings sodoende vir myself moet hou.

168. 'n Mens behoort hoë agting te hê vir die staatshoof.

169. Die meeste van my familielede is redelike goeie kerkmense.

170. Ek voel oortuig daarvan dat daar slegs èèn ware godsdiens is.

171. Ek voel dat ek op 'n verantwoordelike wyse kan bepaal hoe ek my aan die omstandighede van my lewe oorgee.

172. Dit is vir 'n eerlike persoon net so maklik om in die lewe vooruit te gaan as vir 'n oneerlike een.

173. Ek erken en aanvaar my eie foute en tekorte, al laat dit my ook klein en onbenullig voel.

174. Ek moet erken dat ek bang voel as ek na 'n vreemde plek moet trek.

175. As 'n mens die saak goed ondersoek, vind jy dat agter byna elke groot man 'n vrou (moeder of eggenote) gestaan het wat bereid was om op te offer.

176. Ek weet ek behoort nie so te reageer nie, maar as ander mense my kritiseer nadat ek my bes gedoen het, kwel dit my baie en veroordeel ek myself naderhand.

177. In die tyd en omstandighede waarin ons lewe kan 'n jong mens nooit te veel leer nie.

178. As daar 'n vakature met gunstiger werksomstandighede ontstaan waarvoor 'n persoon en 'n goeie vriend van hom ewe sterk aanspraakmakers is, behoort die persoon ter wille van sy vriend nie daarom aansoek te doen nie.

179. Ek lees graag boeke oor geskiedenis of historiese romans.

180. Kinders behoort al die belangrike feite omtrent geslagsake geleer te word.

181. As ek een van 'n tweeling was en ons het albei dieselfde persoon liefgekry, sou ek uit liefde vir my broer/suster, voorgegee het dat ek nie die persoon so baie lief het nie.

182. Ek wens dat ek myself altyd kon sien soos ander my sien, sodat ek my optrede dienooreenkomstig kon wysig.

183. Een ding waarvan ek nie las ondervind nie, is om te onthou waar ek goed gebêre het.

184. Ek weet dat 'n mens daarmee respek van andere afdwing, maar ek erken nie maklik as ek 'n fout gemaak het nie.

185. Ek hou nie van lang vrouens nie.

186. Wanneer ek in 'n groep verkeer, het ek al die tyd die gevoel dat hulle op my swakpunte gaan hamer, en daarom tree ek nie op die voorgrond nie.

187. Ek probeer altyd goeie grappe en anekdotes onthou, sodat ek hulle kan oorvertel.

188. Party van my familielede is mense met vinnige humeure.

189. As van my familielede sou sê dat hulle my nie verstaan nie, sou dit my baie diep ongelukkig maak.

190. Die persoon aan wie ek as kind die meeste geheg was en die meeste bewonder het, was 'n vrou (moeder, suster, tante of ander vroulike persoon).

191. Ek dink dikwels: „Ek wens ek was nog 'n kind."

192. Ek voel angstig as ek in vreemde situasies kom.

193. Ek haat dit om onderbreek te word as ek met iets besig is.

194. Ek wens selde dat ek idees en opvattinge gehad het wat meer algemeen voorkom as dié wat ek wel besit.

195. Ek glo dat vrouens netsoveel geslagtelike vryheid as mans behoort te hê.

196. Dit is nutteloos dat ek my kwel oor openbare aangeleenthede, want ek kan tog niks daaraan doen nie.

197. Die samelweing het veel meer aan die besigheidsman en die fabrikant te danke as aan die kunstenaar en die professor.

198. Soos baie ander mense, voel ek dat ek maar gou moet ophou as sake begin verkeerd loop of as moeilike probleme opduik.

199. Dit lyk of ek nie omgee wat van my word nie.

200. As ek 'n kunstenaar was, sou ek graag blomme geteken het.

201. Ek wens dikwels dat ek 'n minder gekompliseerde geaardheid gehad het.

202. Ek moet erken dat ek partykeer taamlik slordig is.

203. As 'n mens jou persoonlikheid met min moeite kon verander, sou ek definitief 'n hele paar trekke verander het.

204. Soms voel ek of my hele lewe waardeloos en nutteloos is omdat andere so selde vir my waardering toon.

205. Ek dink ek is 'n beter luisteraar as spreker.

206. As ek 'n verslaggewer was, sou ek daarvan hou om verslag te gee oor die teater, kuns ens.

207. Ek stap maklik alleen 'n kamer binne waar ander mense bymekaar is en al aan die gesels is.

208. Ek voel oortuig dat my lewe van netsoveel waarde is as ander mense sin.

209. My planne het nog maar selde so vol moeilikhede geskyn te wees, dat ek hulle moes laat vaar.

210. Gewoonlik slaap ek goed en voel soggens perdfris.

211. Ek is 'n baie kieliERIGE mens.

212. Ek is 'n taamlike vinnige leser.

213. Ek is geneig om iets wat ek graag sou wou doen te laat staan as ander mense voel dat dit nie die moeite werd is om dit te doen nie.

214. Ek het lugkastele waarvan ek op die oomblik nog verkies om stil te bly.

215. Ek het al 'n paar keer 'n plan laat vaar, omdat ek te min van my eie bekwaamheid gedink het.

216. Ek kan lank lees sonder dat my oë noemenswaardig moeg word.

217. Ek hou nie daarvan om aan 'n probleem te werk as daar die moontlikheid bestaan dat die antwoord vaag en dubbelsinnig sal wees nie.

218. Dikwels huiwer ek om verantwoordelikheid te aanvaar omdat ek aan my bevoegdheid twyfel.

219. Dit het al met my gebeur dat ek so nutteloos gevoel het, dat ek gewens het dat ek liewer nooit gelewe het nie.

220. In die ou dae was die meeste ouers te streng en outokraties in die opvoeding van hulle kinders.

221. Vrouens behoort dieselfde salaris as mans betaal te word as hulle dieselfde werk doen.

222. Ek is jammer om dit te moet erken, maar ek gee nie veel om vir wetenskaplike leesstof nie.

223. Ek voel by tye baie nutteloos.

224. Ek was nog nooit verlam nie en ek het nog nooit buitengewone swakheid van enige spiere ondervind nie.

225. Soms voel dit vir my of ek 'n las is vir ander mense.

226. Ek het al by tye gedink dat dit beter sou wees as ek liewer dood is.

227. Vrouens het net soveel reg op die stemreg as mans.

228. Om kritiek te voorkom, probeer ek gewoonlik doen wat van my verwag word.

229. Ek meen dat die meeste mense op maniere wat effens onregverdig is, sal optree as dit tot hulle voordeel is, eerder as om hulleself te benadeel.

230. 'n Arm man is in baie opsigte beter daaraan toe as 'n ryk man.

## BYLAAG 3.

## SA. - INVENTARIS.

(Vorm M)

### Aanwysings.

Hierdie boekie bevat 'n reeks bewerings wat in pare saam gegroepeer is. Lees elke paar deur en besluit watter een van die twee die meeste op jou van toepassing is, of waarmee jy die meeste saamstem. Merk jou keuse op die los antwoordblad. Moenie in hierdie boekie merke maak nie.

As jy meen dat die A-deel van 'n paar die meeste op jou van toepassing is of dat jy die meeste daarmee saamstem, maak die spasie onder A swart, bv.

| | A. | B. |
|---|---|---|
| 1. | ● | O |

As jy meen dat die B-deel van 'n paar die meeste op jou van toepassing is, maak die spasie onder B swart, bv.

| | A. | B. |
|---|---|---|
| 1. | O | ● |

Maak seker dat die nommer van jou antwoord altyd ooreenstem met die nommer van die paar waarmee jy besig is.

Kies in alle gevalle een van die twee bewerings, al moet jy ook soms raai. Werk vinnig en gee jou eerste indruk. Jou antwoorde sal absoluut konfidensieel behandel word en sal slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik word.

1. A. Ek is geneig om dikwels skaam en selfbewus te wees.
   B. Ek lees graag boeke oor geskiedenis of historiese romans.

2. A. Ek sal 'n betrekking verkies waar ek saam met lede van die teenoorgestelde geslag werk.
   B. Wanneer ander te kenne gee dat ek nie baie waarde as persoon het nie, dan is ek geneig om aan myself te twyfel.

3. A. Ek verlang baie keer terug na my kinderjare omdat 'n mens toe soveel minder sorge en verpligtinge gehad het.
   B. Ek moet myself liefhê soos my naaste.

4. A. As ek 'n medikus was, sou ek graag in breinsjirurgie wou gespesialiseer het.
   B. Kritiek op myself hinder my, selfs al is dit geregverdig en kan ek daarby baat.

5. A. My eie oplossings vir probleme is gewoonlik waardeloos of minstens nie so suksesvol nie.
   B. Ek besit die eienskappe om van my 'n sosiaal aanvaarbare persoon te maak.

6. A. As ek 'n kunstenaar was, sou ek graag kinders geteken het.
   B. Vir my is die swaarste daarvan om volwasse te wees dat 'n mens dikwels so alleen moet staan.

7. A. My ouers het my gewoonlik my eie besluite laat neem.
   B. Ek verlang dikwels terug na die verlede omdat dit bekend is teenoor die toekoms wat so onbekend en onseker is.

8. A. Ek dink ek het sterk behoefte aan steun en beskerming.
   B. As 'n meisie moet kies tussen 'n huwelik en die versorging van haar ouers, behoort sy nogtans te trou.

9. A. Indien moontlik, sou ek graag altyd by my ouers wou inwoon.
   B. Ek voel dat ek my wil onderwerp aan my lewensbestemming.

10. A. Polisiemotors behoort duidelik gemerk te wees sodat 'n mens hulle altyd kan sien kom.
    B. As ek 'n vreemdeling ontmoet, dink ek dikwels hy is beter as ek.

11. A. Sarkastiese mense laat my altyd baie ongemaklik voel.
    B. Ek is daarteen gekant om aan bedelaars geld te gee.

12. A. As 'n predikant gelyktydig beroepe na twee gemeentes ontvang, behoort hy die een aan te neem wat vir hom die gunstigste is.
    B. Ek kwel my nou nog oor mislukkinge van die verlede.

13. A. Ek moet erken dat ek meestal probeer uitvind hoe ander mense oor 'n saak voel, voordat ek my daarvoor beywer.
    B. As 'n mens oor al die feite beskik, is daar op die meeste vrae net een antwoord.

14. A. As ek 'n swak figuur geslaan het, voel ek meer verneder as wat baie van my vriende sou gevoel het.
    B. Ek hou daarvan om tuin te maak en in die grond te werskaf.

15. A. Ek wens selde dat ek idees en opvattinge gehad het wat meer algemeen voorkom as dié wat ek wel besit.
    B. Wanneer sekere hoedanighede van 'n ander persoon in my teenwoordigheid geprys word, wens ek altyd dat ek hulle self besit.

16. A. Ek weet ek behoort nie so te reageer nie, maar as ander mense my kritiseer nadat ek my bes gedoen het, kwel dit my baie en veroordeel ek myself naderhand.
    B. Ek dink 'n huisvrou se werk is maar baie eentonig en vol sleur.

17. A. As ek 'n kunstenaar was, sou ek graag blomme geteken het.
    B. Ek dink dikwels: „Ek wens ek was nog 'n kind."

18. A. Ek voel angstig as ek in vreemde situasies kom.
    B. Een ding waarvan ek nie las ondervind nie, is om te onthou waar ek goed gebêre het.

19. A. In die tyd en omstandighede waarin ons lewe kan 'n jong mens nooit te veel leer nie.
    B. Soms voel ek of my hele lewe waardeloos en nutteloos is omdat andere so selde vir my waardering toon.

20. A. Ek neem gewoonlik ander se opinies in ag, maar laat nie toe dat ek daardeur beperk word nie.
    B. Ek gaan gewoonlik meer as eenkeer per week bioskoop toe.

21. A. 'n Arm man is in baie opsigte beter daaraan toe as 'n ryk man.
    B. Dit het al met my gebeur dat ek so nutteloos gevoel het, dat ek gewens het dat ek liewer nooit gelewe het nie.

22. A. Ek voel by tye baie nutteloos.
    B. Ek hou daarvan om tydskrifte oor meganiese dinge te lees.

23. A. Ek dink ek sou van die werk van 'n motorwerktuigkundige gehou het.
    B. Soms voel dit vir my of ek 'n las is vir ander mense.

24. A. In die ou dae was die meeste ouers te streng en outokraties in die opvoeding van hulle kinders.
    B. Die Staat behoort vaderlik om te sien na die belange van sy burgers omdat dit vir die individu onmoontlik is om sy sosiale en ekonomiese verpligtinge almal self te behartig.

25. A. Ek wens soms ek hoef nie verantwoordelikheid vir my lewe te aanvaar nie.
    B. Ek dink ek kan saamstem met die bewering: „Die stem van die volk is die stem van God".

26. A. Dit is elke keer vir my 'n werklike verrassing wanneer iemand iets goeds van my sê, want gewoonlik verwag ek dat mense nie veel van my sal dink nie.

B. As iemand my sou vra wat ek die graagste in die lewe wil hê, sou ek sê om net tevrede te wees met wat ek is en het, en nie altyd te hunker na die dinge wat buite my bereik is nie.

27. A. Ek meen dat die meeste mense op maniere wat effens onregverdig is, sal optree as dit tot hulle voordeel is, eerder as om hulleself te benadeel.

B. Soos baie ander mense, voel ek dat ek maar gou moet ophou as sake begin verkeerd loop of as moeilike probleme opduik.

28. A. Ek dink ek sal daarvan hou om 'n klerk te wees in 'n groot handelsaak.

B. Ek voel dat ek weldeeglik kan bydra tot die geluk van andere.

29. A. Soms droom ek dinge wat ek liewer vir myself hou.

B. Ek lees 'n hele paar keer per week in die Bybel.

30. A. Ek het nog nooit lus gevoel om in 'n vuisgeveg betrokke te raak nie.

B. Ek het soms al gevoel dat die lekker in die lewe nie opweeg teen die swaar nie.

31. A. Ek raak maklik verlief, maar vergeet ook weer maklik daarvan!

B. Ek dink die enkele saak wat my met die meeste angs vervul, is die onbekende toekoms.

32. A. Gewoonlik verwag ek dat ek sal slaag in dinge wat ek aanpak.

B. Ek het die meeste van my onderwysers gerespekteer.

33. A. Ek voel minderwaardig in vergelyking met sommige van my vriende.

B. Ek dink ek sal daarvan hou om 'n Skeepsoffisier te wees.

34. A. Ek luister graag na simfoniekonserte oor die radio.

B. Ek gee nie graag uitdrukking aan my gevoelens nie, omdat 'n mens te maklik op dié manier 'n gek van jouself kan maak.

35. A. Ek dink selde oor hoe ek lyk en watter indruk ek op mense maak.

B. As 'n mens daaroor nadink, is jy verbaas oor die moeite wat jy doen om jou vrese vir jouself weg te steek.

36. A. Ek het al dikwels gewens dat ek geweet het wat my I.K. is, net om seker daarvan te wees dat ek wel die bekwaamheid vir hoër onderwys het.

B. Om al 'n mens se aktiwiteite vooruit te beplan, neem al die pret uit die lewe weg.

37. A. Dit het al gebeur dat wanneer ek volgens my eie oortuigings gehandel het, ek later gevoel het of ek daarvoor verskoning behoort te vra.

B. Party van my familielede is mense met vinnige humeure

38. A. As ek eendag getroud is, wil ek my huwelikslewe inrig net soos my ouers sin.
B. Ek moet erken dat ek dikwels voel dat ek nie die verantwoordelikhede van die beroep waarvoor ek besig is om myself te bekwaam, sal kan dra nie.

39. A. Ek idealiseer my vader en/of moeder.
B. In die ou dae was die meeste ouers te streng en outokraties in die opvoeding van hulle kinders.

40. A. Ek voel oortuig dat my lewe van netsoveel waarde is as ander mense sin.
B. Al word 'n kind deur 'n beroepsvoorligter afgeraai om verder te studeer, behoort hy aan te gaan as hy self voel dat hy dit kan doen of graag wil doen.

41. A. Ek het 'n duidelike gevoel van geroepenheid tot 'n eie lewenstaak.
B. Ek sou graag 'n joernalis wou word.

42. A. My gesondheid is nie van die beste nie.
B. 'n Mens moet jou meerderes respekteer.

43. A. Ek voel dat ek op 'n verantwoordelike wyse kan bepaal hoe ek my aan die omstandighede van my lewe oorgee.
B. Die staat behoort vaderlik om te sien na die belange van sy burgers omdat dit vir die individu onmoontlik is om sy sosiale en ekonomiese verpligtinge almal self te behartig.

44. A. Gewoonlik slaap ek goed en voel soggens perdfris.
B. Ek was nog nooit verlam nie en ek het nog nooit buitengewone swakheid van enige spiere ondervind nie.

## BYLAAG 4.

## F SKAAL.

Die volgende is stellings waarmee sommige mense saamstem en sommige nie. Dui asseblief in die kolom links langs elke item aan die mate waarin u saamstem of nie saamstem nie, met gebruikmaking van die volgende skaal:

| | | | |
|---|---|---|---|
| + 1: | ligte ondersteuning, saamstemming. | -1: | ligte opposisie, teenkanting |
| + 2: | matige ondersteuning, saamstemming. | -2: | matige opposisie, teenkanting. |
| + 3: | sterk ondersteuning, saamstemming. | -3: | sterk opposisie, teenkanting. |

---

.... 1. Gehoorsaamheid en respek vir outoriteit is die belangrikste deugde wat kinders behoort te leer.

.... 2. 'n Persoon wat 'n slegte opvoeding en slegte maniere en gewoontes het, kan nouliks verwag om met ordentlike mense oor die weg te kom.

.... 3. As mense net minder wil praat en meer werk, sal almal beter daaraan toe wees.

.... 4. Die sakeman en die vervaardiger is baie belangriker vir die samelewing as die kunstenaar en die professor.

.... 5. Wetenskap het sy plek, maar daar is baie belangrike dinge wat die menslike verstand nooit moontlik sal kan begryp nie.

.... 6. Elke persoon behoort volkome geloof te hê in een of ander bonatuurlike mag, wie se beslissings hy sonder twyfel gehoorsaam.

.... 7. Jongmense kry soms opstandige idees, maar namate hulle opgroei, behoort hulle hierdie idees te bowe te kom.

.... 8. Wat hierdie land die nodigste het, nodiger as wette en politieke programme, is 'n paar moedige, onvermoeide, toegewyde leiers in wie die volk hulle vertroue kan stel.

.... 9. Geen normale, ordentlike persoon, wat reg wys is, kan ooit daaraan dink om 'n intieme vriend of familielid seer te maak nie.

.... 10. Niemand het nog ooit iets geleer nie behalwe deur lyding.

.... 11. Wat die jeug die nodigste het is streng dissipline, ruwe vasberadenheid, en die wil om te werk en te veg vir familie en vaderland.

.... 12. 'n Belediging vir ons eer behoort altyd gestraf te word.

.... 13. Geslagsmisdade, soos verkragting en aanvalle op kinders, verdien meer as slegs tronkstraf; sulke misdadigers behoort in die openbaar slae te ontvang, of iets ergers.

.... 14. Daar is nouliks iets wat laer is as 'n persoon wat nie 'n groot liefde, dankbaarheid en respek jeens sy ouers het nie.

.... 15. Die meeste van ons sosiale probleme sal opgelos wees as ons op een of ander manier ontslae kan raak van die onsedelike, oneerlike en swaksinnige mense.

.... 16. Homoseksuele persone is skaars beter as misdadigers en behoort swaar gestraf te word.

.... 17. Wanneer 'n persoon 'n probleem of 'n bekommernis het, is dit die beste dat hy nie daaroor dink nie, maar hom met iets meer opgeruimd besig hou.

.... 18. Deesdae snuffel al hoe meer mense in sake wat vertroulik en persoonlik behoort te bly.

.... 19. Sommige mense is gebore met 'n drang om van hoë plekke af te spring.

.... 20. Mense kan in twee duidelike klasse verdeel word: die sterkes en die swakkes.

.... 21. Eendag sal dit waarskynlik getoon word dat astrologie baie dinge kan verklaar.

.... 22. Oorloë en sosiale moeilikhede mag dalk eendag beëindig word deur 'n aardbewing of oorstroming wat die hele wêreld sal vernietig.

.... 23. Geen swakheid of moeilikheid kan ons terughou as ons genoeg wilskrag het nie.

.... 24. Die meeste mense besef nie in hoe 'n groot mate ons lewens beheer word deur sameswerings wat in die geheim gesmee word nie.

.... 25. Aangesien die menslike natuur is soos dit is, sal daar altyd oorlog en wrywing wees.

.... 26. Oorbekend maak onbevriend.

.... 27. Deesdae wanneer soveel verskillende soorte mense rond beweeg en so baie met mekaar omgaan, moet 'n mens jouself veral versigtig beskerm om nie 'n besmetting of siekte van hulle op te doen nie.

.... 28. Die wilde sekslewe van die ou Grieke en Romeine was mak in vergelyking met sommige van die gebeurtenisse in hierdie land, veral in plekke waar 'n mens dit die minste sou verwag.

## BYLAAG 5.

## PERSOONLIKHEIDSVRAELYS.

### AANWYSINGS.

Hierdie boekie bevat 'n reeks bewerings. Lees elkeen, besluit hoe jy daaromtrent voel en merk jou antwoord op die los antwoordblad. Moenie in die boekie merke maak nie. As jy met 'n bewering saamstem of voel dat dit meestal op jou van toepassing is, maak die spasie onderkant "WAAR" op die antwoordblad swart. As jy nie met 'n bewering saamstem nie of voel dat dit meestal nie op jou van toepassing is nie, maak die spasie onderkant "ONWAAR" swart. Maak seker dat die nommer van jou antwoord altyd ooreenstem met die nommer van die bewering.

VOORBEELDE.

1. Besigheidsmense is soms oneerlik. (ANTWOORD "WAAR")

| | WAAR | ONWAAR |
|---|---|---|
| | ● | 0 |

2. Ek hou nie van lekker kos nie. (ANTWOORD "ONWAAR")

| | WAAR | ONWAAR |
|---|---|---|
| | 0 | ● |

Antwoord alle bewerings "WAAR" of "ONWAAR", al moet jy ook soms raai. Werk vinnig en gee jou eerste indruk. Jou antwoorde sal absoluut konfidensieel behandel word en sal slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik word.

1. Ek hou van poësie.
2. Wanneer ek 'n nuwe pos aanvaar, hou ek daarvan om 'n wenk te kry oor die persone in wie se guns ek moet probeer kom.
3. Ek reken dat die naturel net goed is om die "vuil" werk van die witman te doen.
4. Ek is geneig om wat die meeste dinge betref, taamlik konserwatief te wees.
5. By partye sal ek meer waarskynlik alleen sit of by net een persoon, as om in die bondel saam te wees.

6. Ek weier om sekere spele te speel, aangesien ek dit nie goed kan doen nie.

7. Ek kan nie aan 'n goeie rede dink waarom ek ooit iemand sal slaan nie.

8. Gewoonlik sal ek verkies om saam met vroue te werk.

9. Ek is meer sensitief as die meeste ander mense.

10. As ek kwaad is, is ek soms nukkerig.

11. My gemoedstoestand wissel baie op en af, soms met en soms sonder merkbare oorsaak.

12. Een of meer kere per week voel ek, sonder duidelike oorsaak, meteens warm oor my hele lyf.

13. Ek het al dikwels sonder 'n goeie rede, lusteloos en moeg gevoel.

14. Soms het ek slegte gedagtes, wat my skaam laat voel oor myself.

15. Vuil stories maak my verleë.

16. Ek kan nie help om onbeskof te wees teenoor mense van wie ek nie hou nie.

17. Die gedagte van aanraking met die swart of donker vel van die naturel wek by my afsku en walging op.

18. Wat my gedragslyn betref, hou ek my by die gebruike van die groep.

19. Ek baklei omtrent so dikwels soos enige ander persone.

20. Ek hèt niks teenoor die naturel, mits hy op sy regte plek bly.

21. Ek stry met mense wat probeer om hulle gesag oor my te laat geld.

22. As iemand baasspelerig is doen ek net die teenoorgestelde van wat hy vra.

23. Gewoonlik sê ek wat ek lus voel om op daardie oomblik te sê.

24. As iemand my kwaad aandoen, voel ek dat ek hom moet terugbetaal as ek kan, net om die beginsel daarvan.

25. 'n Groot aantal mense is skuldig aan seksuele wangedrag.

26. Soms is ek daarvan oortuig dat ander mense weet wat ek dink.

27. Ek vind dit soms moeilik om 'n geheim te bewaar.

28. Ek het vroeër 'n dagboek gehou.

29. Ek het vreemde en eienaardige gedagtes.

30. Etlike kere per week voel dit vir my asof iets vreesliks binnekort gaan gebeur.

31. Ek bekommer my nogal heelwat oor moontlike teenspoede.

32. Ek is geneig om op my hoede te wees teen mense wat effens vriendeliker is as wat ek verwag het.

33. Ek wonder dikwels watter verborge motief 'n ander persoon mag hê om vir my iets goeds te doen.

34. Ek dink dat op die naturel nie staatgemaak kan word in 'n posisie waaraan vertroue en verantwoordelikheid verbonde is nie.

35. My voorkeure en afkeure is baie sterk.

36. As ek sou toelaat dat mense weet hoe ek voel, sou hulle my beskou as 'n moeilike persoon om mee klaar te kom.

37. Ek probeer gewoonlik om my gevoelens van ander te verberg.

38. Ek slaan selde terug, selfs al slaan iemand my eerste.

39. Ek is gewoonlik kalm en raak nie gou ontsteld nie.

40. Deesdae is dit vir my swaar om nie die hoop om eendag iets te beteken, op te gee nie.

41. Ek kom altyd goed met my meerderes oor die weg.

42. Ek het min, indien enige, emosionele probleme.

43. Dit kos baie redenering om die meeste mense van die waarheid te oortuig.

44. Ek het nie geduld met mense wat glo dat daar net een ware geloof is nie.

45. Ek voel meeste van die tyd asof ek iets verkeerd of sleg gedoen het.

46. So af en toe dink ek aan dinge wat te sleg is om van te praat.

47. Alhoewel ek dit nie wys nie, word ek soms deur jaloesie verteer.

48. Ek hou andere dikwels dop om te sien watter uitwerking my woorde en dade op hulle het.

49. Ek hou daarvan dat mens gis wat my volgende stap sal wees.

50. Ek neem besluite op die ingewing van die oomblik.

51. Ek is op my gelukkigste wanneer ek betrokke raak by een of ander ding waarby 'n mens vinnig moet optree.

52. Ek sal dit bepaald geniet om 'n skurk op sy eie gebied te uitoorlê.

53. Dit maak nie saak as 'n mens die wet omseil sonder om dit werklik te oortree nie.

54. Ek het al met mense te doen gehad wat my sover gedryf het, dat ons slaags geraak het.

55. Op skool is ek soms weens ondeundheid na die prinsipaal gestuur.

56. Omdat die toekoms te onseker is, kan 'n mens nie ernstige planne beraam nie.

57. Ek het al somtyds gevoel dat my probleme so hoog opgehoop het, dat ek hulle nie kan oorkom nie.

58. Ek dink dat geen naturel toegelaat behoort te word om met 'n witman te wedywer.

59. As ek nie my vriende se gedrag goedkeur nie, laat ek hulle dit verstaan.

60. Ek verloor maklik my humeur.

61. Ek werk onder groot spanning.

62. Ek voel dat ek temperamenteel van die meeste ander mense verskil.

63. Ek oorweeg al die kante van 'n vraagstuk baie sorgvuldig voordat ek 'n besluit neem.

64. Ek voel nie heeltemal gelukkig oor die manier waarop die naturel in hierdie land behandel word nie, maar ek vind dit moeilik om te besluit wat die regte manier sou wees.

65. Ek glo dat baie gebruike en gewoontes in ons samelewing belaglik is en nie nagekom behoort te word nie.

66. Ek voel oortuig dat daar slegs een ware godsdiens is.

67. Ek glo dat daar 'n duiwel en 'n hel in die hiernamaals is.

68. Ek vind dikwels dat ek nie met ander mense saamstem nie.

69. Partykeer voel ek dat die naturel nie eerlik behandel word nie, maar dan dink ek weer dat hy baie het om voor dankbaar te wees.

70. Ek dink dat die huidige maatskaplike stelsel nie op 'n onregverdige grondslag teen die naturel berus nie.

71. Ek moes al dikwels bevele ontvang van iemand wat nie so baie kennis soos ek gehad het nie.

72. Ek voel dat die meeste mense in gesagsposisies meer baasspelerig is as wat hulle behoort te wees.

73. Wanneer mense baasspelerig is, is ek tydsaam net om hulle te wys.

74. Wanneer my daaglikse aktiwiteite ontwrig word deur onvoorsiene omstandighede raak ek geïrriteerd.

75. Soms hinder mense my net deur by my te wees.

76. Ek probeer om té intieme vriendskappe te vermy.

77. Dit laat my ongemaklik voel om by 'n partytjie 'n toertjie uit te voer of kaskenades aan te rig, selfs as ander dieselfde soort ding doen.

78. Dit is vir my moeilik om geselskap aan te knoop wanneer ek vreemde mense ontmoet.

79. Ek voel dat ek dikwels sonder rede gestraf is.

80. Ek het las daarvan dat mense buite, in busse, in winkels ens., my dophou.

81. Ek doen baie dinge waarvoor ek later berou het.

82. Ek is al soms gepla deur 'n nuttelose gedagte wat aanhoudend in my kop bly kom het.

83. Ek verbloem gewoonlik my lae dunk omtrent ander.

84. Ek dink dat die regte van die naturel nie ondergeskik gestel moet word aan die selfsugtige belange van die witman.

85. Ek vind dat ek soms probleme probeer oplos voordat hulle werklik bestaan.

86. As dit vir my nodig word om fisiese geweld te gebruik om my regte te verdedig, sal ek.

87. Ek handel dikwels impulsief net om te kan stoom afblaas.

88. Ek reken dat die naturel meer soos 'n dier as soos 'n mens is.

89. Iemand het sy mes vir my in.

90. Ek was al bang vir mense en dinge selfs al het ek geweet dat hulle my nie kan seermaak nie.

91. Ek ondervind telkens periodes van eensaamheid.

92. Ek is dikwels bang vir die donker.

93. As ek saam met 'n groep uitgaan, is ek geneig om stilswyend te wees.

94. Ek is geneig om meestal dinge vir myself te hou.

95. Ek hou daarvan om te dagdroom.

96. Ek is filosofies geneig - ek is geneig om oor dinge te filosofeer.

97. Ek praat nie sommer met mense voordat hulle nie eers met my praat nie.

98. Die meeste mense maak vriende omdat vriende vir hulle waarskynlik van nut kan wees.

99. Deur beperkinge soos die "kleurlyn" vir die naturel te stel, probeer die witman eintlik om hom op ekonomiese gebied uit te buit - so lyk dit vir my.

100. Die meeste mense het 'n innerlike teësin om uit hul pad te gaan om ander mense te help.

101. Ek dink dat die naturel iedere geleentheid vir opvoeding en self-ontwikkeling gegee behoort te word - net soos vir die witman.

102. Ek dink dat die naturel, as aan hom die kans gegee word, sal wys dat hy net so goed soos dit witman is.

103. Ek dink dat 'n groot aantal mense oordryf die teenspoed wat hulle teenkom sodat hulle die meegevoel van ander kan kry.

104. Ek glo dat baie mense dinge ontbeer wat hulle eintlik wil hê, net om geld te bespaar.

105. Ek het al beslis meer dinge gehad om oor te huil as wat my toekom.

106. My begeertes bots dikwels met mekaar.

107. Ek sou baie ongeduldig wees indien ek verhinder sou word om talryke sosiale kontakte te maak.

108. Ander persone beskou my as 'n opgewekte persoon.

109. Ek hou van wetenskap.

110. Ek is bang om in die donker alleen te wees.

111. Ek is nie baie bang vir slange nie.

112. Soms voel ek asof ek, òf myself òf iemand anders moet seermaak.

113. Ek voel soms asof ek op die punt van ineenstorting staan.

114. Ek voel dikwels dat ek nie die regte soort lewe gelei het.

115. Ek bid elke week verskeie kere.

116. Ek weet van niemand wat ek werklik haat nie.

117. Dit is vir my duidelik dat die regte van die naturel in hierdie land nog byna altyd verontagsaam is.

118. In die meeste argumente is daar altyd 'n regte kant en 'n verkeerde kant.

119. Die persoon wat versoeking skep deur waardevolle eiendom onbeskerm te laat, is omtrent net soveel te blameer vir die diefstal daarvan as die persoon wat dit steel.

120. Ek sou myself as 'n erg senuweeagtige of gespanne persoon beskryf.

121. Ek merk dikwels op dat my hand bewe as ek iets probeer doen.

122. Ek wens dat ek nie soveel las ondervind van gedagtes oor seks nie.

123. Ek was nog nooit op iemand verlief nie.

124. Ek het al heel eienaardige en vreemde ervaringe gehad.

125. Dis veiliger om niemand te vertrou nie.

126. Ek sou graag sien dat die naturel langs die trap van beskawing opklim, maar slegs baie langsaam en voetjie vir voetjie.

127. Mislukking gee my 'n gevoel van berou.

128. Soms dink ek dat ek glad niks werd is nie.

129. Ek is altyd geduldig teenoor ander.

130. Ek reken dat die naturel op 'n onregverdige wyse deur die witmense van sy land ontneem is.

131. As ek kwaad is vir 'n persoon, ignoreer ek hom soms.

132. Ek vind dikwels dat ek my oor iets bekommer.

133. As ek nie van mense hou nie, weet hulle dit.

134. As ek regtig my humeur verloor is ek kapabel en klap iemand.

135. Ek voel dinge sterker aan as die meeste mense.

136. Ek het al dikwels gevoel dat vreemdelinge my krities aankyk.

137. Ek neem soms 'n uitdagende houding aan.

138. As ek kwaad word sê ek onaangename dinge.

139. Ek stel geen belang in die naturel of in sy verhouding teenoor die witman nie, omdat ekonomiese faktore myns insiens op die ou end oor sy lot sal beslis.

140. Dit maak my altyd ergerlik vir die gereg as 'n misdadiger vrykom a.g.v. die argumente van 'n slim advokaat.

141. Die meeste mense is eerlik, hoofsaaklik omdat hulle bang is dat hulle gevang sal word.

142. Die meeste mense sal effens oneerlike metodes gebruik ten einde hulleself van 'n wins of voordeel te verseker, eerder as om dit te verloor.

143. Ek dink die meeste mense sal leuens vertel om vooruit te kom.

144. Ek sou liewers sien dat die witmense hul posisie in hierdie land kwytraak, as dat hulle dit behou ten koste van onreg teenoor die naturel.

145. Ek laat nie toe dat 'n klomp onbenullighede my irriteer nie.

146. Ek het 'n goeie mate van self-beheer ontwikkel.

147. Ek het al daarin geslaag om my slegte gewoontes af te sien.

148. Party van my familielede het gewoontes wat my baie hinder en kwaadmaak.

149. As iemand my eerste slaan, slaan ek hom terug.

150. By 'n voetbalwedstryd hou ek van wilde entoesiasme, soms tot 'n mate wat aan oproerigheid grens.

151. Die manier waarop ek dinge doen word maklik deur mense verkeerd verstaan.

152. My kwellinge verdwyn skynbaar as ek in 'n groep opgeruimde vriende kom.

153. Ek gaan graag na partytjies en ander geleenthede waar daar baie luidkeelse pret is.

154. As iemand my kwaadmaak is ek geneig om hom te vertel wat ek van hom dink.

155. Ek het byna altyd 'n gevatte antwoord op opmerkings wat oor my gemaak word.

156. Ek voel dikwels soos 'n kruitvat wat op die punt is om te ontplof.

157. Ek geniet die opwinding van 'n mensemassa.

158. Ek is dikwels geneig om uit my pad te gaan om 'n argument te wen met iemand wat my teengestaan het.

159. Ek sou myself as 'n spraaksame persoon beskryf.

160. Ek word nie gou kwaad nie.

161. Teneinde 'n lawaai te vermy laat vaar ek dikwels 'n argument al weet ek dat ek gelyk het.

162. Dikwels is ek nie op hoogte van die skinderpraatjies van die groep waaraan ek behoort nie.

163. Wanneer ek in 'n groep is, ondervind ek moeilikheid om aan die regte dinge te dink om oor te praat.

164. Ek is baie meer dikwels geïrriteerd as waarvan ander mense weet.

165. Ek reken dat wat 'n mens doen is wat tel, en nie wat jy binnekant voel nie.

166. Selfs as ek kwaad is, gebruik ek nie gekruide taal nie.

167. As iemand my nie reg behandel nie, laat ek dit my nie ontstel nie.

168. Ek is 'n kommerlose persoon.

169. By 'n vrolike partytjie kan ek myself gewoonlik vrye teuels gee en dit uitbundig geniet.

170. Ek ondervind periodes waarin ek so rusteloos is dat ek nie lank op 'n stoel kan sit nie.

171. Ek is seker dat mense oor my praat.

172. Byna al my familielede staan simpatiek teenoor my.

173. Mense kan my maklik van sienswyse laat verander, al het ek gedink dat ek reeds oor 'n saak besluit het.

174. Ek glo dat die naturel 'n groot toekoms het en dat hy 'n waardevolle bydra kan lewer tot die beskawing van die wêreld.

175. In die reël verdedig ek my sienswyse sterk.

176. Soms beland ek in die moeilikheid omdat ek vir my eie standpunt opkom wanneer ander verskil.

177. Ek dink dat die witmens sy plig versuim deur nie meer te doen vir die verbetering van die lot van die naturel nie.

178. Ek het al dikwels ander mense gemerk wat sake so bewerk dat hulle die lof kry vir goeie werk maar in staat bly om die skuld vir foute op hulle onderhoriges af te skuif.

179. Somtyds voel ek regtig nutteloos.

180. Ek is geneig om oor die verlede te peins.

181. Die man wat die meeste met my te doen gehad het, toe ek 'n kind was (soos my vader, stiefvader ens.,) was baie streng op my.

182. Ek voel ongemaklik binnenshuis.

183. Mense stel my dikwels teleur.

184. Kritiek of berisping maak my verskriklik seer.

185. Ek het al soms 'n persoon vermy omdat ek bang was dat ek iets sou sê of doen waaroor ek daarna spyt wees.

186. Volgens my mening is die naturel so kinderagtig en onverantwoordelik dat 'n mens nie van hom kan verwag dat hy weet wat die beste in sy eie belange is nie.

187. Gewoonlik verkies ek om in groepsaktiwiteite die leiding te neem.

188. Ek dink dat ons nie die naturel behoort te help voordat ons nie eers al die hulpbehoewende witmense gehelp het nie.

189. Gewoonlik eis mense meer respek vir hul eie regte op as wat hulle bereid is om vir ander toe te laat.

190. Ek bewonder die naturel vir sy baie goeie hoedanighede en sou graag sien dat hy die geleentheid kry om hulle te ontwikkel.

191. Ek het al dikwels mense teengekom wat veronderstel was om deskundiges te wees en wat tog niks beter was as ek nie.

192. Ek hou daarvan om met mense gek te skeer.

193. Ek sou myself as 'n opgewekte persoon beskryf.

194. Ek kan vriendelik wees teenoor mense wat dinge doen wat ek as verkeerd beskou.

195. By die sluit van nuwe vriendskappe gaan die inisiatief gewoonlik van my uit.

196. Ek dink dat die naturel nie meer as 'n baie beperkte mate van voordeel uit opvoeding kan trek nie.

197. Ek dink dat die naturel altyd 'n minderwaardige en onderdanige posisie in die samelwing behoort in te neem.

198. Ek neem nie 'n persoon kwalik as hy iemand uitbuit wat homself daaraan blootstel nie.

199. Ek dink dat al wat die naturel nodig het om hom gelukkig te maak, die bevrediging van sy stoflike behoeftes is.

200. Ek neem niemand dit kwalik as hy probeer om alles in te palm wat hy in die hande kan kry nie.

201. Somtyds voel ek eenvoudig ellendig, sonder enige goeie rede hoegenaamd.

202. Niemand bekommer hom veel oor wat met jou gebeur nie.

203. Ek vind dikwels dat ek te laat tot 'n besluit gekom het.

204. My besluite word beïnvloed deur hoe ek toevallig op daardie tydstip voel.

205. Ek verkies om by skoolmaats of mense wat ek ken, maar vir 'n lang tyd nie gesien het nie, verby te stap, behalwe as hulle eerste met my begin praat.

206. Ek is daarteen om geld aan bedelaars te gee.

207. Ek reken dat die wit gemeenskap in hierdie land aan die sendelinge 'n groot mate van werklike erkentlikheid verskuldig is vir die manier waarop hulle probeer het om die naturel op te hef.

208. Ek moes al soms hard optree teenoor mense wat onmanierlik of lastig was.

209. Ek sê dikwels dinge waaroor ek later weer spyt kry.

210. Dit gebeur dikwels dat ek op die ingewing van die oomblik handel sonder dat ek eers die saak oorweeg.

211. Ek het moeilikheid daarmee om altyd betyds op plekke te kom.

212. Ek is dikwels in gedagte versink selfs wanneer ek veronderstel is om aan 'n gesprek deel te neem.

213. Dit laat my na 'n mislukking voel as ek hoor hoe suksesvol iemand is wat ek goed ken.

214. Ek is soms opgeruimd, soms neerslagtig, sonder enige sigbare oorsaak.

215. Ek is geneig om my kring van kennise te beperk tot 'n paar uitgesoektes.

216. Daar is sekere mense aan wie ek so 'n afkeur het, dat ek innerlik bly voel as hulle in die moeilikheid beland oor iets wat hulle gedoen het.

217. Ek het al dikwels gevind dat mense jaloers is op my goeie idees net omdat hulle nie eerste daaraan gedink het.

218. Ek is daar sterk van oortuig dat die witman hom nie in Suid-Afrika kan handhaaf nie, tensy hy 'n onderskeid teenoor die naturel maak.

219. Ek probeer nooit om my swak opinie van 'n persoon of my jammerte vir hom te verbloem sodat hy nie moet weet hoe ek voel nie.

220. Die feit dat die naturel geen eie noemenswaardige beskwaing ontwikkel het voor die witman in hierdie land gekom het nie, is vir my meer as voldoende bewys van sy ingebore minderwaardigheid.

221. Ek volhard met 'n taak al lyk dit asof ek nie resultate behaal nie.

222. Dit maak my ongeduldig wanneer iemand my raad kom vra of my op 'n ander wyse onderbreek wanneer ek aan iets belangriks werk.

223. Ek reël my daaglikse aktiwiteite sodanig dat daar min verwarring ontstaan.

224. Ek beplan gewoonlik voordat ek iets begin doen.

225. Wanneer 'n man by 'n vrou is, dink hy gewoonlik aan dinge wat in verband staan met haar geslag.

226. Kinders moet oor al die belangrikste feite omtrent seks onderrig ontvang.

227. Op skool was dit vir my baie swaar om voor die klas te praat.

228. As adolessent, (of jong kind) het ek dikwels met verkeerde geselskap omgegaan.

229. Ek neem dikwels besluite waaroor ek later spyt kry.

230. Ek pak dikwels nuwe dinge aan sonder om te wag tot ek klaar is met dié waaraan ek besig was.

231. Ek maak soms geskenke oop voordat ek veronderstel is om dit te doen.

232. Ek stel in te veel dinge belang.

233. Ek hou daarvan om baie sosiale afsprake te hê.

234. Ek twis selde met my familielede.

235. Ek meng maklik en goed met ander mense.

236. Ek raak maklik verveeld.

237. Ek verloor maklik my geduld met mense.

238. Voor die naturel nie meer tyd en beter geleentheid kry om te wys wat hy kan doen nie, meen ek dat dit dwaas is om 'n oordeel oor hom te probeer vel.

239. Ek voel dat 'n persoon reeds sy skoolloopbaan moet voltooi het en 'n vaste betrekking moet beklee, voordat hy ernstig aan trou kan dink.

240. Ek voel aangetrokke tot lede van die teenoorgestelde geslag.

241. Ek hou van lang dames.

242. Ek sou graag 'n joernalis wil wees.

243. Dit sou my nie verleë maak as ek tussen 'n groep mense gevra sou word om 'n bespreking te begin of om my mening te gee oor iets wat ek goed ken nie.

244. Ek sou graag aan verskeie sosiale klubs behoort.

245. Ek het geen vyande wat my regtig kwaad wil aandoen nie.

246. Ek verkies om met die mees populêre mense bevriend te raak.

247. Ek word soms kwaad.

248. Ek weet vir wie van meeste van my moeilikhede verantwoordelik is.

249. Ek dink byna enigeen sal 'n leuen vertel om moeilikheid te vermy.

250. Ek word maklik in 'n agrument gewen.

251. Ek is geneig om by sosiale geleenthede op die agtergrond te bly.

252. Ek het al soms persone gedwarsboom wat probeer om iets te doen, nie omdat dit baie belangrik was nie, maar net om die beginsel daarvan.

253. Ek hou van sosiale omgang met mense.

254. Ek is lief vir partytjies en gesellige byeenkomste.

255. Ek is lief om te gaan dans.

256. Ek geniet sosiale byeenkomste bloot vanweë die saamwees met mense.

257. Ek terg soms diere.

258. Ek hou daarvan om ander poetse te bak.

259. Ander persone beskou my as 'n opgewekte persoon.

260. As 'n mens met polisiemanne en regeringsamptenare te doen het, is dit altyd 'n onaangename besigheid.

261. Ek hou nie daarvan om vrouens te sien rook nie.

262. Dit maak my woedend as ek dinge nie vir myself kan doen op die manier wat ek graag wil nie.

263. Ek kan byna nooit waag om aan my woede uitdrukking te gee teenoor mense nie, uit vrees dat ek hulle liefde of agting sal verloor.

264. Ek raak maklik gekrenk deur ander.

265. Ek word dikwels so ergerlik vir iemand wat voor my in 'n tou probeer indruk dat ek met die persoon daaroor praat.

266. Ek is geneig om buierig te wees.

267. Soms voel ek 'n sterk drang om iets skadeliks of skokkends te doen.

268. Ek hou van drama.

269. By tye geniet ons dit om seergemaak te word deur diegene wat ons liefhet.

270. Ek voel dikwels jammer dat ek so kwaai en nors is.

271. Menige ordentlike persoon word 'n skurk of misdadiger omdat hy nie kan uithou om so baie rondgegooi te word nie.

272. Ek voel dikwels geïrriteerd.

273. Perde wat nie trek nie, behoort geslaan of geskop te word.

274. Ek was af en toe met die gereg in die moeilikheid.

275. Ek raak soms verward wanneer dinge te vinnig gebeur.

276. Die meeste mense word in motorongelukke gedood as gevolg van hul eie roekelose bestuur.

277. Ek kan maklik ander mense vir my bangmaak en doen dit soms om my te vermaak.

278. Daar is twee soorte mense in hierdie wêreld: die swakkes en die sterkes.

279. Ek is seker die lewe behandel my stief.

280. Ek sonder dikwels tyd af om net dinge te bepeins.

281. As mense nie hulle mes vir my ingehad het nie, sou ek baie meer suksesvol gewees het.

282. Ek probeer aanvoel waaraan mense dink wanneer hulle met my praat.

283. Ek glo dat ek agtervolg word.

284. Soms geniet ek dit om mense wat ek liefhet seer te maak.

285. Ek vind dikwels dat ek in bepeinsing verdiep is.

286. Op skool was my punte vir gedrag taamlik gereeld laag.

287. Ek voel soms of ek dinge kan vermorsel.

288. Soms voel ek gedwonge om òf myself òf iemand anders seer te maak.

289. Ek glo dat die meeste skedules en roetines onnodig is.

290. By tye voel ek of ek iemand met die vuis kan bydam.

291. Ek word maklik kwaad maar kom gou daaroor.

292. Mense sê dikwels dat ek heethoofdig is.

293. My doen en late is bietjie sonder plan.

294. Ek kry nooit woede aanvalle nie.

295. Dit vat lank voor ek kwaad word.

296. Ek verander dikwels van opinie omtrent sake.

297. Iemand probeer my besteel.

298. Ek glo dat 'n komplot teen my gesmee word.

299. Ek bestee nie te veel aandag aan my klere nie.

300. Ek reken dat dit belangrik is om alles wat ek aanpak te voltooi.

301. Ek het nie respek vir mense wat deur hul emosies oorheers word nie.

302. My voorkeure en afkeure is geneig om baie dikwels te verander.

303. Ek hou daarvan om te flirt.

304. Ek sou myself as 'n onbesorgde persoon beskryf.

305. Oor die algemeen voel ek asof ek geen sorge ter wêreld het nie.

306. Gedurende die afgelope paar jare was ek meeste van die tyd gesond.

307. Ek is nie bang vir vuur nie.

308. Ek sou van 'n betrekking as buitelandse korrespondent van 'n koerant hou.

309. Ek hou daarvan om dinge te beplan en om te besluit wat elke persoon behoort te doen.

310. Ek volg altyd die reël: sake voor vermake.

311. Ek hou daarvan om bevele te maak en om dinge aan die gang te kry.

312. Ek het 'n goeie geheue.

313. Vuilis maak my bang of walg my.

314. Dit is vir my moeilik om natuurlik op te tree as ek by vreemde mense is.

315. 'n Sterk persoon wys nie sy emosies of gevoelens nie.

316. Ek het sterk politieke oortuigings.

317. Ek sou 'n goeie leier van mense uitmaak.

318. Ongehoorsaamheid aan enige regering is nooit geregverdig nie.

319. By verkiesings stem ek soms vir persone van wie ek baie min weet.

320. My planne het al dikwels so vol probleme gelyk, dat ek hulle moes opgee.

321. Een of meer lede van my familie is baie senuweeagtig.

322. Ek voel verleë voor mense wat ek nie goed ken nie.

323. Ek sou liewers nie baie verantwoordelikheid vir ander mense dra nie.

324. Ek moet erken dat dit my kwaad maak as ander mense met my daaglikse aktiwiteite inmeng.

325. Soms geniet ek dit om persone wat ek lief het, seer te maak.

326. Elke burger behoort die tyd te spandeer om meer van landsake te wete te kom, selfs al beteken dit dat hy persoonlike plesier daarvoor moet prysgee.

327. Wanneer iemand gekke of onnosele dinge praat omtrent iets waarvan ek weet, probeer ek hom reghelp.

328. Ek is 'n beter spreker as luisteraar.

329. Ek is bereid om myself as 'n taamlike "sterk" persoonlikheid te beskryf.

330. Ek gaan byna elke week kerk toe.

331. Dit hinder my wanneer iets onverwags my daaglikse roetine onderbreek.

332. Ek word gou kwaad maar dan gaan dit weer gou oor.

333. As ek terneergedruk voel, sal iets opwindends my byna altyd in 'n beter stemming bring.

334. Ek het definitief 'n gebrek aan self-vertroue.

335. Ek twyfel of ek 'n goeie leier sou uitmaak.

336. Dikwels steek ek die straat oor teneinde iemand wat ek sien nie te ontmoet nie.

337. Wanneer ek tussen 'n groep mense verkeer, vind ek dit moeilik om die regte dinge te dink om oor te praat.

338. Ek vind dikwels dat ek myself oor iets bekommer.

339. Ek word baie gespanne en angstig wanneer ek dink dat ander mense afkeurend teenoor my staan.

340. Daardie persoon aan wie ek as kind die meeste geheg was en wat ek die meeste bewonder het, was 'n vrou (moeder, suster, tante of ander vrou.)

341. Ek het nog nooit besonder senuweeagtig geraak oor moeilikheid waarin lede van my familie beland het nie.

342. Ek voel simpatiek teenoor mense wat geneig is om aan hul droefhede en moeilikhede te bly vashou.

343. My ouers het dikwels beswaar gemaak teen die soort mense met wie ek omgegaan het.

344. Ek het in my skooljare taamlik dikwels stokkies gedraai.

345. Gewoonlik hou ek nie daarvan om veel te praat nie, behalwe wanneer ek by mense is wat ek baie goed ken.

346. Ek haat dit om vir andere te sê wat hulle moet doen.

347. Ek hou soms aan met 'n ding totdat andere hulle geduld met my verloor.

348. Ek hou nie daarvan om enige taak te onderneem tensy ek 'n taamlike goeie idee het van hoe dit sal uitwerk nie.

349. Ek het al probleme teengekom wat so vol moontlikhede was dat ek nie in staat was om daaroor te besluit nie.

350. Gewoonlik moet ek eers ophou en nadink voordat ek handel, selfs in nietige sakies.

351. Soms voel ek dat ek met buitengewone groot gemak oor iets kan besluit.

352. Ek hou nie daarvan as sake onseker en onvoorspelbaar is nie.

353. My slaap is onderbroke en onrustig.

354. Ek voel baie dikwels moeg.

355. Ek het nog nooit besonder senuweeagtig geraak oor moeilikhede waarin lede van my familie beland het nie.

356. Wanneer pryse hoog is, kan 'n mens nie 'n mens kwalik neem as hy soveel geld maak as hy kan solank dit te kry is nie.

357. Ek is baie lief vir jag.

358. Ek neem gewoonlik aktief deel aan die vermaaklikheid op partytjies.

359. Ek dink ek sou daarvan hou om gesag oor andere mense te hê.

360. As ek by die huis weggaan, bekommer ek my nie daaroor of die deur gesluit en die vensters toe is nie.

361. Ek doen baie dinge wat ek later berou. (Dit spyt my blykbaar meer of ek het blykbaar meer dikwels spyt as ander.)

362. Ek moet erken dat dit vir my moeilik sou wees om as hegte vriend te hê, iemand wie se maniere of voorkoms hom ietwat afstootlik maak, maak nie saak hoe briljant of goedhartig hy ookal mag wees.

363. Dit is vir my moeilik om 'n gesprek met vreemdelinge aan te knoop.

364. Soms kan 'n onbenullige gedagte in my kop kom en my hinder.

365. Ek droom dikwels oor dinge wat ek liefs vir myself moet hou.

366. Ek vind dit moeiliker om te konsentreer as wat ander mense dit blykbaar vind.

367. Ek voel gewoonlik senuweeagtig en ongemaklik op 'n formele dans of party.

368. Ek sou ongemaklik voel in iets anders as redelik konvensionele kleredrag.

369. Ek neem niemand daarvoor kwalik dat hy alles probeer inpalm wat hy in hierdie lewe kan kry nie.

370. Ek hou nie daarvan om voor 'n groep mense te moet praat nie.

371. Ek vind dat 'n goed georderde leefwyse met gereelde tye, die beste by my geaardheid pas.

372. Ek is baie stadig om oor iets te besluit.

373. Ek is baie geneig om my oor te gee aan 'n peinsende, broeiende gekwel.

374. Ek het nie die regte soort lewe gelei nie.

375. Ek voel nie in staat om enigiemand alles omtrent myself te vertel nie.

376. Baie van die meisies wat ek op Universiteit ken, gaan met 'n kêrel uit, bloot ter wille van wat hulle uit hom kan kry.

377. Ek is in staat om vriendelik te wees teenoor mense wat dinge doen wat ek as verkeerd beskou.

378. Dit lyk of mense hulle vanselfsprekend na my wend wanneer besluite geneem moet word.

379. By tye kry ek buie van onbeheerbare lag of huil.

380. As ek verveeld raak, hou ek daarvan om 'n bietjie opwinding gaande te maak.

381. Ek moet erken dat ek 'n taamlik goeie prater is.

382. Ek bekommer my nooit oor my voorkoms nie.

383. Ek bloos feitlik nooit.

384. My hande het nie lomp en onhandig geword nie.

385. Ek is nie vir spinnekoppe bang nie.

386. Ek kwel my selde oor my gesondheid.

387. Ek probeer om goeie stories te onthou sodat ek hulle aan andere kan oorvertel.

388. Ek raak ergerlik vir myself as ek een of ander probleem op my gebied nie kan verstaan nie, of as ek nie vordering maak met 'n probleem wat ek ondersoek nie.

389. 'n Mens hoef jou nie oor ander te bekommer nie solank jy vir jouself sorg.

390. Ek bly ten alle koste uit die moeilikheid.

391. Ek het nog nooit flou geword nie.

392. As ek 'n kunstenaar was, sou ek graag kinders wil teken.

393. Ek is nie die tipe wat 'n politieke leier kan wees nie.

394. Ek voel senuweeagtig as ek 'n klomp mense moet ontmoet.

395. Ek kry dikwels brandende, jeukende, kriewelrige of "aan-die-slaap-raak" gevoelens in my ledemate.

396. Ek moet erken, ek probeer eers uitvind wat andere dink voordat ek standpunt inneem.

397. Daar is geleenthede waar ek soos 'n lafaard optree.

398. Ek sou verkies dat mense nie van my hou nie, eerder as dat hulle op my neersien.

399. Ek sou graag 'n verhoog- of rolprentakteur (-aktrise) wil wees.

400. Ek hou daarvan om oor seks te gesels.

401. Wanneer ek tussen 'n groep is, neem ek gewoonlik die verantwoordelikheid op my om mense aan mekaar voor te stel.

402. Dit sou my nie senuweeagtig maak as een van my familielede met die gereg bots nie.

403. By tye hoor ek so goed dat dit my hinder.

404. My vel is skynbaar buitengewoon gevoelig vir tasgewaarwordinge.

405. Christus het wonderwerke gedoen soos om water in wyn te verander.

406. Ek vind dit moeilik om 'n taak wat ek aangepak het, opsy te sit, selfs vir 'n kort tydjie.

407. Kritiek of berisping laat my baie ongemaklik voel.

408. Mense behoort nie belasting vir skole te betaal, as hulle nie kinders het nie.

409. Ek hou daarvan om groepe mense toe te spreek.

410. Ek hou daarvan om kos te kook.

411. My manier van dinge doen word maklik deur ander misverstaan.

412. Ek voel meesal swak oor my hele liggaam.

413. As ek 'n kunstenaar was, sou ek graag blomme wil teken.

414. Ek kan eerlik sê dat ek nie omgee om my belasting te betaal nie, aangesien ek voel dat dit een van die dinge is wat ek kan doen vir wat ek van die gemeenskap ontvang.

415. Ek hou daarvan om te flirt.

416. Ek is fisies net so gesond as die meeste van my vriende.

417. Ek het 'n natuurlike begaafdheid om mense te beïnvloed.

418. Ek hou regtig baie van perdry.

419. Tuis het ons altyd die gewone noodsaaklikhede gehad (soos genoeg kos, klere ens.).

420. Ek hou daarvan om blomme te versamel en potplante te kweek.

421. Ek het een of meer keer elke maand diarree.

422. Ek was al dikwels in die middel van die nag vreesbevange.

423. As ek op 'n komitee dien, hou ek daarvan om in beheer van sake te wees.

424. Wanneer die gemeenskap 'n besluit neem, behoort elke mens te help met die uitvoering daarvan, al was hy ook daarteen.

425. Alles is besig om netso te gebeur as wat die Bybel voorspel het.

426. Ek woon nooit 'n sekserige vertoning by as ek dit kan vermy nie.

427. Sekere diere maak my senuweeagtig.

428. Ons behoort Europa te los om self sy probleme te bowe te kom; hulle is self verantwoordelik vir hulle moeilikhede en moet die gevolge daarvan dra.

429. Ek was al bang daarvoor om in 'n nou kamertjie of 'n klein, geslote plekke te beland.

430. Ek het nog nooit moeilikheid ondervind om my balans te behou as ek loop nie.

431. Ek het meeste van die tyd 'n hoes.

432. Ek het al 'n paar baie buitengewone religieuse ervarings gehad.

433. Ek dink ek is gewoonlik 'n leier in my groep.

434. Ek sou bereid wees om self geld te gee teneinde vir 'n onreg te vergoed, selfs al was ek nie in die eerste plek daarby betrokke nie.

435. Indien nodig behoort ons ons verbruik van olie te verminder sodat daar genoeg oorbly vir die mense van vyftig of 'n honderd jaar in die toekoms.

436. Sommige mense is so baasspelerig dat ek voel of ek die teenoorgestelde van wat hulle vra kan doen, al weet ek dat hulle reg is.

437. Onderwysers kla baie oor hul salarisse, maar dit kom my voor asof hulle soveel kry as wat hulle verdien.

438. Ek het al tye beleef waartydens my gedagte nie wou werk nie, my handelinge onderbreek is, en ek nie geweet het wat om my aangaan nie.

439. Ek hou nie daarvan om dames te sien rook nie.

440. Wanneer ek by mense is, het ek las daarvan dat ek heel snaakse dinge hoor.

441. Ek glo dat my sondes onvergeeflik is.

442. Ek voel baie dikwels moeg.